

**Maroela Media as openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes:  
Die geval van grondonteiening sonder vergoeding**

deur

**Elaine Krige**

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in  
Joernalistiek in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit

Stellenbosch



**Studieleier: Dr. Marnet Jordaan**

**Desember 2019**

## Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Elaine Krige

Desember 2019

Kopiereg © 2019 Universiteit Stellenbosch

Alle regte voorbehou

## **Bedankings**

Graag bedank ek die volgende persone vir hul deurlopende hulp en ondersteuning in die saamstel van hierdie tesis:

My man, Pieter Krige. Dankie dat jy my liefhet en in my glo, veral wanneer ek self sukkel hiermee. Dankie vir jou ongelooflike ondersteuning en bemoediging die afgelope paar jaar. Dankie dat jy verstaan het wanneer ek moes studeer en ook vir al die hulp met die voorbereiding en storing van die data vir hierdie tesis. Woorde kan nie beskryf hoe baie ek jou waardeer nie.

My studieleier dr. Marenet Jordaan. Sonder jou insiggewende, spoedige en deeglike insette sou hierdie tesis beslis nie 'n sukses gewees het nie. Ek bedank jou ook vir die goeie raad en die omgee wat jy deurgaans aan my verleen het. Ek kyk op na jou as joernalis, akademikus en mentor.

My ouers Martin en Annette Swanepoel. Baie dankie vir die afgelope dertig jaar se liefde en opofferings. Dankie dat julle my inspireer om altyd beter te wil wees as wat ek is en my geleenthede gebied het wat ek beslis nie as vanselfsprekend kan aanvaar nie.

Die personeel van Maroela Media, wat geduldig al my vrae beantwoord en moeite gedoen het om soveel moontlik inligting tot by beskikking te stel. Julle het my werk soveel makliker gemaak en bygedra tot 'n belangrike stuk navorsing waarby Maroela Media hopelik ook sal baat vind.

Ek bedank ook graag my God en hemelse Vader vir die finansiële en intellektuele vermoë wat hy aan my toevertrou het, sodat ek kon studeer. In alles beleef ek Sy hand en liefde in my lewe en daarsonder sou alles wat ek aanpak verseker vergeefs wees.

## Opsomming

Vanweë die toenemende verengelsing van openbare ruimtes soos die staatsdiens, opvoedkundige instellings en howe, het dit vir Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners nodig geword om hulle na digitale platforms te wend om deel te neem aan openbare gesprekke oor politieke kwessies wat vir hulle van belang is. Maroela Media, as die grootste Afrikaanse nuuswebtuiste, is ideaal geposisioneer om aan lede van hierdie taalgroep toegang te bied tot 'n Afrikaanse openbare sfeer, waartoe alle lede van dié gemeenskap geredelik toegang het en waar hulle vrylik aan openbare debatte kan deelneem. Die navorsing het onderneem om te bepaal tot watter mate Maroela Media aan hierdie ideaal voldoen. Ten einde Maroela Media se rol en effektiwiteit met betrekking tot die skep van 'n Afrikaanse openbare sfeer te ondersoek, het die navorser 'n kombinasie van die beginsels van die Ubuntu-benadering tot etiek en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer as teoretiese raamwerk gebruik. Data is ingesamel deur semi-gestruktureerde onderhoude met redaksielede van Maroela Media te voer en leserskommentare wat op die webtuiste gepubliseer is in te win. Die politieke kwessie van grondonteiening sonder vergoeding is as fokus vir die studie gebruik. Data is deur middel van kwalitatiewe inhoudsontleding ontleed ten einde bepaalde bevindings te maak, wat die navorser in staat gestel het om die studie se navorsingsvrae te beantwoord. Hoewel die webtuiste vir talle Afrikaanssprekendes toegang tot die openbare sfeer bied en 'n verskeidenheid lesers se opinies verteenwoordig, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat Maroela Media nie aan die beginsels van 'n ideale netwerk-aangedrewe openbare sfeer binne die konteks van Ubuntu voldoen het tydens gesprekke oor grondonteiening sonder vergoeding nie. Deur die aard van leserskommentare op Maroela Media te ondersoek, kon die navorser lig werp op die rol van Afrikaanse nuuswebtuistes, en in die besonder Maroela Media, om aan Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners toegang tot 'n openbare sfeer in hul moedertaal te bied.

## Abstract

Due to increasing Anglicisation of public spaces like the civil service, educational institutions and the courts, it has become necessary for Afrikaans-speaking South Africans to make use of digital platforms in order to take part in public discussions about political issues that concern them. Maroela Media, as the largest Afrikaans news website, is ideally positioned to provide members of this language group an Afrikaans public sphere that is easily accessible and where they can freely take part in public discussions in their mother tongue. The researcher undertook to determine to what extent Maroela Media lives up to this ideal. In order to investigate Maroela Media's role and efficiency in creating an Afrikaans public sphere, this researcher used a combination of the principals of the Ubuntu approach to ethics and the networked public sphere as theoretical framework. Data was collected through semi-structured interviews with members of Maroela Media's editorial staff, and through gathering readers' comments published on the website. The political issue of land expropriation without compensation was used as focus for this study. In order to make the necessary findings that enabled the researcher to answer the research questions, the data was analysed through qualitative content analysis. Although Maroela Media does provide access to the public sphere to a large part of the Afrikaans community and represents a variety of readers' opinions on the website, this researcher came to the conclusion that Maroela Media did not comply with the principals of an ideal networked public sphere functioning within the context of Ubuntu during conversations about land expropriation without compensation. By examining the nature of readers' comments on Maroela Media, this researcher managed to provide insight into the role of Afrikaans news websites, and Maroela Media in particular, in providing Afrikaans-speaking South Africans access to a public sphere in their mother tongue.

# Inhoudsopgawe

<b>Verklaring</b> .....	<b>ii</b>
<b>Opsomming</b> .....	<b>iii</b>
<b>Abstract</b> .....	<b>v</b>
<b>Inhoudsopgawe</b> .....	<b>vi</b>
<b>Lys van tabelle</b> .....	<b>viii</b>
<b>Lys van addenda</b> .....	<b>viii</b>
<b>Hoofstuk 1: Inleiding</b> .....	<b>1</b>
1.1 Agtergrond.....	1
1.2 Navorsingsprobleem.....	3
1.3 Definisie van sleutelterme .....	4
1.4 Fokus .....	5
1.5 Bondige literatuuroorsig.....	5
1.6 Probleemstelling .....	7
1.7 Teoretiese uitgangspunte .....	8
1.8 Navorsingsvrae .....	9
1.8.1 Algemene navorsingsvraag.....	9
1.8.2 Spesifieke vrae.....	10
1.9 Navorsingsontwerp en metodologie .....	10
1.9.1 Steekproef.....	10
1.9.2 Data-invordering.....	11
1.9.3 Data-ontleding .....	11
1.10 Struktuur van hoofstukke .....	12
<b>Hoofstuk 2: Literatuuroorsig</b> .....	<b>14</b>
2.1 Inleiding.....	14
2.2 Die internet as openbare sfeer .....	15
2.3 Politieke gesprekke op die internet .....	18
2.4 Debatte en mediagesprekke rondom grondonteiening sonder vergoeding .....	19
2.5 Kommentaarafdelings op nuuswebtuistes .....	20
2.6 Die internet en digitale gemeenskappe.....	24
2.7 Die digitale openbare sfeer in Afrikaans .....	27
2.8 Maroela Media as openbare platform.....	28
2.9 Gapings in bestaande literatuur .....	30
2.10 Samevatting .....	31
<b>Hoofstuk 3: Teoretiese raamwerk</b> .....	<b>32</b>
3.1 Inleiding.....	32

3.2 Die netwerk-aangedrewe openbare sfeer .....	33
3.2.1 Die media en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer .....	33
3.2.2 Kritiek jeens die netwerk-aangedrewe openbare sfeer .....	35
3.3 Die Ubuntu-benadering as morele filosofie .....	37
3.3.1 Ubuntu as raamwerk vir die media.....	38
3.3.2 Kritiek jeens die Ubuntu-benadering as morele filosofie .....	39
3.3.3 Ubuntu binne die Suid-Afrikaanse mediakonteks .....	41
3.4 Algemene teoretiese uitgangspunt.....	42
3.5 Samevatting .....	43
<b>Hoofstuk 4: Navorsingsmetodologie.....</b>	<b>44</b>
4.1 Inleiding.....	44
4.2 Kwalitatiewe navorsingsontwerp .....	44
4.3 Data-invordering .....	46
4.3.1 Steekproefneming.....	46
4.3.2 Semi-gestruktureerde onderhoude .....	48
4.3.3 Invorder van leserskommentare op Maroela Media .....	51
4.4 Data-ontleding .....	52
4.5 Etiese oorwegings.....	54
4.6 Samevatting .....	57
<b>Hoofstuk 5: Bevindings.....</b>	<b>59</b>
5.1 Inleiding.....	59
5.2 Bespreking van bevindings .....	60
5.2.1 Tema 1: Maroela Media as platform vir konstruktiewe debatvoering.....	61
5.2.3 Tema 3: Verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekendes se opinies .....	73
5.3 Samevatting .....	81
<b>Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en slot.....</b>	<b>83</b>
6.1 Inleiding.....	83
6.2 Opsomming van literatuur, teorie en navorsingsmetodologie.....	83
6.2.1 Literatuuroorsig .....	83
6.2.2 Teoretiese raamwerk.....	84
6.2.3 Navorsingmetodologie .....	85
6.3 Beantwoording van navorsingsvrae .....	86
6.4 Algemene gevolgtrekking .....	91
6.5 Beperkings van die studie.....	91
6.6 Aanbevelings aan Maroela Media .....	93
6.7 Aanbevelings vir toekomstige navorsing .....	93
<b>Verwysings.....</b>	<b>95</b>

## **Lys van tabelle**

Tabel 4.1: Besonderhede van Maroela Media se redaksieledes wat aan die navorsingstudie deelgeneem het.....	51
Tabel 5.1: Uiteensetting van die vier temas waarin data gekodeer is .....	60

## **Lys van addenda**

Addendum A: Maroela Media Toestemmingsbrief .....	110
Addendum B: Voorbeeld van toestemmingsbrief aan deelnemers .....	111
Addendum C: Bewys van etiese klaring .....	114
Addendum D: Skriftelike verklaring vanaf Maroela Media .....	117
Addendum E: Skriftelike verklaring vanaf die Skoleondersteuningsentrum.....	118
Addendum F: Vraelys vir semi-gestruktureerde onderhoude .....	119



# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Agtergrond

Weens die toenemende verengelsing van Suid-Afrikaanse universiteite, howe en die staatsdiens, bestaan die vrees dat Afrikaanssprekendes nie langer 'n openbare ruimte sal hê waar hul opinies en belange voldoende verteenwoordig word nie (Chabalala, 2017; Pelser, 2017; Rap, 2018). Volgens Dan Roodt, direkteur van die Pro-Afrikaanse Aksiegroep, bied Afrikaanse koerante nie meer vir die Afrikaner 'n behoorlike platform nie. Deur die internet kan Afrikaners hulself mobiliseer en “vryheid verkry” (Roodt, 2012).

In antwoord op hierdie vrese het verskeie webtuistes ontstaan waar Afrikaanssprekendes uitdrukking kan gee aan hul menings en bekommernisse (The Media Online, 2014; Die Afrikaanse Opinieplatform, 2014; Lombaard, 2017).

Omdat die navorser self 'n Afrikaanssprekende is, wat ook in haar moedertaal 'n opinie sou wou lewer oor sake wat haar raak, het sy tyd begin spandeer op van hierdie platforms. Uit haar eie ervaring het die navorser egter onder die indruk gekom dat debatte en opinies wat hier gelewer word, dikwels nie verteenwoordigend is van alle Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners nie. Die navorser was ook nie gretig om self in debatte betrokke te raak nie, weens die beledigende en oningeligte kommentaar wat dikwels op hierdie platforms teenwoordig is.

Die navorser se werksaamhede as joernalis in die Afrikaanse media, asook haar posisie as skakelbeampte vir 'n instansie binne die Solidariteit Beweging<sup>1</sup>, het 'n belangstelling gewek in die manier waarop veral Afrikaanssprekendes in die media verteenwoordig word.

Derhalwe het die navorser begin wonder of digitale platforms werklik daarin slaag om alle Afrikaanssprekendes se belange te verteenwoordig of aan hulle ruimte bied om aan openbare gesprekke deel te neem.

Volgens Statistieke Suid-Afrika se gemeenskapsopname praat net 12% (6,8 miljoen) van Suid-Afrikaners Afrikaans by die huis (Lehohla, 2016). Die meerderheid (60%) van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is swart (Cameron, 2017). Dieselfde opname deur Statistieke Suid-Afrika wys dat 76% van die bruin bevolking Afrikaans praat by die huis, teenoor 59% van wittes wat Afrikaans as huistaal het (Lehohla, 2016).

---

<sup>1</sup> Die Solidariteit Beweging bestaan uit 18 instansies, insluitend Maroela Media, wat elk 'n onafhanklike doel het om bepaalde leemtes binne die gemeenskap te vul (Solidariteit, g.d.). Die oorkoepelende doel van hierdie organisasies is om 'n toekoms te skep vir die Afrikaner-kultuurgemeenskap en Afrikaanse taalgemeenskap (Solidariteit, g.d.).

Een digitale platform wat poog om aan Afrikaanssprekendes 'n openbare ruimte vir gesprekvoering te bied, is Maroela Media. Dié nuuswebtuiste is 'n inisiatief van die Solidariteit Beweging (Solidariteit, g.d.), dieselfde instansie in wie se diens die navorser is. Maroela Media onderneem openlik om 'n virtuele ruimte te skep waar Afrikaanssprekendes kan deel voel van 'n “digitale Afrikaanse gemeenskap” (Maroela Media, g.d.). Met 1,9 miljoen unieke maandelikse besoekers is Maroela Media die grootste Afrikaanse nuuswebtuiste in Suid-Afrika (S. van Heerden, persoonlike kommunikasie, Junie 2, 2019).

Volgens die webtuiste, wat in 2011 tot stand gekom het, het Maroela Media ten doel om inligting van belang vir die Afrikaanse gemeenskap te lewer en 'n kuierplek vir Afrikaanssprekendes te wees (Maroela Media, g.d.). Die webtuiste wil ook 'n platform vir debat en die uitspraak van gesonde menings bied vir kwessies wat Afrikaanses raak (Maroela Media, g.d.).

Volgens Kobus Bezuidenhout, web- en tegniese bestuurder van Maroela Media, beskik Maroela Media nie oor enige demografiese inligting met betrekking tot die ras of kleur van lesers omdat “dit nie vir ons belangrik is watter kleur ons lesers is nie, maar dat hulle Afrikaans is,” sê Bezuidenhout (persoonlike kommunikasie, Junie 27, 2019). Hy sê Maroela Media doen wel moeite om bruin lesers in te sluit, aangesien hulle 'n groot persentasie van die Afrikaanse gemeenskap uitmaak. Maroela Media bereik veral bruin lesers deur samewerking met verskeie bruin gemeenskapsradiostasies en kan uit lesers se terugvoer en kommentaar op berigte aflei dat al meer bruin mense Maroela Media lees (K. Bezuidenhout, persoonlike kommunikasie, Junie 27, 2019).

Een van die maniere waarop Maroela Media se lesers aan die openbare gesprek kan deelneem, is om onder aan berigte wat aanlyn verskyn kommentaar te lewer. Enige leser mag kommentaar lewer op enige nuusberig of opiniestuk binne 48 uur nadat die berig gepubliseer is (Maroela Media, g.d.). Kommentare wat nie neerkom op haatspraak of eksplisiet rassisties of kru is nie word geplaas sonder om dit vooraf te modereer (Maroela Media, g.d.). Maroela Media het egter die reg om kommentare te verwyder indien dit nie voldoen aan die bepalings en voorwaardes, soos uiteengesit op die webtuiste, nie (Maroela Media, g.d.). Hierdie bepalings en voorwaardes sluit in dat kommentare beleefd moet wees en nie uitlokkend, irrelevant, rassisties, seksisties of aanstootlik mag wees nie (Maroela Media, g.d.). Ander lesers mag nie persoonlik aangeval word nie en kommentaar mag ook nie neerkom op haatspraak of aanhitsing tot geweld nie (Maroela Media, g.d.). Lesers kan ook briewe instuur, wat dan deur die redakteurs vir publikasie op die webtuiste oorweeg word.

Bogenoemde doelstellings en voorwaardes vir deelname aan digitale gesprekke laat talle vrae ontstaan oor die rol van Maroela Media as openbare platform vir Afrikaanssprekendes: Voldoen Maroela Media aan die vereistes van 'n ideale openbare ruimte? Het alle

Afrikaanssprekendes toegang tot hierdie ruimte en die geleentheid om vrylik hul opinies te lewer en deel te neem aan gesprekke oor kwessies wat hulle raak? Is Maroela Media werklik 'n platform vir konstruktiewe debat en gesonde opinies rakende kwessies wat vir Afrikaanssprekendes belangrik is?

In 'n poging om antwoorde op hierdie en verwante vrae te vind, fokus hierdie navorsingstudie op leserskommentare wat gelewer is onder aan berigte oor grondonteiening sonder vergoeding wat in 2018 op Maroela Media geplaas is.<sup>2</sup>

## 1.2 Navorsingsprobleem

Digitale kommunikasietegnologie, en in besonder die internet, het die vermoë om die publiek se toegang tot die openbare sfeer<sup>3</sup> te vergemaklik (Benkler, 2006:8-9; Luqiu, 2018:667, 669). Omdat 'n toeganklike, effektiewe openbare sfeer noodsaaklik is vir 'n gesonde demokrasie, speel die media 'n uiters belangrike rol binne 'n demokratiese samelewing (Rodny-Gumede, 2015:108-109).

Nuwe digitale tegnologie slaag egter nie altyd in hierdie doelstelling nie. Tydens 'n studie oor die *New York Times* se webtuiste as openbare sfeer, bevind Matačinskaitė (2011:100) dat lesers se deelname aan en toegang tot die aanlyngemeenskap beperk word, omdat nie almal toegang het tot die internet of weet hoe om digitale inligtingstegnologie te gebruik nie. Leserskommentare word ook deur die redakteurs gemodereer en hulle het dus nie totale vryheid om hul opinie te lewer nie (Matačinskaitė, 2011:101).

Jürgen Habermas, 'n Duitse sosioloog wie se invloedryke navorsing oor die openbare sfeer steeds moderne navorsers inspireer (Wessler & Freudenthaler, 2017), het in 'n onderhoud in 2014 gesê dat die internet gemeenskappe en opinies fragmenteer (Schwering, 2014). Hy meen ook dat die werklik belangrike onderwerpe en opinies wat politieke optredes kan verander dikwels verlore raak tussen die magdom inligting op die internet (Schwering, 2014).

Soos in afdeling 1.1 genoem, is Afrikaanssprekendes afhanklik van digitale platforms om in hul moedertaal aan die openbare sfeer deel te neem, aangesien die fisiese openbare sfeer grotendeels verengels het. Aangesien daar aanduidings is dat digitale platforms nie altyd daarin slaag om 'n effektiewe platform vir openbare debat en deelname vir alle lede van die publiek te bied

---

<sup>2</sup> Die navorser sal in afdeling 1.4 verder uitbrei op die keuse van grondonteiening sonder vergoeding as fokus vir die steekproef.

<sup>3</sup> Die konsep van 'n openbare sfeer word in afdeling 1.3 uiteengesit. In kort verwys dit na 'n openbare ruimte waar lede van die samelewing oor belangrike sake kan debatteer (Habermas, 1989:236).

nie, is dit nodig om te bepaal tot watter mate Maroela Media lede van die Afrikaanse gemeenskap toegang bied tot 'n unieke openbare sfeer in hul moedertaal.

### 1.3 Definisie van sleutel terme

**Afrikaanse gemeenskap:** Hiermee word verwys na die 6,8 miljoen Suid-Afrikaners wie se moedertaal Afrikaans is (Lehohla, 2016). Dit sluit Suid-Afrikaners van verskillende rasse en kulture in (Lehohla, 2016; Cameron, 2017).

**Digitale kommunikasietegnologie:** Digitale kommunikasie verskil van tradisionele kommunikasie, omdat die internet nuwe voorwaardes en omstandighede skep waarbinne kommunikasie plaasvind (Finnemann, 2011:74). Digitale kommunikasie bied ook meer toegang tot die skep en versprei van inligting, anders as tradisionele media waar slegs 'n klein groep mense toegang tot hierdie middele het (Enjolras & Steen-Johnsen, 2017:102). Jordaan (2018:10) definieer digitale kommunikasietegnologie as platforms of formate wat staatmaak op digitale verbindings om inhoud te produseer. Digitale platforms se wisselwerking met beide menslike en nie-menslike rolspelers beïnvloed die konteks waarbinne hierdie rolspelers funksioneer (Jordaan, 2018:10).

**Digitale gemeenskappe:** 'n Groep individue wat gemeenskaplike belange deel en sosiaal verkeer deur die gebruik van digitale platforms om met mekaar in gesprek te tree (Malinen, 2015:229; Beardsley, 2017).

**Netwerk-aangedrewe openbare sfeer:** Habermas (1989:236) definieer die openbare sfeer as 'n sosiale ruimte, waar lede van die publiek kan vergader om te debatteer oor algemene sake wat van belang is vir die samelewing. Ná die koms van die internet het openbare gesprek egter na 'n digitale ruimte verskuif (Benkler, Roberts, Faris, Solow-Niederman & Etling, 2013:5; Baillie-Stewart, 2017:47). Hierdie ruimte word gekenmerk deur digitale netwerke wat mense aan mekaar verbind, ongeag verskille in tyd en ruimte (Castells, 2000:693). Dit behels ook groter interaksie tussen lede van die gehoor en die media (Friedland, Hove & Rojas, 2006:9; Benkler, 2011:372). Daarom beskryf Benkler (2006:7) hierdie nuwe openbare sfeer as 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer.

**Kommentaarafdelings:** Hierdie is ruimtes op digitale nuuswebtuistes wat lesers die geleentheid bied om persoonlike kommentaar op aanlynnuusberigte te lewer (Friemel & Dötsch, 2015:151; Wu & Atkin, 2017:62). So kry lesers die geleentheid om hul idees en opinies oor sake in die nuus te publiseer (Friemel & Dötsch, 2015:151; Wu & Atkin, 2017:62).

**Grondonteiening sonder vergoeding:** Ná 1994 is grond in Suid-Afrika op 'n basis van vrywillige koper-verkoper onteien om onregverdige verdeling van grond gedurende Apartheid reg te stel

(Kepe & Hall, 2016:4). 'n Voorgestelde wysiging aan die Grondwet sal egter tot gevolg hê dat die Suid-Afrikaanse regering geregtig is daarop om grond sonder vergoeding te onteien, met die doel om grondhervorming te bespoedig (Ndong, Mzolo & Bensiali-Hadaud, 2018:3).

**Ubuntu-benadering:** Die woord Ubuntu is 'n Afrika-gesegde en beteken “'n mens deur ander mense” (Metz, 2015:75). Die Ubuntu-benadering is 'n Afrika-filosofie wat geskoei is op die tradisionele Afrika-waardes van medemenslikheid, wedersydse respek en harmonie en kan gebruik word as alternatief vir Westerse morele riglyne (Ugangu, 2012:120, 133).

#### **1.4 Fokus**

Grondonteiening sonder vergoeding is 'n groot bron van kommer en debat onder lede van die Afrikaanse gemeenskap (Grondonteiening wyd verwerp, 2017; Janeke, 2018). Die herverdeling van grond moes ná 1994 'n oplossing bied vir die rasse-ongelykheid in Suid-Afrika wat teweeg gebring is deur die Apartheidsregering (Kepe & Hall, 2016:6). Grond is aanvanklik op die basis van vrywillige koper-verkoper onteien en boere is markverwante bedrae aangebied vir hul grond (Kepe & Hall, 2016:4).

Voorheen-benadeelde Suid-Afrikaners het egter gekla dat grondhervorming te stadig plaasvind en dat wittes steeds té veel landbou- en ekonomiese grond besit (Kepe & Hall, 2016:30). Gevolglik het die parlement op 27 Februarie 2018 'n mosie aanvaar om die Grondwet te verander sodat grondonteiening sonder vergoeding kan plaasvind (Ndong, Mzolo & Bensiali-Hadaud, 2018:3). 'n Kommissie is aangestel om te ondersoek of en hoe die Grondwet verander moes word en teen einde Julie 2018 het pres. Cyril Ramaphosa aangekondig dat die Grondwet verander sou word om onteiening sonder vergoeding in bepaalde gevalle toe te laat (Marrian, 2018).

Na aanleiding van bogenoemde gebeure het Maroela Media tussen Februarie en Augustus 2018 gereeld oor die onderwerp berig gelewer, wat talle leserskommentare opgelewer het.

#### **1.5 Bondige literatuuroorsig**

'n In-diepte soektog op akademiese databasisse soos Google Scholar en die Universiteit Stellenbosch se biblioteekcatalogus wys daar is tot op hede min navorsing gedoen oor die bestaan van 'n digitale openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes. Ten tyde van dié studie was daar nog geen navorsing beskikbaar oor Afrikaanse nuuswebtuistes, en veral Maroela Media, se vermoë om Afrikaanssprekendes se toegang tot en deelname aan die openbare sfeer te bevorder nie. Daar is dus

'n behoefte aan navorsing wat Afrikaanse nuuswebwerwe oor die algemeen, en Maroela Media in besonder, se effektiwiteit as openbare sfeer ondersoek.

Navorsing is wel gedoen oor digitale kommunikasietegnologie, soos die internet, as platform vir die openbare sfeer. Hierdie navorsing bevind onder meer dat die internet die vermoë het om die openbare sfeer meer inklusief en toeganklik te maak vir lede van die publiek en dus demokrasie kan bevorder (França, 2014:1-55; Graham, 2015:1-28; Dyke-Beyer, 2018:114). Navorsing dui egter ook aan dat die internet dikwels nie in hierdie doel slaag nie (Matačinskaitė, 2011:100-101; Rasmussen, 2014:1326; Dyke-Beyer, 2018:113). 'n Suid-Afrikaanse studie oor die effektiwiteit van Twitter as openbare sfeer wys byvoorbeeld dat dié sosiale mediaplatform lede van die gemeenskap gelyke toegang tot 'n verskeidenheid opinies bied (Dyke-Beyer, 2018:114). Dit versuim egter om die openbare sfeer meer toeganklik te maak, omdat min Suid-Afrikaners toegang tot die internet het (Dyke-Beyer, 2018:113). França (2014:4) bevind ook dat die gebruik van digitale kommunikasietegnologie deur plaaslike radiostasies in Afrika die openbare sfeer vergroot. Dit is omdat meer mense kan deelneem aan openbare gesprekke op hierdie radiostasies (França, 2014:4). Die openbare sfeer bly egter vir meeste Afrikane ontoeganklik, aangesien hulle nie toegang tot die internet het nie (França, 2014:39).

Nietemin bevind Pretorius (2016:372) dat Afrikaanssprekendes die afgelope 15 jaar toenemend gebruik maak van digitale ruimtes om sosiaal te verkeer, koerant te lees en navorsing te doen (Pretorius, 2016:378). Hierdie digitale ruimtes neem dus die rol van fisiese ruimtes as openbare platform oor.

Die internet is ook 'n plek waar mense met gedeelde belange en waardes saamkom om 'n digitale gemeenskap te vorm (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:84; Luqiu, 2018:665). Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé en Larrea (2014:87) beskryf 'n digitale gemeenskap as 'n groep mense met dieselfde doel, wie se interaksie plaasvind en ondersteun word deur rekenaarsistelsels. Digitale kommunikasietegnologie bied hierdie gemeenskappe die geleentheid om as verenigde front 'n sterker teenargument te bied vir die hoofstroom-narratief (Luqiu, 2018:665). In 'n studie oor minderheidstaalgroepe in China bevind Luqiu (2018:665) dat digitale kommunikasietegnologie hierdie gemeenskappe die geleentheid bied om hul kollektiewe belang en identiteit te bevorder en opinies te lewer wat strydig is met die hegemonesse boodskap vanaf die regering.

Heelwat navorsing is ook gedoen oor kommentaarafdelings onder aan berigte op nuuswebtuistes, as 'n gewilde manier vir lede van die publiek om aan openbare debatte deel te neem (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:84; Toepfl & Piwoni, 2015:3-33; Graham, 2015:15). Graham (2015:15) wys daarop dat kommentaarafdelings onder aan nuusberigte die

geleentheid skep vir 'n verskeidenheid opinies om gelewer te word. Hierdie diversiteit verbeter die kans dat die minderheid se stem of opinie gehoor sal word (Graham, 2015:15). Toepfl en Piwoni (2015:27) bevind ook dat kommentare op 'n aantal Duitse nuuswebwerwe effektief aangewend word om 'n sigbare teenargument vir die hoofstroomdebat te bied.

In 'n 2016-studie oor die sluiting van News24 se kommentaarafdeling sê respondente egter dat kommentaar op aanlynplatforms dikwels nie bydra tot konstruktiewe debat nie, maar eerder ander lesers aanval (McKenzie, 2017:89). In onderhoud voer joernaliste aan dat kommentare op News24 in sommige gevalle selfs debat ingeperk, eerder as bevorder, het (McKenzie, 2017:89).

Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé en Larrea (2014:94) bevind ook tydens 'n inhoudsontleding van kommentare op aanlyn sportswebtuistes dat net 1,5% van besoekers aan die webtuiste wel kommentaar lewer. Dit is dus net 'n handjievol verbruikers wat aan die gesprek deelneem en moontlik ander mense se opinies vorm en beïnvloed (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé en Larrea, 2014:94).

Uit hierdie bondige literatuuroorsig is dit duidelik daar is tans 'n leemte met betrekking tot navorsing en kennis oor 'n digitale openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes oor die algemeen en by Maroela Media in besonder. Die betrokke navorsing lewer dus 'n bydrae tot akademiese kennis oor hierdie onderwerp en vul die leemte in bestaande navorsing oor die openbare sfeer.

## **1.6 Probleemstelling**

Hierdie studie bepaal die effektiwiteit van Maroela Media as openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes, in ooreenstemming met sy missie- en visiestellings. Deur semi-gestruktureerde onderhoud met redaksielede en kwalitatiewe ontleding van leserskommentare op Maroela Media stel die navorser ondersoek in na die aard van leserskommentare oor grondonteiening sonder vergoeding. Die navorser stel vas of die leserskommentare wat op Maroela Media verskyn relevant is tot bogenoemde onderwerp en bydra tot konstruktiewe debat. Die navorsing bepaal of die platform toeganklik is vir alle groepe binne die Afrikaanse kultuurgemeenskap en almal 'n gelyke geleentheid bied om 'n verskeidenheid opinies te lug. Die navorsing het ten doel om 'n beter begrip te genereer oor die doeltreffendheid van 'n digitale openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes. Die bevindings van die studie kan ook vergelyk word met studies oor ander Afrikaanse webtuistes of soortgelyke digitale netwerke.

## 1.7 Teoretiese uitgangspunte

Die navorser wend die normatiewe rol van die media vanuit 'n Ubuntu-perspektief, tesame met die basiese beginsels van 'n netwerk-gedrewe openbare sfeer, as teoretiese onderbou aan vir 'n ondersoek na Maroela Media se rol in die skep van 'n openbare sfeer.

Die navorser voer aan dat die openbare sfeer in 'n digitale media-era as 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer beskryf kan word. Habermas (1989:27) beskryf die openbare sfeer as 'n sosiale ruimte waar lede van die publiek kan vergader om te debatteer oor algemene beleid wat van toepassing op die samelewing is. Habermas se aanvanklike beskrywing van die openbare sfeer is egter vinnig besig om te verander (Beckett, 2012:9). Die ontstaan van digitale sosiale aanlynnetwerke, en veral die internet, verteenwoordig die skuif na 'n meer demokratiese en interaktiewe openbare sfeer, bekend as 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer (Benkler, 2006:7).

Hierdie netwerk-aangedrewe openbare sfeer, sê Benkler (2006:7), word gekenmerk deur die vryheid wat individue het om kennis en inligting aanlyn te skep en te versprei. Die internet is dus 'n beter platform vir politieke debat en diskoers om plaas te vind as tradisionele massamedia, wat net 'n stem aan 'n elite groep gee (Benkler, 2006:7-8). Volgens Benkler (2006:8) moet 'n ideale openbare sfeer alle lede van die samelewing toegang en geleentheid bied om hul opinies, idees en waarnemings te lig. Die onderwerpe en inhoud van die openbare sfeer moet relevant wees tot die politieke ruimte en moet openbare opinies tot so 'n mate beklemtoon dat dit politieke beleide en -besluitneming beïnvloed (Benkler, 2006:8-9). Benkler (2006:7-9) redeneer dat die netwerk-aangedrewe openbare sfeer, in die vorm van die internet, aan hierdie ideale kan voldoen.

Maroela Media, 'n Afrikaanse nuuswebtuiste, het ten doel om 'n digitale Afrikaanse gemeenskap te vestig waar Afrikaanssprekendes van reg oor die wêreld gratis inligting kan ontvang en met mekaar in gesprek tree (Maroela Media, g.d.). Die webtuiste probeer ook toegang tot inligting vergemaklik deur die gebruik van verskeie digitale platforms, sodat almal toegang kan hê tot die webtuiste (Maroela Media, g.d.). Soos in afdeling 1.1 genoem, wil Maroela Media ook 'n platform vir debat en uitspraak van menings daar stel, oor onderwerpe wat vir Afrikaanssprekendes van belang is (Maroela Media, g.d.) Dit stem dus grotendeels ooreen met die eienskappe van 'n netwerk-gedrewe openbare sfeer.

Die navorser redeneer verder dat Maroela Media, as 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer, behoort te voldoen aan die normatiewe beginsels van die Ubuntu-benadering.

Ubuntu, 'n Afrika-benadering tot etiek, is 'n normatiewe teorie wat die waardes van waardigheid, harmonie en medemenslikheid beklemtoon (Oosthuizen, 2014:41). Hiervolgens word



individue gevorm deur hul gemeenskap en mense maak staat op persoonlike verhoudings met ander om hul volle potensiaal as mens te ontwikkel (Oosthuizen, 2014:41).

Die rol van die media binne 'n Ubuntu-raamwerk is dus hoofsaaklik om 'n gemeenskap se idees, bekommernisse en opinies voor te stel (Oosthuizen, 2014:41). Volgens Ugangu (2012:128) moet die media alle lede van die gemeenskap verteenwoordig, veral dié wat onderdruk word of in die minderheid is. Die Ubuntu-benadering bepaal ook die media moet die gemeenskap aanmoedig om in debatte oor belangrike sake betrokke te raak en almal in die samelewing geleentheid bied om aan hierdie debatte deel te neem (Ugangu, 2012:125). Maroela Media wil die bekommernisse en menings van die Afrikaanse gemeenskap bevorder (Maroela Media, g.d.). Die webtuiste moedig ook kritiese denke en debat aan, in oorstemming met die beginsels van Ubuntu (Maroela Media, g.d.). Soos vroeër genoem word Afrikaans deur 'n minderheid Suid-Afrikaners gepraat (Daniels, 2018) en is die taal boonop onder druk weens verengelsing van die openbare sfeer (Chabalala, 2017; Pelser, 2017). Daarom kan die navorser redeneer dat Afrikaanssprekendes 'n minderheidsgroep is, wat deur Maroela Media verteenwoordig behoort te word.

Media wat voldoen aan die normatiewe waardes van Ubuntu moet verder lede van die gemeenskap aangemoedig om aan alle aspekte van die openbare sfeer deel te neem (Ugangu, 2012:125).

Aangesien die normatiewe doelstellings van Ubuntu en die netwerk-gedrewe openbare sfeer ooreenstem met Maroela Media se eie doelstellings is die navorser van mening dat 'n kombinasie van hierdie twee benaderings 'n effektiewe teoretiese raamwerk bied, waarvolgens Maroela Media se effektiwiteit as openbare sfeer gemeet kan word.

## **1.8 Navorsingsvrae**

Die probleemstelling wat in afdeling 1.6 uiteengesit is, word aangespreek deur die volgende algemene en spesifieke navorsingsvrae te beantwoord:

### **1.8.1 Algemene navorsingsvraag**

Hoe bevorder Maroela Media Afrikaanssprekendes se toegang tot en deelname aan die openbare sfeer, met spesifieke betrekking tot gesprekke rondom grondonteiening sonder vergoeding?

## **1.8.2 Spesifieke vrae**

SV1: Wat is die aard van kommentare oor grondonteiening sonder vergoeding wat op die platform gelewer word?

SV2: Hoe toeganklik is Maroela Media vir lede van die Afrikaanse gemeenskap?

SV3: Wie se opinies en insette word op Maroela Media verteenwoordig?

## **1.9 Navorsingsontwerp en metodologie**

Die navorser gebruik kwalitatiewe navorsingsmetodes om data in te vorder oor Maroela Media se rol binne die openbare sfeer. Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord, voer die navorser semi-gestruktureerde onderhoude met lede van Maroela Media se redaksie en win leserskommentare oor grondonteiening sonder vergoeding in. Terugvoer vanaf redaksielede en leserskommentare word dan afsonderlik deur middel van kwalitatiewe inhoudsontleding ontleed.

### **1.9.1 Steekproef**

Soos in afdeling 1.4 genoem, word die onderwerp van grondonteiening sonder vergoeding as fokus gebruik, om te beskryf hoe die webtuiste vir Afrikaanssprekendes toegang tot die openbare sfeer verskaf.

Die aantal Maroela Media-redaksielede waarmee onderhoude gevoer word, word beperk tot redaksielede wat kommentare in 2018 gemonitor het. Die navorser kon op grond van voorlopige navrae vasstel dat nege redaksielede tussen Februarie en Augustus 2018 gehelp het om kommentare oor grondonteiening te monitor en briewe en opiniestukke op die webtuiste te publiseer. Hierdie redaksielede word vir semi-gestruktureerde onderhoude genader.

Wat leserskommentare betref, fokus die navorser op berigte wat tussen 27 Februarie 2018 en 30 Augustus 2018 op Maroela Media gepubliseer is. Maroela Media het in hierdie tydperk gemiddeld vyf keer 'n week oor hierdie onderwerp berig gelewer. Volgens Friemel en Dötsch (2015:155) lewer lesers gewoonlik die meeste kommentaar onder aan kontroversiële politieke nuusberigte wat aanlyn gepubliseer word. Die navorser is van mening dat die groot hoeveelheid leserskommentare wat in 2018 onder aan berigte oor grondonteiening sonder vergoeding verskyn het genoeg navorsingsmateriaal bied ten einde 'n geloofwaardige gevolgtrekking oor Maroela Media se rol met betrekking tot die openbare sfeer te kan maak.

### 1.9.2 Data-invordering

Semi-gestruktureerde onderhoude met lede van Maroela Media se redaksie, wat kommentare modereer en kies watter opinies op die webtuiste gepubliseer word, verskaf inhoud vir ontleding. Onderhoude het ten doel om 'n dieper insig te verkry oor redaksielede se sienings oor leserskommentare en die manier waarop kommentare gemonitor word.

Kwalitatiewe onderhoude kan effektief aangewend word om te ontdek hoe respondente oor 'n bepaalde saak dink en kan agtergrondinligting bied oor die redes vir respondente se optrede of woordkeuses (Wimmer & Dominick, 2011:193).

Vrae fokus op redaksielede se opinies oor die aard van kommentare en insette wat op Maroela Media gelewer word, asook kommentare wat verwyder word. Die onderhoude word telefonies of persoonlik gevoer, nadat die navorser skriftelike toestemming van redaksielede gekry het om aan die studie deel te neem.

Die navorser vorder ook leserskommentare in wat onder aan berigte oor grondonteiening sonder vergoeding geplaas is. Die navorser gebruik die soekwoorde “grondonteiening”, “onteiening sonder vergoeding”, “grondgrype” en “grondhervorming” om relevante berigte en opiniestukke op te spoor. Hierdie terme is deur Maroela Media self gebruik as sleutelwoorde wanneer berigte en opiniestukke oor grondonteiening sonder vergoeding geplaas word. Alle leserskommentare onder aan hierdie berigte word dan onttrek en in 'n MS Excel-dokument vir ontleding geplaas.

### 1.9.3 Data-ontleding

Die navorser maak gebruik van kwalitatiewe inhoudsontleding om data wat ingevorder is, te ontleed.

Zhang en Wildemuth (2009:1) beskryf kwalitatiewe inhoudsontleding as die proses waardeur temas en patrone binne tekste uitgelig word, eerder as om te tel hoeveel keer 'n bepaalde woord of idee binne 'n teks voorkom. Hierdie metode stel navorsers in staat om die werklikheid op 'n subjektiewe, dog wetenskaplike manier te verstaan (Zhang & Wildemuth, 2009:1).

Na aanleiding van bogenoemde literatuuroorsig, sowel as die teoretiese uiteensetting van Ubuntu en die netwerk-gedrewe openbare sfeer, het die navorser drie eienskappe geïdentifiseer waaraan die media moet voldoen ten einde 'n effektiewe netwerk-gedrewe openbare sfeer binne die raamwerk van Ubuntu te skep. Hierdie eienskappe word in meer besonderhede in Hoofstuk 4 uiteengesit. Dit dien as breë, aanvanklike kategorieë vir kwalitatiewe inhoudsontleding van data wat deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude sowel as leserskommentare ingesamel is. Die eienskappe of kategorieë behels dat Maroela Media

- 'n platform moet bied vir kritiese denke en debatvoering;
- vryheid van spraak en toegang aan alle lede van die Afrikaanse gemeenskap moet verseker; en
- alle lede van die Afrikaanse gemeenskap op gelyke basis moet verteenwoordig.

Gedurende die ontleding van data kan daar egter ander kategorieë na vore kom, wat kan bydra tot die ontleding van die teks. Die navorser sal dan die kategorieë aanpas na gelang van nuwe inligting wat voorkom.

## **1.10 Struktuur van hoofstukke**

### **Hoofstuk 1: Inleiding**

Die eerste hoofstuk het agtergrond gebied en motivering verskaf vir die keuse van die navorsingsonderwerp, hoe die navorsing uitgevoer sal word en watter teoretiese onderbou gebruik word tydens die navorsingsproses. Die navorsingsprobleem, probleemstelling en navorsingsvrae is ook uiteengesit.

### **Hoofstuk 2: Literatuuroorsig**

In die tweede hoofstuk gee die navorser 'n oorsig van bestaande navorsing wat verband hou met die navorsingsprobleem. Dit sluit in navorsing oor die internet as platform vir 'n openbare sfeer, digitale gemeenskappe en kommentaarafdelings op nuuswebtuistes. Die navorser identifiseer ook die leemte in bestaande navorsing wat deur hierdie navorsing gevul word.

### **Hoofstuk 3: Teoretiese raamwerk**

Die navorser gebruik hierdie hoofstuk om die teoretiese onderbou van die navorsing uiteen te sit. Die navorser identifiseer die kenmerke van beide die netwerk-aangedrewe openbare sfeer en die Ubuntu-benadering, soos dit van toepassing is tot die betrokke navorsing. Die navorser verduidelik ook waarom hierdie twee benaderings saam 'n gepaste teoretiese onderbou vir die navorsingstudie bied.

### **Hoofstuk 4: Navorsingsmetodologie**

In hierdie hoofstuk verduidelik die navorser hoe sy te werk gegaan het om data in te vorder en te ontleed ten einde die navorsingsvrae te beantwoord. Die navorser sit die aspekte van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp uiteen, verduidelik hoe die bepaalde steekproef geïdentifiseer is en lig die etiese implikasies van die navorsing uit.

## **Hoofstuk 5: Bespreking van die bevindings**

In hoofstuk vyf word die bevindings uiteengesit wat deur middel van kwalitatiewe inhoudsontleding van die data te voorskyn gekom het.

## **Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en slot**

Die navorser gee in hierdie hoofstuk 'n samevatting van al die vorige hoofstukke en verwys ook na die bevindings om elk van die onderskeie navorsingsvrae te beantwoord. Die hoofstuk bevat ook etlike beperkings van die navorsing en aanbevelings oor toekomstige navorsing wat onderneem kan word.

## Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

### 2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk verskaf ’n oorsig van die literatuur wat op die navorsingsfenomeen van toepassing is. Die literatuuroorsig speel ’n belangrike rol in die uiteensetting van die kennis en teorie wat verband hou met ’n betrokke navorsingstudie (Nakano & Muniz, 2018:1). Nakano en Muniz (2018:1) is van mening dat ’n deeglike literatuurstudie die basis vorm van enige goeie navorsingsprojek.

’n Behoorlike literatuurstudie is noodsaaklik om te wys dat die navorser kennis dra van die studieveld (Randolph, 2009:2). Dit moet ook die sleutelkonsepte uiteensit en verduidelik (Nakano & Muniz, 2018:2). Deur ’n omvattende literatuurstudie kan die navorser die omvang en konteks van die probleem beter bepaal en uiteensit (Randolph, 2009:2). Dit is ook belangrik vir die navorser om kennis te neem van die bevindings van vorige navorsing ten einde die gapings in die bestaande kennisveld te identifiseer (Randolph, 2009:2). Verder kan ’n literatuuroorsig die navorser help om denkwyses, sleutel terme en metodes te identifiseer wat tydens soortgelyke navorsing aangewend is (Randolph, 2009:2).

Volgens Randolph (2009:3) het ’n literatuurstudie ten doel om verskeie navorsingstudies te integreer, ten einde ’n bepaalde denkwyse of argumente binne die studieveld te ontsluit. Sodanige literatuuroorsig moet vorige navorsing krities bekyk en sentrale kwessies binne die navorsingsveld identifiseer (Randolph, 2009:3).

In hierdie literatuuroorsig word bestaande navorsing uiteengesit wat betrekking het op die onderskeie navorsingskonsepte. Hierdie konsepte sluit in die internet as openbare sfeer, digitale gemeenskappe en die gebruik van kommentaarafdelings op nuuswebtuistes. Na aanleiding van die literatuuroorsig identifiseer die navorser verskeie gapings in die bestaande kennisliggaam, wat die betrokke navorsingstudie poog om te vul.

Die navorser het die platforms Google Scholar, SABINET en die Universiteit Stellenbosch se biblioteekatalogus aanlyn gebruik om akademiese artikels, berigte en verslae op te spoor wat verband hou met die verskillende navorsingskonsepte. Verskeie kombinasies van die soekwoorde “digitale ruimte”, “Afrikaans”, “digitale platform”, “digitale gemeenskap”, “virtuele gemeenskap”, “internet”, “leserskommentare” en “Maroela Media” is in beide Afrikaans en Engels gebruik om inligting op te spoor. Die verwysingslys van akademiese artikels is ook gebruik om ander relevante navorsingstudies te identifiseer.

In die volgende afdeling word navorsing oor die internet as openbare sfeer uiteengesit.

## 2.2 Die internet as openbare sfeer

Die internet is 'n ruimte waar opinies gevorm word, mense toegang tot inligting kry en hulle aan gesprekke oor 'n verskeidenheid onderwerpe deelneem (Matačinskaitė, 2011:88).

Wu en Atkin (2017:62) sê nuwe media, insluitende die internet, kan die demokratiese funksie van die media versterk deur die openbare sfeer meer toeganklik te maak vir mense met diverse opinies. Deur die gebruik van die internet en sosiale media kan die gemeenskap ook hul eie inhoud skep, eerder as om bloot idees vanaf media-eienaars te aanvaar (Mahlouly, 2013:3). Mediaverbruikers het dus groter vryheid van spraak danksy die internet (Mahlouly, 2013:3).

Hierdie verhoogde interaktiwiteit van mediaverbruikers gee aanleiding tot die ontstaan van 'n digitale openbare sfeer (Wu & Atkin, 2017:62). Die digitale openbare sfeer word nie bedreig deur groot media-entiteite en is nie onderworpe aan regeringsbeheer nie (Baillie-Stewart, 2017:35). Daarom het meer mense die geleentheid om deel te neem aan gesprekke en hul kommer oor kwessies te lug, ongeag wat hul posisie in die samelewing is (Baillie-Stewart, 2017:37). Dit stem ooreen met die bepaling van 'n demokratiese bestel, wat bepaal dat alle lede van die samelewing die geleentheid moet kry om hul stem te laat hoor en veral politieke sake te bespreek (Rasmussen, 2014:1316). Nuuswebtuistes, redeneer De la Poype en Sood (2012:32), is ideaal geïmplementeer om toegang tot die openbare sfeer te bied, omdat dit 'n platform aan lede van die publiek verskaf om inhoud te skep en direk met mekaar in gesprek te tree. Hierdie navorser sou dus aanvoer dat Maroela Media as aanlynplatform ook die potensiaal behoort te hê om toegang tot die openbare sfeer te verskaf.

Sommige navorsing dui egter daarop dat die internet nie aan sy potensiaal voldoen om die openbare sfeer te demokratiseer nie. Matačinskaitė (2011:101) bevind in 'n studie oor die *New York Times* se digitale kommentaarafdeling dat die webtuiste wel eienskappe van 'n openbare sfeer toon, aangesien lesers hul opinies kan lug oor sake wat hulle raak. Dit is egter nie 'n ideale openbare sfeer nie, omdat lesers nie kan kies waaroor hulle wil praat nie en kommentare eers goedgekeur moet word voordat dit op die webtuiste gepubliseer word (Matačinskaitė, 2011:101).

Ander navorsers meen digitale platforms verteenwoordig nie noodwendig 'n verskeidenheid opinies nie, omdat verbruikers gewoonlik webtuistes besoek of deel word van netwerke waar hul eie opinies bevorder word (Mahlouly, 2013:12). Hierdie verbruikers word dus nie blootgestel aan alternatiewe of teenstrydige opinies nie (Mahlouly, 2013:12; Rasmussen, 2014:1323).

Navorsing is ook reeds gedoen oor wat die effek is van filtreerborrels (sogenaamde *filter bubbles*), oftewel die verpersoonliking van nuus, op die diversifisering van opinies (Borgesius, Trilling, Möller, Bodó, De Vreese & Helberger, 2016:9; Nechushtai & Lewis, 2019:300). Deur

middel van algoritmes kan die nuus wat aan lesers verskaf word, verpersoonlik word om te pas by hul sienings en voorkeure (Nechushtai & Lewis, 2019:299). Kunsmatige intelligensie speel dus 'n groter wordende rol in watter nuus geproduseer en aanlyn versprei word en hoe dit gehore bereik (Nechushtai & Lewis, 2019:299). Kommer bestaan oor die toenemende gebruik van algoritmes, omdat dit die diverse opinies en inligting waaraan lede van die publiek blootgestel word, kan beperk (Borgesius, et al., 2016:4). Indien die gehoor slegs hoor en lees wat vir hulle aanneemlik is, word hulle ontnem van belangrike inligting en opinies wat hulle help om ingeligte politieke besluite te neem (Borgesius, et al., 2016:4).

Borgesius, et al. (2016:9) en Nechushtai en Lewis (2019:302) meen egter dat verpersoonlikte nuus 'n minimale impak op die funksionering van die openbare sfeer in 'n gesonde demokrasie het. Die rede hiervoor is dat dit bitter moeilik is vir 'n mediaverbruiker om totaal afgesny te wees van nuus en teenstrydige opinies (Borgesius, et al., 2016:9; Nechushtai & Lewis, 2019:300). Verbruikers gaan boonop in elk geval selektief met nuus en opinies om, of dit nou in gedrukte media of op digitale platforms is (Borgesius, et al., 2016:9; Nechushtai & Lewis, 2019:300). Benkler (2006:15) argumenteer ook die manier waarop inligting op die internet gefiltreer en aan ander relevante inligting gekoppel word, verseker dat mense wat belangstel in 'n bepaalde onderwerp, inligting ontvang en blootgestel word aan teenstrydige opinies. Op dié manier kan diverse inligting en opinies vanaf verskillende oorde om een sentrale onderwerp gefokus word (Benkler, 2006:15).

Sou die internet wel daarin slaag om 'n wye verskeidenheid mediaverbruikers se opinies te verteenwoordig, kan dit nadelige gevolge hê vir die gehalte en rasionaliteit van openbare diskoers (Mahlouly, 2013:9-10). Dit is omdat internetverbruikers nie noodwendig kundig is oor dié sake waarvoor hulle hul uitspraak op digitale platforms nie. Die gevolg is dat politieke sake nie op 'n kritiese of georganiseerde wyse op die internet benader word nie (Mahlouly, 2013:11).

Die ideale funksionering van die digitale openbare sfeer word verder verhinder deurdat groot dele van die wêreldwye bevolking nie toegang tot die internet het nie. 'n Verslag deur die International Telecommunication Union (2018) wys dat net die helfte (51%) van mense wêreldwyd gebruik maak van die internet. Net minder as 30% van Afrikane maak gebruik van die internet en slegs 20% van Afrikane het toegang tot die internet vanaf hul huise (International Telecommunication Union, 2018). In Suid-Afrika het 64,7% van die bevolking in 2018 toegang tot die internet gehad (Statistieke Suid-Afrika, 2019:57). Slegs 10% van Suid-Afrikaanse huishoudings het in 2018 toegang tot die internet vanaf hul huise gehad (Statistieke Suid-Afrika, 2019:57).

Hoewel ewe veel mans as vroue die internet in Suid-Afrika gebruik, word ouer Suid-Afrikane en dié sonder skoolopleiding klaarblyklik uit die digitale gesprek gelaat (Narratiwe,



2018). Volgens 'n opname deur Narratiive<sup>4</sup> (2018) is meer as 70% van internetverbruikers in Suid-Afrika jonger as 35 jaar en woon in die stad. Meer as 60% het 'n voltydse of deeltydse werk en minder as 20% van internetverbruikers in Suid-Afrika het nie matriek nie (Narratiive, 2018). Bitter min ongeskoolde of werklose Suid-Afrikaners het dus toegang tot die internet. Daarom sal hierdie navorser, saam met Mahloully (2013:17), aanvoer dat slegs uitgesoekte lede van die samelewing die openbare aanlyndebate lei. Gevolglik kan die internet nie as méér inklusief of effektief as enige fisiese openbare sferes beskou word nie.

Verskeie studies beaam Mahloully se stelling dat die internet nie vir almal toeganklik is nie. França (2014:12-55) het navorsing gedoen onder 32 gemeenskapsradiostasies in sewe Afrika-lande, insluitend Suid-Afrika, om te bepaal tot watter mate kommunikasie- en inligtingstechnologie die gehoor se deelname aan die kommunikasieproses beïnvloed. França (2014:39) kom tot die gevolgtrekking dat meer Afrikane kan deelneem aan openbare gesprekke danksy die gebruik van digitale inligtingstechnologie. Desnieteenstaande is die openbare sfeer steeds vir meeste Afrikane ontoeganklik, omdat hulle nie toegang tot die internet en ander digitale hulpmiddels het nie (França, 2014:39). Dyke-Beyer (2018:114) bevind in haar studie oor die effektiwiteit van Twitter as openbare sfeer dat 'n gebrek aan toegang tot die internet die meerderheid Suid-Afrikaners verhoed om aan gesprekke aanlyn deel te neem. Dyke-Beyer (2018:66) het kritiese diskoersanalise gebruik om 'n duisend tweets te ontleed wat verband hou met die hutsmerk #PennySparrow<sup>5</sup>. “Om toegang tot die openbare sfeer te vergemaklik, sal die internet meer bekostigbaar en algemeen beskikbaar moet wees,” bevind Dyke-Beyer (2018:114).

Friemel en Dötsch (2015:153) meen egter die effek van die digitale verdeeldheid neem af soos meer mense wêreldwyd toegang tot die internet kry. Soos internettoegang ook in Suid-Afrika verbeter (Statistieke Suid-Afrika, 2019:57), word dit al belangriker om navorsing te doen oor die manier waarop Suid-Afrikaners die internet gebruik om toegang tot die openbare sfeer te kry.

Hierdie studie probeer vasstel of Maroela Media, as 'n digitale platform in Suid-Afrika, dit wel makliker maak vir alle lede van die Afrikaanse samelewing om toegang tot die openbare sfeer te kry.

Vir die handhawing van 'n gesonde demokrasie is dit veral belangrik om ondersoek in te stel na hoe lede van die publiek digitale media gebruik om betrokke te raak by politieke gesprekke in

---

<sup>4</sup> Narratiive is 'n internasionale maatskappy wat data oor gehore op 'n verskeidenheid platforms invorder.

<sup>5</sup> Penny Sparrow was 'n eiendomsagent van KwaZulu-Natal wat in 2016 sosiale mediaverbruikers woedend gemaak het deur swart vakansiegangers met “ape” te vergelyk in 'n Facebook-plasing (Wicks, 2017).

die openbare sfeer (Graham, 2015:3). In die volgende afdeling bespreek die navorser hoe die internet as openbare sfeer sodanige politieke gesprekke fasiliteer.

### **2.3 Politieke gesprekke op die internet**

Volgens Graham (2015:2) misluk hoofstroommedia daarin om lede van die publiek werklik aktief te laat deelneem aan politieke gesprekke en besluitneming binne 'n demokratiese bestel. In teenstelling hiermee maak die internet dit moontlik vir lede van die publiek om aan onmiddellike, regstreekse gesprekke oor politiek deel te neem (Matačinskaitė, 2011:90). Meesuwan (2016:61) voer aan dat die internet deelname aan politieke gesprekke en aktiwiteite aanmoedig omdat dit goedkoper is vir mense om deel te neem. Die oorfloed inligting wat op die internet beskikbaar is, gee verbruikers ook meer selfvertroue om hul opinies oor politieke kwessies te lug (Meesuwan, 2016:61). Meesuwan (2016:63) wys egter daarop dat 'n toename in arm plattelandse Taiwaneese se deelname aan politieke aktiwiteite op die internet min invloed gehad het op politieke besluitneming oor beleidskwessies, volgens 'n studie in 2012. 'n Verhoogde deelname aan politieke kwessies is dus nie gelykstaande aan 'n toename in die gemeenskap se invloed oor politieke kwessies nie.

Bosch (2017:224) voer aan dat veral sosiale media toenemend gebruik word om mense te mobiliseer en nuwe vorme van openbare protes te fasiliteer. Sosiale media het ook die vermoë om politieke belangstelling onder veral jongmense te kweek en bied hulle die geleentheid om betrokke te raak by politieke gesprekke waaraan hulle nie andersins sou deelneem nie (Bosch, 2017:225). Bosch (2017:226) het meer as 16 000 twiets met die hutsmerk #RhodesMustFall<sup>6</sup>, wat in Maart 2015 gepubliseer is, ontleed. Dit is gedoen om te bepaal watter invloed Twitter op die politieke mobilisering van jeug het (2017:226). Bosch (2017:226) kom tot die gevolgtrekking dat Twitter sentraal was tot die Rhodes Must Fall-beweging aan die Universiteit van Kaapstad.

Deur aan alledaagse politieke gesprekke deel te neem, kan landsburgers hulself beter vergewis van ander se politieke oortuigings, nuwe idees toets en duidelikheid kry oor hul eie politieke voorkeure (Graham, 2015:3). Op dié manier word die gehoor oor 'n tydperk voorberei om tot politieke aksie oor te gaan (Graham, 2015:3). Navorsing dui ook daarop dat mense se kennis van politiek toeneem soos hulle met ander daaroor in gesprek tree en dat hulle dan ook meer verdraagsaam teenoor ander se opinies is (Graham, 2015:4).

---

<sup>6</sup> Die Rhodes Must Fall-beweging was 'n veldtog in 2015 waartydens studente aan die Universiteit van Kaapstad geëis het dat die standbeeld van die koloniale heerser Cecil John Rhodes van die universiteitsgronde verwyder word (Matebeni, 2018).

Dit is dus belangrik om te probeer vasstel of Maroela Media 'n platform bied vir gesprekke oor belangrike politieke kwessies. Een so 'n politieke kwessie is grondonteiening sonder vergoeding (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:2).

## **2.4 Debatte en mediagesprekke rondom grondonteiening sonder vergoeding**

Friemel en Dötsch (2015:155) sê omstrede politieke nuusberigte lok gewoonlik die grootste reaksie en kommentare van lesers. 'n Besondere omstrede politieke kwessie in Suid-Afrika wentel rondom grondonteiening sonder vergoeding (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:2).

Hierdie voorgestelde grondwetlike wysiging behels dat die regering beslag lê op grond sonder om aan die eienaar van die grond 'n bedrag te betaal wat billik en regverdig is (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:2). Tot dusver het die regering 'n beleid van vrywillige koper-verkoper gevolg (Kepe & Hall, 2016:4; Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:3).

Soos in Hoofstuk 1 (afdeling 1.4) genoem, het die parlement egter in Februarie 2018 'n mosie aanvaar om Artikel 25<sup>7</sup> van die Grondwet te wysig ten einde grondonteiening sonder vergoeding in sommige gevalle toe te laat (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:3). Sedertdien gee die media besonder baie aandag aan dié kwessie (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:5). Die mosie het ook groot debat op alle mediaplatforms, insluitende digitale media, ontketen (Ngcebetsha, g.d.). Hierdie debatte het in baie gevalle paniek onder wit boere gesaai en tot spanning tussen verskillende rassegroepe gelei (Ngcebetsha, g.d.).

Juis omdat die debat rondom grondhervorming so kompleks is, is dit belangrik dat die media omvattend en verantwoordelik oor hierdie saak berig lewer (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:12). Die landbou-organisasie Agri SA het Suid-Afrikaners in 2018 gewaarsku om te waak teen onakkurate en valse mediaberigte, nadat die koerant *City Press* verkeerdelik berig gelewer het dat twee plase in Limpopo sonder vergoeding deur die regering opgeëis sou word (Iafrica, 2018).

Die media moet ook verseker dat alle Suid-Afrikaners ingelig word oor hierdie kwessie en geleentheid het om hul opinies te lewer oor grondonteiening sonder vergoeding (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:12). 'n Ontleding van 3 733 nuusberigte tussen Oktober 2017 en September 2018 wys dat berigte oor grondonteiening sonder vergoeding nie verteenwoordigend is van wit Suid-Afrikaners of vroue nie (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:6, 9). Die studie dui daarop dat 75% van die stemme wat in berigte oor grondonteiening sonder vergoeding verteenwoordig

---

<sup>7</sup> Artikel 25.2 van die Grondwet bepaal dat die regering slegs grond mag onteien indien dit in openbare belang is en die eienaar vergoed word vir die grond met 'n bedrag soos ooreengekom of soos deur 'n hof bepaal (Republiek van Suid-Afrika, 1996).

word, dié van swart Suid-Afrikaners is (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:6). Net 12% van die 5 163 bronne wat in hierdie berigte gebruik is, is boonop vroue (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:7). Die stemme wat in bogenoemde berigte verteenwoordig word, is ook nie noodwendig Suid-Afrikaners wat benadeel of geraak word deur grondonteiening sonder vergoeding nie (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:9). Die studie wys dat politieke rolspelers die meerderheid bronne in berigte oor grondonteiening verteenwoordig en dat boere en plaaswerkers slegs 1% van alle bronne uitmaak (Ndong, Mzolo & Bensiali–Hadaud, 2018:10).

Dit is dus duidelik dat die media nie altyd die publiek behoorlik inlig of alle lede van die samelewing verteenwoordig tydens beriggewing oor grondhervorming nie. Die huidige studie kan dus 'n waardevolle bydrae maak deur te probeer bepaal of Maroela Media Afrikaanssprekendes verteenwoordig wat deur grondhervorming geraak word.

Volgens Toepfl en Piwoni (2015:4, 11) is een van die maniere waarop veral minderhede verteenwoordig word en toegang verkry tot politieke gesprekke in die digitale sfeer deur kommentaarafdelings op nuuswebtuistes. Hierdie aspek van die studie word in die volgende afdeling behandel.

## **2.5 Kommentaarafdelings op nuuswebtuistes**

Leserskommentare is tans die gewildste vorm van openbare deelname in Westerse demokrasieë (Toepfl & Piwoni, 2015:4). Juis daarom is daar 'n toename in die hoeveelheid navorsing wat oor hierdie fenomeen gedoen word (Toepfl & Piwoni, 2015:4; Friemel & Dötsch, 2015:151). Volgens die Wêreld-redakteursforum (2013) is aanlynkommentare 'n integrale deel van die nuwe manier waarop nuus aanlyn gepubliseer word. Inhoud wat deur nuusverbruikers geproduseer word, soos leserkommentaar, kan beskou word as 'n verlenging van tradisionele lesersbriewe en bied lesers die geleentheid om met mekaar in gesprek te tree (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:84; McKenzie, 2018:15).

Toepfl en Piwoni (2015:10-11) beskryf die kommentaarafdeling onder aan nuusberigte as 'n openbare sfeer in eie reg, al is dit kleiner en minder invloedryk as nuuswebtuistes self. Hierdie ruimte kan selfs aanleiding gee tot 'n alternatiewe openbare sfeer, wat argumente bevat wat teenstrydig is met dié wat deur hoofstroommedia verteenwoordig word (Toepfl & Piwoni, 2015:11). Kommentaarafdelings bevorder dus demokrasie, omdat minderheidsgroepe die geleentheid kry om hul omstrede opinies te lug en om ander met hul opinies te beïnvloed (Toepfl & Piwoni, 2015:11).

'n Ontleding van leserskommentare onder aan politieke berigte op nege Duitse nuuswebtuistes in 2013 bewys dat driekwart (75%) van kommentare die hegemoniese boodskap van

nuusberigte kontrasteer (Toepfl & Piwoni, 2015:21). Dit bewys die ontstaan van 'n alternatiewe openbare sfeer in kommentaarafdelings (Toepfl & Piwoni, 2015:21). Hierdie teenwerkende openbare sfeer bied die geleentheid vir 'n groter verskeidenheid opinies om geplaas te word as dié wat in nuusberigte aangehaal word (Toepfl & Piwoni, 2015:11).

Toepfl en Piwoni (2015:31) meen egter dit is kommerwekkend dat alternatiewe openbare sfere in kommentaarafdelings ontstaan, aangesien leserskommentare die vermoë het om ander se opinies oor 'n bepaalde saak te beïnvloed. Hierdie verskynsel is problematies, aangesien net 'n klein persentasie van lesers hul kommentaar op digitale nuusplatforms lewer (Lutz & Hoffmann, 2017:13). In 'n ontleding van leserskommentare op verskeie weblogplasinge bevind Rösner en Krämer (2016:10) dat kommentare die vermoë het om ander lesers se opinies oor 'n bepaalde saak in 'n spesifieke rigting te dwing. Tog het navorsers deur middel van 'n inhoudsontleding van internetverbruikers se gesprekke op 'n Spaanse sportwebtuiste in 2012 bevind dat net 1,5% van die webtuiste se verbruikers aktief aan gesprekke op dié platform deelneem (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé en Larrea, 2014:92, 100). Dit is dus net 'n klein groep kernverbruikers wat verantwoordelik is vir meeste van die kommentaar op die webtuiste en wat uiteindelik openbare menings beïnvloed (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:85).

Ná 'n opname van leserskommentare op agt digitale tuistes van Switserse koerante in 2012 kom Friemel en Dötsch (2015:158) boonop tot die gevolgtrekking dat tussen 76% en 82% van lesers wat kommentaar lewer middeljarige mans is (Friemel & Dötsch, 2015:161). Hierdie groep verteenwoordig nie alle lesers se opinies nie (Friemel & Dötsch, 2015:162).

Wanneer dieselfde groep mense deurentyd kommentaar lewer op 'n webtuiste kan dit aanleiding gee tot 'n bevooroordeelde aanlyngesprek, wat uiteindelik uitloop op 'n wanvoorstelling van openbare opinie (Friemel & Dötsch, 2015:155). Hierdie onakkurate voorstelling kan ander lede van die samelewing ontmoedig om hul opinies op digitale platforms te lewer (Friemel & Dötsch, 2015:153). 'n Ontleding van kommentare op Maroela Media kan waardevolle insae bied op hoe Afrikaanssprekendes binne die digitale openbare sfeer verteenwoordig word – en of hierdie aanlyngesprekke dieselfde neigings as internasionale voorbeelde toon.

Nuuspublikasies kan egter steeds baat by leserskommentare, omdat dit lesers na die webtuiste lok en uiteindelik 'n gevoel van samehorigheid onder lesers laat ontstaan (McKenzie, 2018:15). Hierdie gevoel van samehorigheid maak 'n bepaalde nuuswebtuiste meer aanloklik vir lesers (McKenzie, 2018:15).

Kommentaarafdelings skep ook 'n ruimte vir joernaliste om met lesers in gesprek te tree en bied mediaverbruikers die geleentheid om hul insette te lewer (McKenzie, 2017:18; Daily

Maverick, 2019). 'n Opname deur Nielsen (2013:471) onder 583 Amerikaanse joernalistiekstudente bevind dat meeste studente ten gunste is van leserskommentare, juis omdat lesers die kans het om met die nuus en mekaar in gesprek te tree.

Hoewel hierdie kommentare voordelig is vir lesers én nuuspublikasies kan aanstootlike, uitlokkende of rassistiese kommentaar skadelik vir die openbare diskoers en lesers se menseregte wees (Toepfl & Piwoni, 2015:31; McKenzie, 2017:15, 17; Lutz & Hoffmann, 2017:12).

Aggressiewe kommentare sluit in die gebruik van vloekwoorde, direkte of indirekte dreigemente, beledigings en sarkastiese, uitlokkende of negatiewe kommentaar (Rösner & Krämer, 2016:3).

Volgens Rösner en Krämer (2016:2) sê internetverbruikers dikwels dinge aanlyn wat hulle nie vir ander van aangesig tot aangesig sou sê nie, veral indien hulle anoniem kan kommentaar lewer. Die rede hiervoor is dat internetverbruikers nie verantwoordelik voel vir hul dade nie en minder ingeperk voel wanneer hulle aanlyn optree (Cheng, Danescu-Niculescu-Mizil & Leskovec, 2015:61; McKenzie, 2017:33; Wu & Atkin, 2017:63).

Rösner en Krämer (2016:2) sê ook mense tree dikwels op volgens die norme en standaarde van die digitale gemeenskap of groep waarvan hulle deel vorm, veral as hulle met hierdie groep identifiseer. Indien dit dus die norm van die groep is om beledigende kommentaar te lewer, sal individue meer geneig wees om beledigende kommentaar te lewer wanneer hulle binne die aanlyngroep aan gesprekke deelneem (Rösner & Krämer, 2016:2). Mense kyk ook makliker neer op ander binne 'n aanlyngesprek (McKenzie, 2017:38).

Trolle – verbruikers wat konstant aanstootlike en vurige kommentaar lewer om ander uit te lok – doen ook skade aan die waarde van digitale gesprekke (McKenzie, 2017:38). Hierdie gedrag kan lesers met waardevolle bydraes ontmoedig om aan 'n digitale gesprek deel te neem (McKenzie, 2017:39). Dit wil boonop voorkom of veral nuuswebtuistes ontvanklik of aanloklik is vir rassistiese opmerkings of kommentaar wat neerkom op haatspraak (McKenzie, 2017:43). Tydens 'n aanlynopname onder 2 849 Amerikaanse internetverbruikers in 2014 bevind die Pew Research Center<sup>8</sup> dat 42% van volwassenes aanlyn geteister word (Duggan, 2014). Hierdie navorsing dui aan dat 72% van hierdie slagoffers in die kommentaarafdelings van nuuswebtuistes aangeval word (Duggan, 2014). Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé en Larrea (2014:98) se ontleding van leserskommentare op 'n Spaanse sportnuuswebtuiste bevind dat ongeveer 'n vyfde (21%) van kommentare onder aan sportberigte uitgewis word omdat dit aanstootlik of rassisties van aard is.

---

<sup>8</sup> Die Pew Research Center is 'n onafhanklike, nie-winsgewende Amerikaanse organisasie wat data inwin en die publiek inlig oor kwessies, houdings en tendense wat die wêreld vorm gee (The Pew Research Center, g.d.).

Soveel as 70% van kommentare op die agt Switserse nuuswebtuistes wat Friemel en Dötsch (2015:165) ontleed het, word nie geplaas nie, omdat dié kommentare nie aan die webtuiste se riglyne voldoen nie.

Meeste nuuswebtuistes modereer kommentare volgens die bepaalde organisasie se eie riglyne, ten einde debatte en gesprekke van hoë gehalte te verseker (Park, Sachar, Diakopoulos & Elmqvist, 2016:1115; McKenzie, 2017:16). Maroela Media se riglyne bepaal byvoorbeeld dat enigeen 'n bydrae op die webtuiste mag lewer, mits dit vry is van rassisme, seksisme, haatspraak, onvanpaste persoonlike opmerkings en kru of kras taalgebruik (Maroela Media, g.d.). Irrelevante of uitlokkende stellings word ook nie geduld nie (Maroela Media, g.d.). Netwerk24, die tweede grootste Afrikaanse nuuswebtuiste met 1,5 miljoen unieke lesers maandeliks (Ads24, 2019), vereis dat lesers mekaar en die onderwerpe waaroor berig gelewer word, respekteer (Netwerk24, g.d.). Dié webtuiste behou ook die reg om kommentaar te verwyder wat seksisties, rassisties of homofobies is of op haatspraak neerkom (Netwerk24, g.d.).

Die nuuswebtuiste Daily Maverick laat slegs toe dat betalende lesers kommentaar lewer (Daily Maverick, 2019). Verbruikers se lidmaatskap word gekanselleer indien kommentaar teenstrydig is met die webtuiste se beleid (Daily Maverick, 2019). Dit sluit in kommentaar wat beledigend, dreigend of onverdraagsaam is teenoor ander se opinies (Daily Maverick, g.d.).

Ongehoorde inhoud kan ook outomaties uitgewis word deur middel van 'n algoritme (Cheng, Danescu-Niculescu-Mizil & Leskovec, 2015:61).

Sommige webtuistes, soos Maroela Media, beperk die aantal kommentare deur die kommentaarafdeling slegs vir 'n bepaalde tyd ná die publikasie van 'n berig beskikbaar te stel vir nuwe kommentare (Maroela Media, g.d.). Nog 'n oplossing is om verbruikers te dwing om hul werklike identiteit bekend te maak wanneer hulle kommentaar lewer (McKenzie, 2017:46).

Dit word egter al hoe moeiliker om leserskommentare te monitor, omdat die kommentare toenemend aggressief en aanstootlik is (Park, et al., 2016:1114; McKenzie, 2017:15). Daar is ook al hoe minder hulpbronne in die nuuskantoor beskikbaar om kommentare dop te hou (Park, et al., 2016:1114; McKenzie, 2017:15).

Cheng, Danescu-Niculescu-Mizil en Leskovec (2015:62) het deur 'n ontleding van drie digitale gemeenskappe se kommentare bevind dat verbruikers wat anti-sosiale gedrag toon se kommentaar met die verloop van tyd ál meer aanstootlik word. Die studie is oor 'n tydperk van 18 maande gedoen om die aard van anti-sosiale gedrag in kommentaarafdelings te bepaal (Cheng, Danescu-Niculescu-Mizil & Leskovec, 2015:61). Bevindings dui ook aan dat anti-sosiale gedrag aanlyn vererger wanneer die webtuiste teen oortreders optree, soos om hul kommentaar uit te wis

(Cheng, Danescu-Niculescu-Mizil & Leskovec, 2015:62). Dit is boonop nie ideaal om kommentare oormatig te modereer nie, omdat dit aanlyndebate smoor (McKenzie, 2017:44). Die publiek verloor ook vertroue in die publikasie as kommentare te streng gemodereer word (McKenzie, 2017:45).

Suid-Afrikaanse nuuswebtuistes soos News24 en Independent Online het weens sommige van die bogenoemde uitdagings hul kommentaarafdelings gesluit (McKenzie, 2017:16). Die nuuswebtuiste Daily Maverick het in 2016 hul kommentaarafdeling gesluit, omdat hulle nie kon voorbly met die verwydering van rassistiese en lasterlike kommentare nie (Got something to say, 2019). Kommentare is egter weer in 2019 aan betalende lesers oopgestel, omdat die redaksie die insette en terugvoer vanaf lesers as waardevol beskou (Got something to say, 2019).

Redakteurs van Media24 het ook tydens onderhoud met McKenzie (2017:17) aangedui dat hulle besef openbare debat is 'n belangrike manier om sosiale en politieke diskoers meer geloofwaardig te maak. Deur kommentaarafdelings te sluit, word lesers van hierdie noodsaaklike vorm van interaksie ontnem (McKenzie, 2017:18). Indien kommentare van lae gehalte egter toegelaat word om ongesteurd voort te gaan, kan dit skadelik wees vir die kommunikasie van akkurate en betroubare inligting (Park et al., 2016:1115).

Digitale gemeenskappe ontstaan ook in kommentaarafdelings van nuuswebtuistes, soos lesers op mekaar se kommentare reageer en na mekaar verwys (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:85). Hierdie gemeenskappe speel 'n belangrike rol om minderhede toegang tot die openbare sfeer te bied (Luqiu, 2018:665; Jackson, Bailey & Welles, 2018:1874). Die konsep van digitale gemeenskappe word vervolgens aangespreek.

## **2.6 Die internet en digitale gemeenskappe**

Deur die internet kan lede van die gemeenskap in gesprek tree met ander lede wat dieselfde belangstellings het, maar in verskillende geografiese liggings is (Luqiu, 2018:667). 'n Virtuele gemeenskap ontstaan wanneer individue, met gemeenskaplike belangstellings, deur 'n digitale platform aan mekaar verbind word (Beardsley, 2017). Preece (aangehaal in Malinen, 2015:229) beskryf digitale gemeenskappe as 'n aanlyngemeenskap wat bestaan uit mense wat sosiaal met mekaar verkeer en 'n gemeenskaplike doelwit deel. Interaksie tussen lede van hierdie gemeenskap word voorgeskryf deur bepaalde beleide en maak gebruik van rekenaarstelsels om 'n gevoel van samehorigheid te fassiliteer (Preece, aangehaal in Malinen, 2015:229).

Hierdie tipe gemeenskap word veral geken aan 'n gedeelde emosionele verbintenis tussen lede en 'n gevoel van aanvaarding (Malinen, 2015:229). Dit het ook, net soos 'n fisiese gemeenskap, die vermoë om ondersteuning, inligting, vriendskap en aanvaarding tussen vreemdelinge te



bewerkstellig (Beardsley, 2017). Abdelhady (2011:228) sê digitale media is 'n belangrike ruimte waarbinne solidariteit en 'n gesamentlike bewussyn gevorm en uitgedruk word. Volgens Al-Rawi (2017:4) ontstaan digitale gemeenskappe wanneer internetverbruikers aktief met mekaar in gesprek tree, wat 'n gevoel van vriendskap tussen hulle aanwakker. Hierdie gemeenskap bestaan slegs in verbruikers se denke en is onafhanklik van tyd en plek (Al-Rawi, 2017:4).

Die sleutel tot die vorm van 'n digitale gemeenskap is die belange wat individue met mekaar deel (Beardsley, 2016). Volgens Senekal (2015:362) vorm verbindings gewoonlik op grond van taal, kultuur, geloof, ras of politieke oortuigings. Só 'n digitale verbinding doen belangrike werk om minderhede se belange en die identiteit van individuele lede te bevorder en te beskerm (Luqiu, 2018:665; Jackson, Bailey & Welles, 2018:1874). Verskeie kultuurgroepe in China gebruik byvoorbeeld webtuistes en sosiale media ten einde hul onderskeie Chinese dialekte te bevorder (Luqiu, 2018:665). Digitale gemeenskappe het dus 'n belangrike rol om minderhede 'n spreekbeurt te gee, veral wanneer die hoofstroommedia daarin misluk om hierdie persone behoorlik te verteenwoordig (Luqiu, 2018:665; Jackson, Bailey & Welles, 2018:1874). Meesuwan (2016:61) voer ook aan dat internetverbruikers meer geneig is om aan politieke debat deel te neem indien hulle deel vorm van 'n digitale gemeenskap. Op dié manier kan 'n digitale platform verteenwoordigend wees van meer stemme. Die huidige navorsing kan lig werp op Maroela Media se rol in die vereniging van 'n sekere minderheidsgroep binne 'n Afrikaanse digitale gemeenskap, waar hul belange en opinies behoorlik verteenwoordig word.

Soos in afdeling 2.2 genoem, bestaan die gevaar dat die internet gesprekke fragmenteer. Daarom verteenwoordig digitale platforms moontlik nie 'n gesamentlike openbare sfeer nie (Rasmussen, 2014:1321). So 'n gesamentlike fokuspunt is noodsaaklik vir openbare gesprekke om 'n invloed te hê op politieke besluitneming, wat om die beurt 'n gesonde demokrasie bewerkstellig (Rasmussen, 2014:1319).

Tog meen Al-Rawi (2017:4) dat die verbintenis tussen lede van 'n digitale gemeenskap aanleiding kan gee tot 'n gevoel van hoop, krag en eenheid binne die gemeenskap, wat uiteindelik kan omskakel in sielkundige en maatskaplike bemagtiging van lede binne die werklike of fisiese samelewing. Cavalcante (2016:110) het 'n etnografiese studie van 'n 21-jarige wit transgender Amerikaanse vrou met die naam "Jen" onderneem. Die studie is gedoen deur Jen se aanlynaktiwiteit op 'n webtuiste vir transgender persone met die naam Susan's Place na te spoor (Cavalcante, 2016:110). Die studie het bevind dat webtuistes wat rondom transgender persone gesentreer is 'n vorm van ondersteuning aan lede van dié minderheidsgroep bied (Cavalcante, 2016:120). Hierdie ondersteuning vind plaas deur skakeling met ander mediaverbruikers binne 'n

interaktiewe media-omgewing, wat moontlik gemaak word deur digitale mediategnologie (Jackson, Bailey & Welles, 2018:1872).

Om beter te verstaan hoe 'n digitale netwerk op sosiale media vorm, het Jackson, Bailey en Welles (2018:1873) 14 991 twiets, wat tussen Julie 2013 en Junie 2015 gepubliseer is, ontleed. Hierdie twiets het almal die hutsmerk #GirlsLikeUs<sup>9</sup> bevat (Jackson, Bailey & Welles, 2018:1873). Die ontleding het bevind dat vroue wat hierdie hutsmerk op Twitter gebruik 'n band vorm met ander Twitter-gebruikers wat dieselfde hutsmerk gebruik deur hul vreugdes en swaarkry te deel (Jackson, Bailey & Welles, 2018:1876). Op dié manier bied hulle vir mekaar emosionele en sielkundige ondersteuning (Jackson, Bailey & Welles, 2018:1876).

Nuuspublikasies baat by sodanige digitale gemeenskappe wat in kommentaarafdelings ontstaan (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:84). Wanneer 'n digitale gemeenskap om 'n publikasie se handelsmerk gebou word, word meer interaksie met die handelsmerk ontgin (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:84). Nuusagentskappe hoop dikwels dat hierdie interaksie later in inkomste omskep sal kan word (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:85).

Sommige navorsers twyfel egter oor die doeltreffendheid van verbindings wat binne virtuele gemeenskappe gevorm word. Malinen (2015:229) sê wanneer alle lede van die virtuele gemeenskap aktief deelneem aan die gesprek en met mekaar gesels, sal die lede 'n hegte band met mekaar vorm en 'n sterk gevoel van aanvaarding beleef. Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé en Larrea (2014:97) is ook van mening dat 'n netwerk gedefinieer kan word deur die mate van interaksie tussen lede. Daarom is dit noodsaaklik vir alle lesers om met mekaar in gesprek te tree en só verbindings te vorm binne 'n digitale gemeenskap (Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:100).

Soos bespreek in afdeling 2.5 is die werklikheid egter dat bitter min lede van 'n digitale gemeenskap aktief aan aanlyngesprekke deelneem (Malinen, 2015:229, 239). Gevolglik is die verbinding tussen lede van digitale gemeenskappe nie so sterk soos tussen lede van 'n fisiese gemeenskap nie (Malinen, 2015:229, 239).

'n Ontleding van Maroela Media se kommentare sal argumentsonthalwe kan vasstel hoe aktief lede van die Afrikaanse gemeenskap op dié webtuiste is en dus hoe sterk die verbindings is wat hier vorm. Dit sal interessant wees om te sien of die koers waarteen Maroela Media se lesers

---

<sup>9</sup> #GirlsLikeUs is 'n sosiale mediaveldtog wat in 2012 op Twitter begin is om ondersteuning te bied aan individue wat hulself as transgender identifiseer (Jackson, Bailey & Welles, 2018:1868). Individue kan hul ervarings, persoonlike oorwinnings en nederlae deel deur dié hutsmerk te gebruik sodat ander lede van die digitale gemeenskap dit maklik kan opspoor (Jackson, et al., 2018:1869).

aan digitale gesprekke deelneem, ooreenstem met vorige bevindings oor die deelname van mediaverbruikers binne digitale gemeenskappe.

Die volgende afdeling behels 'n bespreking van hoe Afrikaanssprekendes van digitale platforms gebruik maak om toegang tot die openbare sfeer te verkry.

## **2.7 Die digitale openbare sfeer in Afrikaans**

Die ruimte waarbinne Afrikaanssprekendes leef, het die afgelope 50 jaar tot 'n groot mate verander, weens die koms van digitale tegnologie soos persoonlike rekenaars en groter wordende elektroniese netwerke wat danksy die internet ontstaan (Pretorius, 2016:374).

Hierdie veranderinge veroorsaak dat Afrikaanssprekendes hulle toenemend in 'n digitale leefruimte bevind (Pretorius, 2016:374). Volgens Pretorius (2016:372, 378) maak Afrikaanssprekendes die afgelope 15 jaar toenemend gebruik van digitale ruimtes om sosiaal te verkeer, koerant te lees en navorsing te doen.

In 2016 was Afrikaans een van net 250 tale ter wêreld wat die potensiaal het om suksesvol in 'n digitale ruimte aangewend en ontwikkel te word (Pretorius, 2016:384). Afrikaanssprekendes kan hulle dus meeleeft in 'n digitale ruimte, terwyl die fisiese Afrikaanse ruimte toenemend verengels (Pretorius, 2016:374, 377).

Pretorius (2016:374) meen 'n digitale leefruimte kan Afrikaans as voertaal bevorder, omdat 'n groter taaldiversiteit aanlyn verkry kan word. Die interaktiewe potensiaal van die internet, deur blogs en sosiale media, bemagtig Afrikaanssprekers ook om hul eie inhoud in hul moedertaal te skep (Pretorius, 2016:377). Volgens 'n verslag deur Freedom House (2017) is 39% van Suid-Afrikaanse internetverbruikers se moedertaal Afrikaans. Tog meen Pretorius (2016:382) dat die digitale ruimte steeds deur Engelse inhoud oorheers word. Hierdie navorsingstudie oor Maroela Media het ten doel om vas te stel of dié webtuiste wel aan die meerderheid van die Afrikaanse gemeenskap toegang bied tot die openbare sfeer.

Van Niekerk (2013:1-124) het ook bestudeer hoe Afrikaanssprekendes digitale ruimtes gebruik om aan openbare gesprekke deel te neem. In haar navorsingstudie oor die NG Kerk se digitale platforms, bevind Van Niekerk (2013:1-110) dat die internet 'n gewilde manier onder Christelike Afrikaanssprekendes is om hul identiteit te vorm en daaraan uiting te gee. Van Niekerk (2013:ii) het 'n inhoudsontleding van sewe digitale platforms van die NG Kerk onderneem om te bepaal of dit 'n genoegsame openbare platform vir Afrikaanssprekendes bied. Die navorsing het bevind dat Afrikaanssprekendes hierdie digitale platforms gebruik om aan openbare gesprekke en

debatte deel te neem (Van Niekerk, 2013:ii). Van Niekerk (2013:ii) bevind egter ook dat oorregulering deur kerkamptenare, beledigende kommentare en lae deelname aan debatte oor sake wat die openbare sfeer kan bevorder, hierdie platforms verhinder om 'n ideale openbare sfeer te skep.

Afrikaanssprekendes maak ook gebruik van die internet – dikwels op kleiner webruimtes waar randfigure aan gesprekke deelneem – om lasterlike en onbehoorlike opmerkings en kommentare in die openbare ruimte te maak. Van Niekerk (2013:51) verwys na die webtuiste Stormfront.org, waar openlik rassistiese gesprekke plaasvind. In 2015 lewer die *Mail & Guardian* ook berig oor die rassistiese kommentaar op Stormfront.org (De Waal, 2015). Van die onwelvoeglike gebruikersname op hierdie aanlynforum sluit in “K\*\*\*\*rhater” en “H\*\*\*\*kop”, aldus De Waal (2015).

Cornelius en Jordan (2015) lewer berig oor kommentare op die Afrikaanse webtuiste VreesloosAfrikaans.com se Facebook-blad. Verbruikers van dié webtuiste het in 2015 rassistiese kommentare gelewer onder aan 'n foto van 'n oorvol strand in Durban met oorwegend swart vakansiegangers (Cornelius & Jordan, 2015). Die foto is geplaas met die hutsmerk #KryDieDoom en een kommentaar het geles “waar is 'n tsunami as jy hom nodig het?” (Cornelius & Jordan, 2015). Die Facebook-plasing is sedertdien verwyder.

Dit is dus duidelik dat Afrikaanse webtuistes ook bepaalde uitdagings ervaar met betrekking tot 'n lae deelnamekoers, asook onvanpaste kommentaar deur sommige verbruikers. Laasgenoemde kan ander lede van die gemeenskap verder ontmoedig om aan die openbare gesprek deel te neem. Hierdie uitdagings het die potensiaal om te verhinder dat Afrikaanse digitale ruimtes as ideale openbare sfere beskou word. Die betrokke studie bepaal of sodanige uitdagings ook binne Maroela Media as digitale gemeenskap neerslag vind.

## **2.8 Maroela Media as openbare platform**

Maroela Media is ten tyde van hierdie studie die grootste Afrikaanse nuuswebtuiste, met 1,9 miljoen unieke Afrikaanse lesers maandeliks (S. van Heerden, persoonlike kommunikasie, Junie 2, 2019). Die webtuiste is in 2011 deur die Solidariteit Beweging tot stand gebring en toegang daartoe is gratis (Maroela Media, g.d.).

Die webtuiste het spesifiek ten doel om die Afrikaanse gemeenskap in te lig oor kwessies wat vir hulle belangrik is en 'n platform te bied waar Afrikaanssprekendes met mekaar in gesprek kan tree (Maroela Media, g.d.). Maroela Media poog ook om 'n platform vir debat te wees waar

lede van hierdie gemeenskap gesonde menings kan uitspreek oor kwessies wat hulle raak (Maroela Media, g.d.).

Volgens 'n inskrywing op RSAWEB, 'n internetdiensverskaffer, het Maroela Media hulself stelselmatig as een van die grootste Afrikaanse gemeenskappe in Suid-Afrika gevestig (Findlay, 2015). Volgens Findlay (2015) het Maroela Media die harte gewen van 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, deur sterk te fokus op die liefde en nostalgie vir die Afrikaanse taal, kultuur en erfenis.

Dr. Dirk Hermann, voorsitter van Maroela Media, beskryf die webtuiste se lesers as familieledes wat op die webblad kuier en oor onderwerpe soos die nuus, politiek, vermaak en sport praat (Hermann, 2016). Maroela Media se lesers, sê Hermann (2016), word aan mekaar verbind deur hul kollektiewe kulturele waardes.

Die webblad wil ook graag die Afrikaanse gemeenskap dien deur hul gevoelens te verwoord en te verstaan wat hulle dink (Hermann, 2016). Hierdie doelwit is teenstrydig met die doelwitte van kommersiële media soos die Media24-filiaal Netwerk24 wat, volgens Hermann (2016), eerder die behoeftes van hul aandeelhouers bedien. Een van die wyses waarop Maroela Media hul lesers dien, is deur toe te laat dat lesers kommentaar lewer onder aan digitale nuusberigte en opiniestukke.

Susan Lombaard, uitvoerende hoof van Maroela Media, skryf:

Net so belangrik soos dit is vir ons om betroubaar te wees, is dit ook vir ons dat lesers moet deel voel van 'n gemeenskap. Dit is waarom Maroela se kommentaarfunksie steeds aktief is en waarom ons deelname op die webblad en op sosiale media aanmoedig. (Lombaard, 2017)

Maroela Media moedig vrye deelname aan gesprek op hul webtuiste aan deur enigiemand toe te laat om kommentaar te lewer en dit onveranderd te plaas (Maroela Media, g.d.). Hierdie kommentaar moet egter voldoen aan die webtuiste se beleid, soos uiteengesit in afdeling 2.5 (Maroela Media, g.d.). Maroela Media probeer ook ingeligte en konstruktiewe debat stimuleer deur irrelevante kommentaar en doelbewuste uitlokking of ontwrigting van gesprekke te verbied (Maroela Media, g.d.). Kommentaar wat ander lesers persoonlik aanval of beledig word ook nie toegelaat nie (Maroela Media, g.d.). Op dié manier poog Maroela Media om die platform so toeganklik moontlik vir lesers met diverse sienings te maak.

Sommige verbruikers van Maroela Media is egter van mening dat hierdie platform nie 'n verskeidenheid opinies verteenwoordig nie en oor sake berig lewer wat nie werklik van belang is vir die Afrikaanse gemeenskap nie (Die Afrikaanse Opinieplatform, 2014). Dié navorsing stel vas of

Maroela Media wel 'n platform skep vir konstruktiewe debat, lesers die geleentheid bied om hul menings oor belangrike sake te lig en alle lede van die Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig, soos wat die platform onderneem om te doen.

## 2.9 Gapings in bestaande literatuur

Soos genoem in die inleiding tot hierdie hoofstuk (afdeling 2.1) dui 'n omvangryke soektog op Google Scholar, SABINET en die Universiteit Stellenbosch se biblioteekatalogus aanlyn daarop dat min navorsing nog gedoen is oor die manier waarop Afrikaanssprekendes digitale platforms gebruik om toegang te verkry tot die openbare sfeer.

Navorsing wat wel betrekking het op die Afrikaanse openbare sfeer is meestal verouderd, soos in die geval van Swarts (2009:1-171) wat ondersoek ingestel het na hoe Afrikaanse bloggers dié digitale platform gebruik om verskeie Afrikaner-identiteite uit te leef.

Die mees onlangse navorsing oor Afrikaanssprekendes en die digitale openbare sfeer waartoe die navorser toegang kon verkry, is Van Niekerk (2013:ii) se studie oor die NG Kerk se digitale platforms, soos na verwys in afdeling 2.7. Hierdie navorsing werp egter nie lig op die rol van Afrikaanse nuuswebtuistes om die openbare sfeer te bevorder nie.

Die navorser kon, ten tyde van die studie, ook geen onlangse navorsing opspoor oor Afrikaanse nuuswebtuistes se rol met betrekking tot die openbare sfeer nie. Die enigste relevante navorsing wat die navorser kon opspoor, is 'n studie deur De Wet (2003:302-319), wat spesifiek ondersoek ingestel het na digitale forums in Afrikaans. De Wet (2003:302, 307) bevind dat Afrikaanse nuuswebtuistes nie al die moontlikhede wat nuwe media en die internet bied behoorlik inspan ten einde 'n openbare forum in Afrikaans te skep nie. Die navorsing is egter verouderd en dit is nie duidelik of Afrikaanse nuuswebtuistes intussen hul aanlynstrategieë aangepas het, of meer doeltreffend geword het om 'n digitale forum te bewerkstellig nie.

Terselfdertyd is daar ook nog min navorsing gedoen oor Maroela Media oor die algemeen en in die besonder Maroela Media as openbare sfeer. Spies (2018:1-122) ondersoek die rolbelevens van Afrikaanse politieke joernaliste aan mediahuise soos Maroela Media. Deur onderhoude met 25 joernaliste van vyf Afrikaanse nuusagentskappe, insluitend Maroela Media, bevind Spies (2018:63, 99) dat Afrikaanse politieke joernaliste hoofsaaklik hulself as waghonde beskou wat politici verantwoordbaar moet hou. Hierdie studie werp egter nie lig op Maroela Media se vermoë om Afrikaanssprekendes toegang tot en deelname aan die openbare sfeer te bied nie. Meer navorsing is dus nodig om vas te stel of Afrikaanssprekendes voldoende geleentheid het om hul opinie te lug en aan debatte deel te neem in hul moedertaal, deur middel van Maroela Media.

## 2.10 Samevatting

Hierdie hoofstuk het bestaande literatuur rondom die navorsingskonsepte met betrekking tot die navorsingstudie ontleed ten einde beter insig in die navorsingsfenomeen te kry. Die literatuurstudie moes ook gapings in bestaande navorsing identifiseer.

Uit literatuur wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is dit duidelik dat die internet die potensiaal het om 'n ideale openbare sfeer te skep. Struikelblokke soos digitale verdeeldheid, polarisering van opinies en die tekort aan kritiese, konstruktiewe debat ondermyn egter die internet se potensiaal om hierdie ideale te verwesenlik. Die internet misluk ook meermale in sy funksie om 'n ruimte vir politieke debat te skep en lede van die gemeenskap aktief betrokke te kry by die politieke gesprek, waarvan grondonteiening sonder vergoeding deel vorm.

Die literatuurstudie het ook gewys dat aanlynkommentare op nuusberigte 'n gewilde manier is vir die publiek om aan openbare gesprekke deel te neem. Die aggressiewe of irrelevante aard van sommige kommentare kan egter die ontwikkeling van konstruktiewe debat benadeel en ander lesers ontmoedig om aan die openbare gesprek deel te neem. Die literatuuroorsig dui wel daarop dat die interaktiewe aard van kommentaarafdelings die ontstaan van virtuele of digitale gemeenskappe tot gevolg kan hê. Hierdie digitale gemeenskappe bevorder die geleentheid vir 'n verskeidenheid opinies om op die platform gelewer te word.

Na aanleiding van die literatuurstudie is dit duidelik dat bestaande navorsing nie lig werp op Afrikaanse nuuswebtuistes en veral Maroela Media se doeltreffendheid om die openbare sfeer te demokratiseer nie. Dié navorsing sal dus bydra tot bestaande akademiese kennis oor die digitale Afrikaanse openbare sfeer en ook nuwe insigte bewerkstellig met betrekking tot Maroela Media se rol in die bevordering van die Afrikaanse openbare sfeer.

In die volgende hoofstuk word die teoretiese onderbou van die studie uiteengesit.

## Hoofstuk 3: Teoretiese raamwerk

### 3.1 Inleiding

Die doelwit van massamedia-teorie is om gemeenskaplike verhoudings binne die media, asook die media se verhoudings met die gehoor en ander sosiale strukture te beskryf, te verduidelik, te interpreteer en te probeer voorspel (Fourie, 2007:112). In hierdie hoofstuk beskryf die navorser watter mediateorieë op hierdie navorsingstudie van toepassing is. Die navorser beskryf die media se ideale rol deur te verwys na die normatiewe beginsels van die Ubuntu-benadering, soos dit van toepassing is op 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer.

Die navorser sal verduidelik waarom die hedendaagse globale mediastelsel as 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer beskou kan word en waarom die beginsels van die Ubuntu-benadering op so 'n mediastelsel toegepas kan word, veral in die geval van Suid-Afrika. Die navorser verduidelik uiteindelik waarom 'n kombinasie van hierdie twee uitgangspunte 'n effektiewe teoretiese raamwerk bied vir 'n studie oor Maroela Media se rol met betrekking tot die openbare sfeer.

Normatiewe mediateorie beskryf die ideale rol wat die media binne 'n bepaalde samelewing behoort te vervul, indien die media wil bydra tot die behoud en bevordering van demokrasie (Fourie, 2017:111). Die doel van normatiewe teorie is om 'n maatstaf te ontwikkel waarvolgens die media se optrede gemeet en beoordeel kan word, ten einde die media verantwoordbaar te hou (Fourie, 2017:111). Dit dien ook as maatstaf om te bepaal of die media werklik vry is binne 'n bepaalde politieke bestel en of media-instellings hul maatskaplike verantwoordelikheid nakom (Fourie, 2017:111).

Akademici bevraagteken die geskiktheid van liberale Westerse normatiewe teorieë, soos die vier tradisionele teorieë<sup>10</sup> van die pers, wat dikwels gebruik word om die media se rol en optrede in Suid-Afrika uiteen te sit (Fourie, 2017:112; Rodney-Gumede, 2018:18).

Sosiale verantwoordelikheidsteorie, een van hierdie vier teorieë van die pers, is veral 'n gewilde perspektief om die media se rol in Suid-Afrika te beskryf (Oosthuizen, 2014:147). Volgens McQuail (2010:139) behels hierdie teorie dat die media akkuraat, regverdig, objektief en relevant moet verslag doen. Die media moet ook vry wees om homself te reguleer volgens bepaalde etiese

---

<sup>10</sup> Die "vier teorieë van die pers" is in 1956 in 'n handboek deur Siebert, Peterson en Schramm gepubliseer (McQuail, 2010:142). Hierdie vier teorieë verwys na die Outoritêre, Liberale, Sosiale verantwoordelikeheids- en Soviet-kommunistiese benadering tot die rol van die media in 'n bepaalde samelewing (McQuail, 2010:142). Die publikasie van hierdie handboek was 'n belangrike stap in die ontwikkeling van mediateorie (McQuail, 2010:142).



en professionele kodes (McQuail, 2010:139). Die regering mag net by die werking van die media inmeng indien die openbare belang bedreig word (McQuail, 2010:139).

Weens grootskaalse veranderings binne die mediabedryf is daar egter 'n behoefte om die gebruik van hierdie teorieë te hersien (Fourie, 2017:112). Verandering is hoofsaaklik teweeggebring deur die digitalisering van die media (Fourie, 2017:112). Die manier waarop mense kommunikeer en die media gebruik, het verander danksy nuwe inligtings- en kommunikasietegnologie (Fourie, 2010:105). Die hedendaagse medialandskap word gekenmerk aan nuwe metodes van inligting produseer, geredeliker toegang tot die media, 'n groter diversiteit van inhoud en meer moontlikhede vir die gehoor om self inhoud te skep (Fourie, 2017:115). Gehore is ook meer divers en dit is moeilik om een enkele gehoor of gemeenskap te identifiseer (Fourie, 2010:118).

Na aanleiding van hierdie veranderings in die werking van die tradisionele media het die struktuur van die openbare sfeer heelwat verander (Beckett, 2012:9; Bruns & Highfield, 2015:2). Benkler, et al. (2013:5) meen 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer is die mees gepaste wyse om hedendaagse openbare platforms te beskryf. Die konsep van 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer word in die volgende afdeling bespreek.

### **3.2 Die netwerk-aangedrewe openbare sfeer**

Habermas (1989:236) beskryf die openbare sfeer as 'n sosiale ruimte waarbinne die openbare belang na vore kom. Die ideale openbare sfeer, volgens Habermas (1989:236), is 'n arena waar ope debat tussen landsburgers en die regering kan plaasvind en openbare opinie gevorm word. Voor die internet was koerante en uitsaaiers die vernaamste platforms waar openbare debat plaasgevind en opinies gevorm is (Beckett, 2012:7).

Ná die ontstaan van die internet het 'n wêreldwye kommunikasienetwerk die werkinge van mediastelsels omver gegooi en die tradisionele media se rol binne die openbare sfeer het verander (Friedland, Hove & Rojas, 2006:12; Beckett, 2012:9).

#### **3.2.1 Die media en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer**

Die beperkte aantal media-organisasies wat eens die openbare sfeer domineer het, word nou vervang deur 'n verskeidenheid alternatiewe digitale platforms wat geredelik op die internet beskikbaar is (Bruns & Highfield, 2015:2). Al minder mense lees gedrukte koerante en lede van die

publiek wend hulle toenemend tot die internet en sosiale media om toegang tot nuus te kry (Bruns & Highfield, 2015:2; Vatikiotis & Yörük, 2016:8).

Al hierdie faktore het tot gevolg dat die struktuur van die openbare sfeer verander (Vatikiotis & Yörük, 2016:8). Daarom moet die definisie van die openbare sfeer, sowel as bestaande teorieë rondom die mag van kommunikasie as sodanig hersien word (Friedland, Hove & Rojas, 2006:12; Vatikiotis & Yörük, 2016:8).

Volgens Castells (2000:693) word kommunikasienetwerke sedert die 1970's moontlik gemaak deur digitale kommunikasietegnologie soos selfone en die internet. Kommunikasie verskuif na die digitale ruimte en mense vorm sosiale netwerke aanlyn (Friedland, Hove & Rojas, 2006:15). Reese en Shoemaker (2016:393) sê 'n netwerk ontstaan wanneer joernaliste, organisasies en individue met mekaar saamwerk om inligting op digitale platforms te versprei. Dit lei tot die ontstaan van 'n netwerk-aangedrewe samelewing wat gekenmerk word aan digitale netwerke wat mense oor organisasies en geografiese grense heen verbind (Castells, 2000:693). Hierdie netwerk-aangedrewe openbare sfeer het 'n belangrike plek geword vir die bespreking van en debattering oor veral politieke sake van openbare belang (Benkler, et al., 2013:5; Baillie-Stewart, 2017:47).

Danksy digitale netwerke vloei inligting nie meer van 'n klein groep joernaliste na 'n passiewe gehoor nie, maar kan lede van die gehoor nou aktief aan die kommunikasieproses deelneem (Friedland, Hove & Rojas, 2006:9; Benkler, 2011:372; Beckett, 2012:9). Blogs en ander interaktiewe platforms op die internet maak dit vir groot massas mense moontlik om inligting te skep, politieke gebeure te analiseer en daarop kommentaar te lewer, mits hulle toegang tot die internet het (Benkler, 2006:7; Friedland, Hove & Rojas, 2006:18; Bruns & Highfield, 2015:10). Lesers kan ook kommentaar op aanlynnuusberigte lewer en die media het nie meer soveel beheer oor wie toegang tot watter inligting het nie (Friedland, Hove & Rojas, 2006:18).

Nuwe moontlikhede vir interaktiwiteit versterk die idee van 'n demokratiese openbare sfeer, waar 'n groot verskeidenheid mense aan die openbare politieke gesprek deelneem (Bruns & Highfield, 2015:10). Die navorser voer aan dat Maroela Media, 'n digitale platform waar lede van die publiek met mekaar in gesprek kan tree en kommentaar op nuusgebeure kan lewer, as netwerk-aangedrewe openbare platform beskou kan word.

Volgens Beckett (2012:11) het digitale netwerke 'n plig om gratis en toeganklik vir alle lede van die samelewing te wees. Omdat nuusinhoud so 'n groot rol speel in die daarstel van openbare agenda en debatte, behoort nuusorganisasies binne die netwerk-aangedrewe openbare sfeer sosiale interaksie en die deel van inligting tussen nuusverbruikers te bevorder (Baillie-Stewart, 2017:48).

Beckett (2012:11) meen indien nuusorganisasies nie interaktief met lesers omgaan nie misluk hulle daarin om die moontlikhede van die netwerk-aangedrewe openbare sfeer te ontgin.

### 3.2.2 Kritiek jeens die netwerk-aangedrewe openbare sfeer

Kritici van die netwerk-aangedrewe openbare sfeer meen egter dat die internet diskoers fragmenteer (Benkler, 2006:16; Bruns & Highfield, 2015:17). Eerder as 'n groot homogene gehoor kommunikeer 'n toenemende aantal virtuele platforms met ál kleiner segmente van die samelewing (Bruns & Highfield, 2015:4). Omdat groot hoeveelhede individue boonop inhoud op verskeie platforms kan publiseer, word die publiek gebombardeer met 'n oormaat inligting (Benkler, 2006:16). Die ooraanbod van inligting en kommunikasieplatforms verdeel die gehoor in klein onbenullige segmente, waarvan die opinies en diskoers moeilik 'n impak op politieke besluitneming kan hê (Benkler, 2006:16; Rasmussen, 2016:67). 'n Studie van 'n aanlynreferendum in Brittanje wys dat die plaaslike digitale gemeenskap tot so 'n mate verdeeld is dat lede van die samelewing nie ingeligte politieke diskoerse kan voer of besluite kan neem oor belangrike politieke kwessies nie (Hepburn, 2012:384).

Fragmentering van gehore het ook tot gevolg dat 'n netwerk van verbruikers ontstaan wat soortgelyke opinies en oortuigings deel, redeneer kritici (Benkler, 2006:17; Bruns & Highfield, 2015:17). Hierdie individue word selde met teenstrydige opinies gekonfronteer, wat 'n onverdraagsaamheid teenoor ander se idees tot gevolg kan hê (Benkler, 2006:17).

Ondanks hierdie kritiek voer Benkler (2006:29) en Rasmussen (2016:73) aan dat die struktuur van die internet van só aard is dat soortgelyke onderwerpe saam gegroepeer word, sodat debat op bepaalde belangrike onderwerpe gefokus kan word. Op dié manier word 'n algemene stel temas en idees gegenereer, wat lei tot die ontstaan van een gesamentlike openbare sfeer, wat 'n verskeidenheid opinies bevat (Benkler, 2006:32; Bruns & Highfield, 2015:17). Individue beweeg boonop gelyktydig in verskeie digitale netwerke, wat meebring dat hulle aan 'n verskeidenheid opinies blootgestel word (Bruns & Highfield, 2015:18). Die effektiwiteit van digitale netwerke om mense op 'n enkele platform of vir 'n enkele doel te verenig, blyk duidelik uit die rol wat digitale platforms speel in groot nasionale opstande soos die Arabiese Lente in die Midde-Ooste (Bennet, 2012:739, 760).

'n Tweede vorm van kritiek teen die konsep van 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer spruit uit die internet se potensiaal om inligting te sentraliseer (Benkler, 2006:17). Rasmussen (2016:71) redeneer dat fokuspunte binne die internet ontstaan, wat veroorsaak dat enkele webtuistes oormatig baie besoeke kry terwyl 'n groot aantal kleiner webtuistes min aftrek kry. Gevolglik geniet

net 'n paar hoë-profiel verbruikers se insette en opinies werklik aandag (Benkler, 2006:17). Desondanks dui navorsing daarop dat die besoek aan webtuistes eweredig versprei word, sodat slegs enkele webtuistes min of oormatig baie besoek word (Benkler, et al., 2013:39). Groter, meer gewilde webtuistes skakel ook met kleiner webtuistes en herlei die gehoor hierheen, sodat insette op minder gewilde webtuistes aandag geniet (Benkler, et al., 2013:39). Op dié manier kry 'n verskeidenheid internetverbruikers die geleentheid om gehoor te word (Benkler, 2006:21; Benkler, et al., 2013:39).

Sommige navorsers is ook van mening dat die internet verdere verdeeldheid saai tussen bevoordeelde en benadeelde groepe binne die samelewing, omdat nie almal toegang tot of kennis van digitale kommunikasietegnologie het nie (Beckett, 2012:8; Dyke-Beyer, 2018:113). Webster (2006:106, 110) voer aan inligting het die belangrikste kommoditeit geword en dié wat nie toegang tot die netwerk het nie, word uitgesluit. Maar al sou die internet nie aan almal beskikbaar wees nie, argumenteer Benkler (2006:20), is toegang tot die produksie en verspreiding van inligting steeds baie makliker as in die geval van hoofstroommedia.

Benkler (2006:25, 37) erken dat die internet nie noodwendig die onmiddellike ontstaan van 'n utopiese openbare sfeer tot gevolg sal hê nie. Die internet hou egter steeds talle demokratiserende voordele bo die tradisionele media in (Benkler, 2006:40; Rasmussen, 2016:74). Hierdie voordele kan toegeskryf word aan die feit dat meer mense binne 'n netwerk-aangedrewe omgewing die vermoë het om inligting te skep en aan openbare debat deel te neem (Benkler, 2006:40; Rasmussen, 2016:74).

Die verskuiwing vanaf massakommunikasie na 'n netwerk-aangedrewe kommunikasiemodel bied nuwe etiese uitdagings vir die media (Fourie, 2017:110, 116). Ou normatiewe teorieë van die media, soos die welbekende vier teorieë van die pers, is nie meer voldoende om die media se rol in 'n wêreldwye digitale era te beskryf nie (Fourie, 2010:105). Binne hierdie veranderde omgewing het dit ook ál moeiliker geword om die gebruik van 'n Westerse of Christelike etiese raamwerk te verdedig (Fourie, 2010:105). Akademici moet nou eerder ander etiese perspektiewe of oortuigings oorweeg as moontlike normatiewe raamwerk vir die media se optrede in 'n demokratiese bestel (Fourie, 2010:105). Een alternatiewe perspektief wat aangewend kan word as moontlike normatiewe raamwerk vir die media in Afrika is die Ubuntu-benadering (Rodny-Gumede, 2015:110; Fourie, 2017:113). Die beginsels van Ubuntu word in die volgende afdeling uiteengesit.

### 3.3 Die Ubuntu-benadering as morele filosofie

Ubuntu is 'n filosofie en leefwyse wat diep gesetel is in die Afrika-kultuur (Ugangu, 2012:119). Dit reflekteer die Afrika-erfenis, -tradisies, -kultuur en -waardestelsels (Ugangu, 2012:120). Ubuntu is 'n Afrika-gesegde wat beteken "'n mens is 'n mens deur ander mense'" (Metz, 2015:75).

'n Persoon kan hierdie filosofie uitleef deur deel te word van 'n gemeenskap en in harmonie met ander saam te leef (Metz, 2012:75). Volgens Metz (2015:77) behels hierdie benadering dat jy jou identiteit as deel van 'n groep vind deur aan die groep te behoort en deel te neem aan groepsaktiwiteite. Mboti (2015:138) kritiseer egter hierdie definisie van Ubuntu, omdat dit impliseer dat Afrikane nie mense uit eie reg is nie en eers werklik mens word wanneer hulle in gemeenskap met ander leef.

Vir Metz (2015:77) beteken hierdie omskrywing egter om simpatiek teenoor ander lede van die groep op te tree en aandag te skenk aan hul behoeftes. Wanneer 'n persoon deur ander of binne 'n gemeenskap leef, sal hulle optree op 'n manier wat die groter groep sal bevoordeel of bydra tot die vooruitgang van ander lede van die groep (Metz, 2015:77). Daarom is die groep se belange en welstand belangriker as dié van die individu (Fourie, 2010:108; Ugangu, 2012:12). Die aksies van 'n persoon word slegs beskou as goed en reg indien dit tot voordeel van die groter samelewing strek (Ugangu, 2012:120). Hierdie beginsel staan in direkte kontras met Westerse waardes, wat streef om die individu se regte te beskerm (Fourie, 2010:108). Mboti (2015:134) meen egter dit is verkeerd om aan te neem dat Ubuntu nie individuele vryheid propageer nie. Om te besluit wat die beste optrede in 'n bepaalde situasie is en tot voordeel van die gemeenskap strek, moet mense steeds goeie oordeel aan die dag lê en individuele vryheid uitoefen om eties op te tree (Mboti, 2015:134).

Van die waardes wat met Ubuntu geassosieer word, sluit in medelye, menswaardigheid, harmonie en medemenslikheid (Ugangu, 2012:120). Dit beklemtoon veral respek vir ander mense (Ugangu, 2012:120). Hierdie eienskappe word almal beskou as belangrike boustone om sosiale harmonie te bewerkstellig (Ugangu, 2012:120).

Binne die Ubuntu-raamwerk bestaan daar nie iets soos 'n objektiewe of universele waarheid nie (Ugangu, 2012:121). Waarheid is dít wat die samelewing as waar beskou, nadat 'n volledige proses van konsultasie gevolg is (Ugangu, 2012:121).

Verkeerde of onetiese optrede, volgens die Ubuntu-benadering, is enige aksies wat onvriendelik of kwaadwillig is teenoor ander lede van die gemeenskap (Metz, 2015:78). Dit sluit in moord, verkragting, uitbuiting en die breek van beloftes, veral indien die slagoffer onskuldig is (Metz, 2015:78). 'n Persoon kan wel tot dieselfde mate onvriendelik optree teenoor iemand anders wat die ideale reëls oortree, deur kwaadwillig teenoor onskuldige mense op te tree (Metz, 2015:79).

Oortreders mag dus gestraf word vir hul dade. Iemand wat homself teen 'n oortreder verdedig, sal nie volgens die Ubuntu-benadering oneties optree nie (Metz, 2015:79).

### 3.3.1 Ubuntu as raamwerk vir die media

Ubuntu as etiese raamwerk vir die media se optrede vorm deel van ontwikkelingsteorie (Oosthuizen, 2014:41). Die ontwikkelingsteorie is geformuleer binne die konteks van Derde Wêreldse (ontwikkende) nasies, wat 'n ander perspektief benodig as die liberalistiese uitkyk van Eerste Wêreldlande (De Beer, Malila, Beckett & Wasserman, 2016:40). Ontwikkende lande het nie die geld, vaardighede of infrastruktuur om 'n mediastelsel te onderhou wat gebaseer is op 'n vryemarkstelsel nie (De Beer, et al., 2016:40). Ontwikkelingsteorie vereis dus dat die media 'n verantwoordelikheid het om binne die samelewing ontwikkeling te bevorder en transformasie te bewerkstellig (De Beer, et al., 2016:41).

Daar kan dus geargumenteer word dat die media, binne die raamwerk van Ubuntu, wydverspreide deelname aan die politieke stelsel en alle aspekte van die openbare sfeer moet bevorder (Uganga, 2012:124). Die media behoort die gemeenskap se idees, bekommernisse en opinies te weerspieël (Oosthuizen, 2014:41). Die media moet lede van die gemeenskap se deelname aan openbare debat aanmoedig en die samelewing help om ooreenstemming te bereik oor belangrike sake (Fourie, 2010:109). Ooreenstemming moet verkry word deur alle lede van die samelewing oor 'n saak te konsulteer (Fourie, 2010:109; Oosthuizen, 2014:41). Daarom moet almal, veral die armes en onderdrukte, 'n spreekbeurt kry, sodat nie net die elite se ideale in die media bevorder word nie (Ugangu, 2012:126). Om dit reg te kry, moet joernaliste met inwoners op grondvlak in gesprek tree, ten einde hul ervarings en insigte weer te gee (Christians, 2004:248). Die deelname van inwoners op grondvlak versterk demokratiese prosesse en maak dit makliker vir minderhede om die dominante ekonomiese en politieke magte teen te werk (Christians, 2004:248).

Die media moet ook daarteen waak om bepaalde etniese groepe uit te sonder en meer gereeld oor hulle berig te lewer, eerder as om almal op gelyke wyse te verteenwoordig (Ugangu, 2012:126).

Volgens die ideale van Ubuntu, behoort joernaliste nie as objektiewe, onafhanklike agente te funksioneer nie, maar eerder as deel van die gemeenskap (Christians, 2004:244; Fourie, 2010:110; Rodny-Gumede, 2015:115). Op dié manier verstaan joernaliste ook die uitdagings van 'n gemeenskap beter en kan hulle saamwerk om oplossings hiervoor te vind (Christians, 2004:244; Ugangu, 2012:124). Beriggewing moet ook interpreteer word binne die konteks van die bepaalde samelewing se oortuigings, waardes en behoeftes (Fourie, 2010:111). Hoofstroom normatiewe

waardes vereis gewoonlik dat nuus so neutraal en objektief moontlik aangebied word. Christians (2004:244) meen egter dit is amper onmoontlik om werklik objektief te berig, omdat politieke, ideologiese en ekonomiese magte 'n invloed oor sosiale instansies soos die media het (Christians, 2004:244). 'n Meer geloofwaardige benadering sou dus wees om verslag te lewer binne die historiese konteks waarbinne gebeure plaasvind, sodat verskillende kulture behoorlik verteenwoordig kan word (Christians, 2004:247).

Daar word verder aangevoer die media moet die gemeenskap waarbinne dit funksioneer dien deur verhoudings te bou tussen lede van die gemeenskap en tussen die gemeenskap en die regering (Fourie, 2010:111; Ugangu, 2012:124; Metz, 2015:82). Dít kan die media doen deur die gemeenskap in te lig oor politieke beleide en verkeerde optrede deur politici (Metz, 2015:83).

Binne die konteks van Ubuntu beteken vryheid van spraak die vryheid van die gemeenskap om hul opinies en bekommernisse uit te spreek (Fourie, 2010:110). Vryheid van spraak kan slegs as verweer gebruik word indien dit tot voordeel van die gemeenskap strek (Ugangu, 2012:126; Oosthuizen, 2014:41). Die media moet dus nie verslag lewer oor omstrede kwessies wat tweespalt binne die gemeenskap kan veroorsaak nie (Ugangu, 2012:126). Dieselfde is van toepassing op die konsep van openbare belang (Fourie, 2010:110). Die publiek se reg tot bepaalde inligting word gemeet aan die voordeel of nadeel wat die inligting vir die betrokke gemeenskap inhou, eerder as die behoefte aan inligting om ingeligte besluite te neem (Fourie, 2010:110, 111).

Joernaliste behoort ook nie berigte te lewer wat geskoei is op vermaak, eerder as om die samelewing in te lig en op te voed nie (Ugangu, 2012:126). Die media het dus 'n plig om waardevolle inligting te publiseer, in stede van oppervlakkige en sensasionele berigte (Metz, 2015:83). Metz (2015:81) meen verder die media behoort weg te skram van rassisme, seksisme, en laster, veral indien die persoon waarna verwys word, onskuldig is. In ooreenstemming hiermee, mag 'n persoon se privaatheid byvoorbeeld geskenk word indien die inligting wat hierdeur verkry word, tot voordeel van die groter publiek strek (Metz, 2015:84).

### **3.3.2 Kritiek jeens die Ubuntu-benadering as morele filosofie**

Kritici meen die definisie van Ubuntu as morele raamwerk is vaag en kan nie sonder meer op alle Afrikane van toepassing gemaak word nie (Mboti, 2015:130). Die Afrika-kultuur is nie staties en homogeen nie (Fourie, 2010:113; Ugangu, 2012:130; Mboti, 2015:130). Dit verander konstant en word beïnvloed deur ander globale bewegings soos internasionalisasie en kommersialisering (Fourie, 2010:113; Ugangu, 2012:130). In die lig hiervan is dit moeilik om te bepaal in wie se belange die media moet optree en wat nuuswaardig is vir so 'n diverse gemeenskap (Fourie,

2010:117; De Beer, et al., 2016:40). Dit word dus al moeiliker om die konsep van openbare belang te gebruik as normatiewe regverdiging vir die publikasie van bepaalde inligting (Fourie, 2017:116).

Sogenaamde tradisionele Afrika-gemeenskappe is ook feitlik uitgewis en hierdie waardes is waarskynlik ver verwyderd van hedendaagse lede van die samelewing se daaglikse ervarings (Fourie, 2010:113). Die gevoel van aanvaarding en gemeenskap kan ook tot gevolg hê dat alternatiewe stemme uitgesluit word ten gunste van een sentrale stem (Ugangu, 2012:131). Fourie (2010:113) waarsku dat die ideale van Ubuntu maklik kan verval in 'n onverdraagsaamheid van teenstrydige menings, insluitende kritiek vanuit mediageledere.

Die Ubuntu-benadering hou ook komplikasies in vir 'n demokratiese stelsel, wat vereis dat die media as waghond moet optree (Ugangu, 2012:131). Volgens die beginsels van Ubuntu behoort die media as nasiebouer en gidshond op te tree (Ugangu, 2012:132). In ooreenstemming hiermee behoort die media slegs positiewe berig te lewer oor die regering en nuus te vermy wat konflik en onenigheid binne die samelewing kan veroorsaak (Ugangu, 2012:132). De Beer, et al. (2016:46) meen egter die media kan steeds bydra tot die ontwikkeling van 'n bepaalde samelewing, juis deur korrupsie en wanbesteding van fondse deur politieke magte uit te wys.

Die media se waghondrol word ook argumentsonthalwe deur 'n Ubuntu-benadering ondermyn, deurdat die media respek moet toon vir ouer lede van die gemeenskap, insluitend dié in leiersposisies. Sou die media dus negatief oor korrupte staatsamptenare berig lewer, tree hulle disrespekvol op. Metz (2015:82) noem egter dat ouderlinge gekenmerk word aan wyse, opregte mense binne die samelewing. Dit sal dus nie disrespekvol wees om negatiewe beriggewing oor korrupte politici te plaas nie (Metz, 2015:82). Dit sal ook in die samelewing se guns tel indien die media teen só 'n oortreder optree en wandade aan die lig bring, ten einde te verhoed dat lede van die samelewing in die toekoms verdere skade ly (Metz, 2015:82). Fourie (2010:115) meen 'n Ubuntu-benadering word suksesvol toegepas wanneer joernaliste deur hul beriggewing 'n beter begrip van die Afrika-kultuur vestig of 'n meer gebalanseerde beeld van Afrika skets. Indien dit egter gebruik word as verskoning om feite te verdraai of 'n bepaalde filosofie te propageer, is die gebruik van Ubuntu as normatiewe raamwerk nie geregverdig nie (Fourie, 2010:115).

Hoewel Ugangu (2012:133) saamstem dat Ubuntu tekort skiet as morele filosofie, is dié navorser steeds van mening dat dit 'n alternatief kan bied vir die hegemonesse Westerse beskouings van die media se rol, veral in ontwikkelende gemeenskappe. Deur deelname aan politieke gesprekke en aksies te bevorder, redeneer Ugangu (2012:124), kan die media 'n bevrydende rol speel in Afrika, 'n kontinent wat dikwels met armoede en ongeletterdheid stoei. Met hierdie doel in gedagte moet joernaliste in Afrika daarna streef om debat te bevorder oor kwessies wat die samelewing beïnvloed (Ugangu, 2012:124).



Christians (2004:242) meen hoewel Afrika 'n reeks diverse gemeenskappe huisves, hierdie gemeenskappe steeds 'n basiese waardestelsel deel, wat ooreenstem met die beginsels van Ubuntu. Daarom kan Ubuntu gebruik word om die verdeeldheid onder diverse gemeenskappe, ook in Suid-Afrika, te oorbrug (Christians, 2004:242).

### 3.3.3 Ubuntu binne die Suid-Afrikaanse mediakonteks

Volgens Fourie (2010:107) moet Ubuntu binne die Suid-Afrikaanse konteks gesien word as 'n poging om tradisionele Afrika-waardes en denke te eerbiedig, maar terselfdertyd moderne tendense na te streef. Omdat die Suid-Afrikaanse mediastelsel as die mees gevorderde op die kontinent beskou kan word, ervaar dit soortgelyke uitdagings as dié van ontwikkelde, Westerse lande (Fourie, 2010:106). Tog word daar steeds van media-eienaars verwag om die Afrika-kultuur te verteenwoordig en vanuit 'n Afrika-perspektief berig te lewer (Fourie, 2010:106).

Die media speel 'n belangrike rol in die bou en onderhou van 'n nuwe demokratiese gemeenskap (Rodny-Gumede, 2015:109). Maar vrae bestaan oor wat presies hierdie rol binne 'n nuwe demokrasie soos Suid-Afrika behoort te wees (Krüger, 2017:24).

Met die transformasie na 'n demokratiese bestel in 1994 is die Suid-Afrikaanse media onder geweldige druk geplaas om nasionale eenheid en ontwikkeling te bevorder, sonder om deur die regering voorgeskryf te word (De Beer, et al., 2016:36). Die ANC-regering is van mening dat die media steeds besit word deur wit kapitaliste en slegs 'n klein elite groep Suid-Afrikaners verteenwoordig (Rodny-Gumede, 2015:110; De Beer, et al., 2016:38). Die regering meen ook die media se liberale agenda ondersteun nie sy doelwit om 'n getransformeerde, demokratiese en ontwikkelde staat se skep nie (Rodny-Gumede, 2015:109; De Beer, et al., 2016:37).

Krüger (2017:27) voer aan die gehalte van demokrasie hou direk verband met die gehalte van openbare diskoers. Daarom behoort die media in Suid-Afrika as kurators of bewaarders van gehalte- openbare diskoers op te tree (Krüger, 2017:27). Lede van die gemeenskap het mediaplatforms nodig om aan beredeneerde debat deel te neem, ter bevordering van demokratiese prosesse (Krüger, 2017:27). Joernaliste in Suid-Afrika moet openbare debat van hoë gehalte verseker deur diskoers te bemiddel en te verseker dat alle belanghebbendes en opinies by die openbare debat ingesluit word (Krüger, 2017:30). Daarom moet veral gemarginaliseerde groepe se stemme by die debat ingesluit word (Krüger, 2017:30).

In lyn met Krüger se ideale meen Rodny-Gumede (2015:110) die Suid-Afrikaanse media behoort toeganklik te wees vir alle lede van die gemeenskap. Die media moet ook almal regverdig en gebalanseerd verteenwoordig en die publiek se deelname aan politieke prosesse aanmoedig

(Rodny-Gumede, 2015:110). Die media kan ook demokrasie bevorder deur Suid-Afrikaners in te lig oor belangrike politieke gebeure en prosesse (Rodny-Gumede, 2015:109).

Rodny-Gumede (2015:110) meen die Suid-Afrikaanse media kan aan hierdie ideale voldoen indien die normatiewe beginsels van Ubuntu op die media toegepas word. Indien die Suid-Afrikaanse media Ubuntu se beginsels as etiese raamwerk aanneem, sal dit die media se rol as nasiebouer bevorder en ook verseker dat die media meer verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse bevolking in geheel is (Rodny-Gumede, 2015:111).

Die navorser verduidelik in die volgende afdeling hoe die beginsels van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer saam op die navorsingstudie van toepassing gemaak word.

### **3.4 Algemene teoretiese uitgangspunt**

Die navorser stem saam met Rodny-Gumede (2015:11) dat Ubuntu binne die Suid-Afrikaanse mediakonteks toegepas kan word. Afrikaans is 'n eg Suid-Afrikaanse taal en dus behoort 'n platform soos Maroela Media argumentsonthou ook aan die normatiewe beginsels van Ubuntu te voldoen.

Hieruit vloe Maroela Media se verantwoordelikheid om 'n verteenwoordigende openbare sfeer vir alle Suid-Afrikaners, maar spesifiek Afrikaanssprekendes, daar te stel. Omdat Maroela Media se lesers toegang verkry tot die openbare sfeer deur kommentaar te lewer op nuusberigte (soos in Hoofstuk 1, afdeling 1.1 genoem) volg dit dat die kommentaarafdeling ook moet voldoen aan die bepalinge van Ubuntu. Die webtuiste moet dus alle lede van die samelewing toegang bied en geleentheid gee om deel te neem aan konstruktiewe politieke gesprekke in die kommentaarafdeling.

As digitale platform, waarop lesers met mekaar en ander joernaliste in gesprek kan tree, verpersoonlik Maroela Media ook die kenmerke van 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer, soos in afdeling 3.2.1 aangevoer. Daarom is die navorser van mening dat Ubuntu alleen nie voldoende is om Maroela Media se rol in 'n samelewing te beskryf nie. Ten einde die morele beginsels van Ubuntu aan te vul, wend die navorser die kenmerke van die netwerk-aangedrewe openbare ook aan, ten einde Maroela Media se ideale rol binne die Afrikaanse gemeenskap te beskryf.

Die algemene teoretiese uitgangspunt van hierdie studie is dus dat Maroela Media die rol moet vervul van 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer, wat volgens die normatiewe riglyne van die Ubuntu-benadering 'n digitale tuiste vir Afrikaanssprekendes skep. Die navorser is van mening dat hierdie raamwerk sinvol aangewend kan word om die werkinge van Maroela Media, en debatte oor grondhervorming, te kontekstualiseer en te ontleed.

### **3.5 Samevatting**

In hierdie hoofstuk het die navorser die teoretiese onderbou van die navorsingstudie uiteengesit.

Die navorser het verduidelik waarom die konsep van die openbare sfeer aangepas is tot 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer en wat dit behels vir media-organisasies in 'n digitale omgewing.

Die navorser het ook verduidelik waarom sy meen dat Maroela Media as 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer beskou kan word. Die navorser redeneer verder dat 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer in Suid-Afrika behoort te voldoen aan die beginsels van die Ubuntu-raamwerk. Die beginsels van die Ubuntu-raamwerk is ook in hierdie hoofstuk uiteengesit.

Die navorser voer aan dat 'n kombinasie van die beginsels van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer gebruik kan word as maatstaaf om te bepaal tot watter mate Maroela Media lesers se toegang tot die openbare sfeer bevorder.

In die volgende hoofstuk verduidelik die navorser watter metodologie gevolg is om die navorsing uit te voer, ten einde te bepaal of Maroela Media wel aan die beginsels van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer voldoen.

## Hoofstuk 4: Navorsingsmetodologie

### 4.1 Inleiding

Navorsingsmetodologie is die proses wat die navorser volg om data in te vorder vir 'n bepaalde navorsingsprojek (Lombaard, 2016:5). Die navorser sal in hierdie hoofstuk die metodologiese onderbou van die navorsingstudie uiteensit. Die navorser begin deur die kenmerke van 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp uiteen te sit. Die navorser verduidelik dan watter metodes gevolg is om data in te samel, insluitend hoe daar op 'n bepaalde steekproef besluit is, ten einde hierdie studie se navorsingsvraag te beantwoord. Die hoofstuk sit ook uiteen watter metodes gevolg is om data te ontleed en bespreek die etiese oorwegings van die studie.

'n Navorsingsontwerp is die uiteensetting van hoe navorsing uitgevoer word, insluitend 'n aanduiding van wie of wat betrokke is en waar die studie sal plaasvind (Du Plooy, 2009:85). So 'n navorsingsontwerp is hoofsaaklik kwalitatief of kwantitatief van aard (Du Plooy, 2009:85).

'n Kwantitatiewe navorsingsontwerp is gepas wanneer die navorser veranderlikes wil tel of meet en hierdie hoeveelhede en verhoudings wil verduidelik (Du Plooy, 2009:86-87). In teenstelling hiermee poog 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp om waardes, behoeftes en eienskappe van individue, groepe of gemeenskappe te beskryf (Du Plooy, 2009:88). Du Plooy (2009:34) voer aan kommunikasie is 'n proses waartydens betekenis binne verskillende sosiale omstandighede gedeel word. Daarom is 'n kwantitatiewe navorsingsontwerp nie voldoende om die simboolstelsels waarbinne kommunikasie plaasvind, na te vors nie (Du Plooy, 2009:34). Op grond hiervan het die navorser besluit op 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp.

### 4.2 Kwalitatiewe navorsingsontwerp

Kwalitatiewe navorsing behels 'n in-diepteondersoek na 'n bepaalde fenomeen of verskynsel (Engelbrecht, 2016:110). Du Plooy (2009:30) verduidelik dat 'n kwalitatiewe benadering tot navorsing ten doel het om die kwalitatiewe aspekte van die kommunikasie-ervaring te interpreteer en te konstrueer. Volgens Engelbrecht (2016:110) word kwalitatiewe navorsingsmetodes aangewend om 'n sosiale verskynsel so omvattend moontlik te beskryf, sodat die navorser se eie verklarings en beskrywings tot 'n groot mate ooreenstem met deelnemers se eie interpretasie van die verskynsel.

Kwalitatiewe navorsing is geskoei op die veronderstelling dat die werklikheid subjektief is en dat deelnemers se eie perspektief insae bied tot die kommunikasieproses (Du Plooy, 2009:35).

Op dié manier kan die werklikheid beskryf word deur die betekenis wat mense aan hul ervaring van die kommunikasieproses heg (Du Plooy, 2009:35).

Du Plooy (2009:51-53) onderskei tussen drie navorsingsdoelstellings vir kwalitatiewe navorsing, naamlik om te verken, te beskryf en te verklaar. Navorsing is verkennend indien die navorsing onder meer ten doel het om onbekende situasies of gedrag te begryp of om maatskaplike behoeftes te prioritiseer (Du Plooy, 2009:51).

Omdat die studie poog om 'n dieper insig en begrip te bied van die manier waarop Maroela Media aan Afrikaanssprekendes toegang bied tot die openbare sfeer, is hierdie navorsing verkennend van aard. Soos in Hoofstuk 2 (afdeling 2.9) genoem, is bitter min navorsing ten tyde van die studie beskikbaar oor Maroela Media en sy rol met betrekking tot die openbare sfeer. Die navorser het ook reeds in Hoofstuk 1 (afdeling 1.1) genoem dat haar werk vir die Afrikaanse media, sowel as die Solidariteit Beweging, 'n belangstelling gewek het in die verteenwoordiging van veral Afrikaanssprekendes in die media.

Gevolglik wou die navorser graag nuwe insigte kry ten opsigte van die navorsingsprobleem soos uiteengesit in Hoofstuk 1 (afdeling 1.2).

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is grotendeels gegrond op induktiewe redenasie (Du Plooy, 2009:30). Flick (2009:12) voer aan dat die diversifikasie van lewenswyses en sosiale ervarings meebring dat nuwe sosiale kontekste en perspektiewe ontstaan. Hierdie diversifikasie forseer navorsers om gebruik te maak van induktiewe strategieë, eerder as deduktiewe strategieë waar 'n hipotese of navorsingsvraag getoets word deur empiriese data in te vorder (Flick, 2009:12).

Induktiewe redenasie behels dat die navorser begin deur bepaalde vrae te vra en waarnemings te maak wat op die navorsing van toepassing is (Du Plooy, 2009:30). Na aanleiding hiervan word bepaalde teoretiese voorstelle gedoen (Du Plooy, 2009:30). Die navorser gebruik data om patrone te identifiseer, waarop algemene gevolgtrekkings gebaseer word (Du Plooy, 2009:30). Die patrone waarvolgens die bepaalde kommunikasiekwessie ervaar word, word dan in die vorm van narratiewe beskrywings weergegee (Du Plooy, 2009:30).

'n Interpretatiewe benadering, eerder as positivisme, word meer gereeld geassosieer met kwalitatiewe navorsingsmetodes (Wimmer & Dominick, 2011:115). So 'n benadering werk vanuit die veronderstelling dat die werklikheid subjektief is en dat die navorser 'n werklikheid skep deur middel van die navorsingsproses (Wimmer & Dominick, 2011:115). Navorsing van 'n interpretatiewe aard poog om 'n unieke, in-diepte beskrywing van 'n individu of situasie te verskaf (Wimmer & Dominick, 2011:115). Deur 'n interpretatiewe benadering te gebruik, het dié navorser ten doel om openbare gesprekvoering op Maroela Media omvattend te beskryf.

Ten einde 'n akkurate beskrywing te skep, word data in die veld versamel (Wimmer & Dominick, 2011:115). Du Plooy (2009:108) voer aan dat bestudering en oop vrae gewoonlik gebruik word om data vir kwalitatiewe navorsing in te vorder. Die navorser het semi-gestruktureerde onderhoude met redaksieledes van Maroela Media gevoer en leserskommentare op Maroela Media se webtuiste ingevorder. Kwalitatiewe inhoudsontleding is gebruik om beide stelle data afsonderlik te ontleed. Die gebruik van meer as een navorsingsmetode om data in te vorder, kan die geloofwaardigheid van die bevindings versterk, omdat die onderwerp vanaf verskillende perspektiewe bestudeer word (Wimmer & Dominick, 2011:123). Die navorser is van mening dat onderhoude met redaksieledes belangrike agtergrondinligting verskaf het, wat meer insig en konteks gebied het oor die betrokke leserskommentare wat ingewin en ontleed is.

### **4.3 Data-invordering**

Kwalitatiewe data kan op 'n verskeidenheid maniere ingevorder word, insluitend deur onderhoude, waarneming of die versameling van dokumente (Engelbrecht, 2016:112). In kwalitatiewe navorsing is die data-invorderingsproses afhanklik van die navorser, omdat die navorser besluit hoe en waar data ingevorder word (Engelbrecht, 2016:112). Die navorser is dus die instrument waardeur die data ingevorder word en is subjektief deel van die studie deur interaksie met deelnemers (Wimmer & Dominick, 2011:115; Engelbrecht, 2016:110). Die navorser verkry direkte toegang tot die werklikheid deur sy of haar interpretasie van waarnemings of onderhoude (Engelbrecht, 2016:112). Net so het hierdie navorser direkte toegang tot die werklikheid verkry tydens onderhoude met Maroela Media se redaksie en die ontleeding van leserskommentare. Hoewel Maroela Media 'n openbare webwerf is, waartoe enige lid van die publiek toegang het sonder registrasie of die gebruik van 'n wagwoord, het die navorser vooraf by Maroela Media toestemming gevra om onderhoude met redaksieledes te voer en leserskommentare te ontleed. Die bewys van toestemming vanaf Maroela Media se uitvoerende hoof word in Addendum A vervat.

#### **4.3.1 Steekproefneming**

Omdat 'n navorser se tyd en finansies dikwels beperk is, is dit nie altyd moontlik om alle gevalle van 'n bepaalde teikengroep by 'n navorsingstudie in te sluit nie (Lombard, 2016:93). Daarom is dit nodig om gevalle op 'n wetenskaplike manier vir deelname te identifiseer (Lombard, 2016:93). 'n Steekproef is 'n onderafdeling van 'n bevolking (Wimmer & Dominick, 2011:87) en behoort verteenwoordigend te wees van die groter groep of bevolking waaruit dit geneem is (Lombard,

2016:94). Hoe groter die steekproef, hoe meer geloofwaardig is die gevolgtrekkings wat uit die studie gemaak word (Lombard, 2016:94).

Wimmer en Dominick (2011:89) onderskei tussen waarskynlikheids- en nie-waarskynlikheidssteekproefneming. Hierdie navorsingstudie maak gebruik van nie-waarskynlikheidssteekproefneming, omdat hierdie metode gewoonlik gebruik word in kwalitatiewe navorsing om kleiner groepe deelnemers te ondersoek (Hartell & Bosman, 2016:39). Hierdie navorser het in besonder van doelbewuste steekproefneming gebruik gemaak. Hierdie vorm van steekproefneming behels dat deelnemers of elemente gekies word om deel te neem aan die studie, op grond van bepaalde eienskappe waarvoor hulle beskik (Wimmer & Dominick, 2011:94). Doelbewuste steekproefneming word veral aangewend in studies oor massamedia om spesifieke vrae te stel aan deelnemers wat van bepaalde mediums gebruik maak (Wimmer & Dominick, 2011:94).

Vir die doeleindes van semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser al die redaksielede van Maroela Media geïdentifiseer wat in 2018 (tussen Februarie en Augustus) leserskommentare help modereer het onder aan berigte oor grondonteiening sonder vergoeding. Maroela Media het 'n aangewese redaksielid wat voltyds leserskommentare monitor, maar joernaliste en redaksionele bestuur maak na-ure en oor naweke beurte om leserskommentare te monitor.

Die navorser kon vasstel dat nege redaksielede in 2018 kommentare oor grondonteiening sonder vergoeding help modereer het. Dit sluit in twee mans en sewe vroue, almal tussen die ouderdom van 25 en 45. Twee van die nege redaksielede wat geïdentifiseer is, is nie meer werksaam by Maroela Media nie.

Persone wat geïdentifiseer is om aan die studie deel te neem, is almal per e-pos genader. Een van die gewese redaksielede kon nie bereik word nie, maar die res van die redaksielede wat genader is, insluitend een gewese redaksielid, het ingestem om aan die studie deel te neem. Redaksielede is deeglik ingelig oor wat die studie behels, wat van hulle verwag word en wat die moontlike implikasies van hul deelname is. Die agt redaksielede wat ingestem het om aan die studie deel te neem, het 'n vorm geteken as bewys dat hulle ingeligte toestemming gee om aan die studie deel te neem en dat hul volle name gebruik mag word. Sien 'n templaar van dié vorm aangeheg as Addendum B. Slegs een van die agt redaksielede het aangedring daarop dat inligting wat verskaf word vertroulik hanteer word.

Hoewel hierdie steekproef klein is, is die navorser van mening dat dit verteenwoordigend is van die redaksielede wat in 2018 leserskommentare met betrekking tot grondonteiening sonder

vergoeding gemodereer het. Dit is ook verteenwoordigend van die 11 redaksielede in totaal wat ten tyde van die studie vir Maroela Media gewerk het.

Wat die inwin en ontleding van leserskommentare betref, het die navorser gefokus op leserskommentare wat op berigte oor grondonteiening sonder vergoeding gelewer is. Hierdie berigte is almal tussen Februarie 27 en Augustus 30 2018 op Maroela Media gepubliseer. Soos in Hoofstuk 1 (afdeling 1.4) uiteengesit, het die gebeure rondom grondonteiening sonder vergoeding tussen Februarie en Augustus opnuut openbare gesprekke oor die kwessie laat opvlam en die media se belangstelling gewek. Gevolglik het die media, en spesifiek Maroela Media, in hierdie tyd besonders baie oor die kwessie berig, wat geweldig baie leserskommentare uitgelok het.

In die tydperk onder bespreking het Maroela Media 161 nuusberigte of opiniestukke oor grondonteiening sonder vergoeding geplaas. Na afloop van moderering het nagenoeg 4 000 leserskommentare in totaal onder aan hierdie berigte verskyn, dus gemiddeld meer as 25 leserskommentare per berig. Die navorser is van mening dat dié steekproef groot genoeg was om 'n goeie aanduiding te gee van die aard van leserskommentare op berigte oor grondonteiening sonder vergoeding. Soortgelyke navorsing wat leserskommentare ontleed het (sien byvoorbeeld: Lopez-Gonzalez, Guerrero-Solé & Larrea, 2014:84; Lei, Pereira, Quach, Bettinger, Kwong & Corace, 2015:1; Toepfl & Piwoni, 2015:22) het almal tussen 1100 en 4900 kommentare ontleed.

#### **4.3.2 Semi-gestruktureerde onderhoude**

Du Plooy (2009:196) beskryf onderhoude as 'n verbygaande verhouding tussen 'n deelnemer en onderhoudvoerder. Onderhoude is 'n tydelike gespreksuitruiling waartydens vrae en antwoorde tussen die twee partye uitgeruil word (Du Plooy, 2009:196). Engelbrecht (2016:113) verwys daarna as die verkryging van data vanaf een persoon deur 'n ander persoon by wyse van ontmoeting. Die terugvoer vanaf deelnemers tydens 'n onderhoud word vasgevang deur die gesprek op te neem, notas te maak of antwoorde direk in 'n rekenaar te voer (Du Plooy, 2009:196).

Onderhoude word gebruik om mense se opinie, gevoel, houding of kennis oor 'n bepaalde saak in te win (Du Plooy, 2009:204). Hierdie vorm van data-invoering kan beskou word as die mees prominente metode om mense se begrip of definisie van 'n bepaalde kwessie vas te stel of te verstaan hoe hulle die werklikheid konstrueer (Engelbrecht, 2016:113).

Vir die doeleindes van hierdie navorsing het die navorser gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude. Hierdie metode van ondervraging behels dat die navorser 'n lys vrae vooraf opstel, maar kan afwyk van die vrae om bykomende inligting in te win of dieper te delf wanneer nuwe inligting gedurende die gesprek na vore kom (Du Plooy, 2009:198). Die persoon wat



die onderhoud voer, kan dus interaktief met die deelnemer omgaan en het geleentheid om die gesprek in 'n ander rigting te stuur, na aanleiding van die antwoorde wat die deelnemer verskaf (Du Plooy, 2009:198). Die navorser moet egter daarteen waak om te ver van die onderwerp af te wyk (Engelbrecht, 2016:113).

Semi-gestruktureerde onderhoude werk ook goed wanneer deelnemers baie van die onderwerp weet en dus maklik en spontaan op vrae kan antwoord (Engelbrecht, 2016:113).

Die nadeel van onderhoude is dat dit baie tyd en geld in beslag kan neem (Wimmer & Dominick, 2011:208). Omdat die steekproef klein was, het onderhoude slegs 'n paar uur in beslag geneem en moes slegs die navorser se vervoerkoste gedek word. Aangesien die navorser in dieselfde voorstad woon as waar die onderhoude plaasgevind het, moes die navorser minimale reiskostes aangaan. In die geval waar 'n deelnemer in 'n ander stad woon, het die navorser die onderhoud per e-pos gevoer, soos later in hierdie afdeling uiteengesit.

Deelnemers kan moontlik ook bevooroordeel wees teenoor die persoon wat die onderhoud voer, weens die onderhoudvoerder se ras, geslag, ouderdom of voorkoms (Wimmer & Dominick, 2011:208). Hierdie bevooroordeeldheid kan deelnemers se antwoorde beïnvloed (Wimmer & Dominick, 2011:208). Een manier om hierdie probleem te oorkom, is om 'n rapport met deelnemers te vestig. Du Plooy (2009:205) meen deelnemers sal makliker inligting aan 'n navorser verskaf indien 'n rapport tussen die deelnemer en navorser gevestig is. Daarom meen die navorser dit is tot voordeel van die navorsing dat deelnemers vir dieselfde instansie as die navorser werk, soos in Hoofstuk 1 (afdeling 1.1) genoem. Die navorser werk gereeld met joernaliste van Maroela Media saam in die uitvoer van haar pligte as skakelbeampte vir die Skoleondersteuningsentrum, 'n nie-winsgewende instansie wat saam met Maroela Media deel vorm van die Solidariteit Beweging. Redaksieledede is dus goed vertrouwd en gemaklik met die navorser en die navorser is van mening dat deelnemers oop en eerlik met die navorser gesels het, sonder dat vooroordeel hul antwoorde beïnvloed het. Die moontlike etiese implikasies van die navorser se posisie word in afdeling 4.5 bespreek.

Die navorser kon onderhoude in persoon met ses van die agt deelnemende redaksieledede voer, maar moes met twee van die deelnemers per e-pos kommunikeer, weens die druk van hul werkklading. Een van hierdie deelnemers woon in Kaapstad en die navorser sou baie kostes moes aangaan om na hierdie deelnemer te reis vir 'n persoonlike onderhoud.

Die navorser het op 9 April semi-gestruktureerde, persoonlike onderhoude met ses van die redaksieledede by Maroela Media se kantore in Centurion gevoer. Volgens Du Plooy (2009:207) is die bevindings van 'n studie meer geloofwaardig indien deelnemers waargeneem word in hul

natuurlike omgewing, dit wil sê by hul werk of huis. Dit is omdat deelnemers optree soos hulle gewoonlik sou en hul antwoorde en reaksies nie maklik deur die navorser in 'n vreemde omgewing gemanipuleer of beïnvloed kan word nie (Du Plooy, 2009:207).

Aparte persoonlike onderhoude het tussen 'n halfuur en 'n uur geduur en die navorser het notas van die antwoorde gemaak, wat later op 'n persoonlike rekenaar uitgetik is ten einde dit te ontleed. Weens die navorser se ervaring as joernalis is die navorser besonder vaardig in die notering van onderhoude en kan die navorser met volle vertroue sê dat die antwoorde akkuraat en volledig vasgevang en weergegee is.

Tydens die persoonlike onderhoude kon sowel die deelnemers as die navorser vrae vra om duidelikheid te kry oor 'n vraag of antwoord.

Vrae wat per e-pos gestuur is, is in Maart 2019 aan die twee betrokke deelnemers gestuur en die navorser het binne twee weke hul antwoorde ontvang. Hierdie deelnemers het fyn besonderhede per e-pos verskaf en daar was geleentheid om opvolgvrae te vra. Wimmer en Dominick (2011:123) is van mening dat data wat per e-pos ingewin word ryker aan inligting is omdat respondente meer tyd gehad het om oor die antwoord te dink. Vooroordeel teenoor die respondent of navorser word ook heeltemal uitgeskakel (Wimmer & Dominick, 2011:123). Daarom is die navorser van mening die voer van onderhoude per e-pos het nie 'n negatiewe invloed op die navorsing gehad nie.

Net een van die agt deelnemers het gevra dat hul bydrae vertroulik hanteer word; die res het toestemming gegee dat hul name saam met die data gepubliseer mag word. Die navorser het hierdie deelnemer 'n skuilnaam gegee. Volgens Fetterman (2009:43) kan skuilname suksesvol aangewend word om individuele deelnemers se identiteite te verbloem en hulle te beskerm teen enige potensiële gevolge wat hul deelname aan die navorsing mag inhou. Die besonderhede van die onderskeie deelnemers aan die studie word in Tabel 4.1 uiteengesit.

**Tabel 4.1: Besonderhede van Maroela Media se redaksieledede wat aan die navorsingstudie deelgeneem het**

Deelnemer	Posisie	Ervaring by Maroela Media
Kobus Bezuidenhout	Web- en tegniese bestuurder	8 jaar
Susan Lombaard	Uitvoerende hoof	7 jaar
Nico Strydom	Redakteur	8 jaar
Tania Heyns	Junior joernalis	1 jaar en 5 maande
Marine Lourens	Nuusredakteur	4 jaar
Este Meyer-Jansen	Ondersoekende joernalis en redakteur van die opinie-afdeling	7 jaar
Suné van Heerden	Handelsmerk- en sosialemediabestuurder	8 jaar
Yolanda <sup>11</sup>	Voormalige joernalis van Maroela Media	2 jaar

### 4.3.3 Invorder van leserskommentare op Maroela Media

Bestaande dokumentasie is 'n waardevolle bron vir die invordering van kwalitatiewe data (Wimmer & Dominick, 2011:123).

Skalski, Neuendorf en Cajigas (2017:212) meen danksy die internet was dit nog nooit so maklik om inhoud in te vorder met die doel om dit te ontleed nie. Omdat die internet en digitale kommunikasietegnologie dit vir lede van die gehoor moontlik maak om hul eie inhoud te skep en te versprei, word 'n magdom nuwe inhoud geskep waartoe navorsers gereedelik toegang het (Skalski, Neuendorf & Cajigas, 2017:202).

Wimmer en Dominick (2011:123) onderskei tussen openbare en private dokumente. Openbare dokumente sluit in nuusberigte, webtuistes en blogs (Wimmer & Dominick, 2011:123). Die navorser redeneer dat leserskommentare op Maroela Media as openbare dokumente beskou kan word, aangesien dit op 'n openbare webtuiste gepubliseer is. Soos in afdeling 4.3 genoem kan enige lid van die publiek kommentare op Maroela Media besigtig sonder registrasie of die gebruik van 'n wagwoord.

Die navorser het relevante berigte oor grondonteiening sonder vergoeding opgespoor deur die soekwoorde “grondonteiening”, “onteiening sonder vergoeding”, “grondgrype” en “grondhervorming” te gebruik. Hierdie is trefwoorde wat Maroela Media self gebruik wanneer

<sup>11</sup> Yolanda is die skuilnaam vir 'n voormalige joernalis van Maroela Media wat nie geïdentifiseer wil word nie.

hulle berigte oor grondonteiening sonder vergoeding plaas, sodat lesers maklik berigte oor hierdie onderwerp kan opspoor.

Interaktiewe media is soms moeilik om te stoor, omdat dit konstant verander en moontlik eers verwerk moet word voor die navorser dit kan ontleed (Skalski, Neuendorf & Cajigas, 2017:224). Omdat Maroela Media-lesers net 48 uur het om kommentaar te lewer, kon die inhoud egter nie verander sedert Augustus 2018 (toe die laaste kommentare geskep is) en Februarie 2019 (toe die navorser die data begin inwin het nie). Die navorser kon daarin slaag om die data in 'n Microsoft Excel-dokument in te voer, volgens die datum wat berigte gepubliseer is. Volgens Skalski, Neuendorf en Cajigas (2017:27) maak Excel-lêers dit vir navorsers maklik om data te sorteer en later te kodeer.

#### **4.4 Data-ontleding**

Die navorser het kwalitatiewe inhoudsontleding gebruik om data wat deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ingewin is, sowel as leserskommentare, te ontleed. Data van onderhoude en kommentare is apart ontleed en die bevindings saamgevoeg ten einde 'n meer volledige beskrywing van leserskommentare op Maroela Media te bied. Hierdie beskrywing het die navorser in staat gestel om die betrokke studie se navorsingsvrae te beantwoord.

Inhoudsontleding is 'n objektiewe, sistematiese proses waardeur eienskappe van 'n boodskap geïdentifiseer word (Engelbrecht, 2016:118). Dit beteken dat alle inhoud volgens duidelike en konsekwente reëls geïdentifiseer word vir ontleding en op dieselfde wyse hanteer word (Wimmer & Dominick, 2011:156-157). Inhoudsontleding kan suksesvol aangewend word om te beskryf wat reeds bestaan (Wimmer & Dominick, 2011:158). Op hierdie manier wou die navorser die aard van leserskommentare en redaksielede se ervaring van sulke kommentare beskryf.

Skalski, Neuendorf en Cajigas (2017:201) redeneer dat navorsers in die kommunikasieveld deesdae eerder interaktiewe, digitale inhoud as nuusberigte in koerante ontleed. Hierdie interaktiewe data maak dit moontlik vir navorsers om private, interpersoonlike kommunikasie moeiteloos te bestudeer (Skalski, Neuendorf & Cajigas, 2017:202). Daarom meen die navorser dat inhoudsontleding 'n gepaste metode was om leserskommentare op Maroela Media te ontleed.

Kwalitatiewe inhoudsontleding bestudeer die konteks waarbinne kommunikasie plaasvind en hoe betekenis geskep en oorgedra word. Hier word dus gefokus op die versteekte betekenis binne die teks, eerder as die oppervlakkige, letterlike betekenis daarvan (Du Plooy, 2009:220). Kwalitatiewe inhoudsontleding word die afgelope dekade toenemend aangewend in verskeie tipes navorsing oor kommunikasie (Du Plooy, 2009:213; Engelbrecht, 2016:118). Dit sluit in die

ontleding van hoofstroommedia-inhoud, transkripsies van groepbesprekings en die inhoud van e-posse.

In teenstelling met kwantitatiewe inhoudsontleding word data nie weergegee in frekwensies, numeriese vorms of persentasies nie, maar eerder in die vorm van waardes, kenmerke en vlakke van betekenis (Du Plooy, 2009:220). Du Plooy (2009:213) voer aan dat kwalitatiewe inhoudsontleding gepas is om data te ontleed indien die navorsingsprobleem te doen het met waardes, temas of vlakke van ideologiese betekenis.

Die nadeel van kwalitatiewe ontleding is dat dit amper onmoontlik is om bevindings te veralgemeen en van toepassing te maak op ander tekste of media (Du Plooy, 2009:220). Inhoudsontleding werp ook nie lig op die effek van media-inhoud op die gehoor nie (Wimmer & Dominick, 2017:159). Hoewel die veranderende aard van digitale media, soos in afdeling 4.3.3 genoem, nuwe uitdagings vir inhoudsontleding bied, meen Skalski, Neuendorf en Cajigas (2017:204) dat die ooreenkomste tussen digitale en tradisionele media-inhoud van só aard is dat inhoudsontleding steeds effektief op digitale media toegepas kan word.

Kwalitatiewe inhoudsontleding behels dat data in kleiner eenhede afgebreek word om patrone binne die data te ontdek (Engelbrecht, 2016:119). Dit doen die navorser deur data herhaaldelik te lees en bepaalde kernwoorde te identifiseer wat verband hou met die navorsingsvrae (Engelbrecht, 2016:119). Die navorser identifiseer dan bepaalde kode-eenhede of kategorieë wat die data die beste beskryf (Engelbrecht, 2016:118). Die ooreenkomste en verskille in data word gewoonlik met verskillende kleure aangedui (Engelbrecht, 2016:119). Verskillende kodes word dan in 'n kategorie geplaas, wat uiteindelik die vorm van 'n bepaalde tema aanneem (Engelbrecht, 2016:119).

Die data-eenhede wat die navorser vir die doel van hierdie studie gebruik het, is redaksielede se antwoorde tydens semi-gestruktureerde onderhoude, sowel as individuele leserskommentare op Maroela Media. Die navorser het gebruik gemaak van vooraf-gekodeerde kategorieë, met die opsie om kategorieë aan te pas, sou bykomende kategorieë tydens ontleding van die data na vore kom. Vooraf-gekodeerde kategorieë word gelei deur die teoretiese raamwerk waarbinne die studie plaasvind, sowel as die navorsingsvraag (Du Plooy, 2009:226). Wanneer die navorser egter die moontlikheid laat om kategorieë op 'n latere stadium aan te pas, laat dit ruimte vir die data om self inligting na vore te bring (Du Plooy, 2009:226).

Na aanleiding van die literatuuroorsig en teoretiese onderbou van die navorsingstudie het die navorser bepaalde eienskappe geïdentifiseer waaraan Maroela Media behoort te voldoen indien dit die ideale rol van 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer in Suid-Afrika wil vervul. Hierdie

eienskappe het as kategorieë gedien waarin deelnemers se antwoorde en leserskommentare gekodeer is. Die eienskappe behels dat Maroela Media 'n platform moet bied vir konstruktiewe debat, vryheid van spraak en toegang aan alle lede van die Afrikaanse gemeenskap moet verseker, en alle lede van die Afrikaanse gemeenskap op gelyke basis moet verteenwoordig.

Tydens semi-gestruktureerde onderhoude het die navorser sorgvuldig en volledig notas van deelnemers se antwoorde gemaak. Die antwoorde is toe op 'n MS Word-dokument uitgetik, in die volgorde waarin deelnemers vrae beantwoord het. Antwoorde wat per e-pos ontvang is, is ook by hierdie dokument gevoeg. Die navorser het ooreenstemmende temas en woordgebruik van antwoorde bepaal en 'n kleur aan elke tema of woord toegedien. Volgens Mouton (aangehaal in Engelbrecht, 2016:118) is woorde en temas van die mees algemene kode-eenhede wat gebruik kan word om data te ontsluit. Verskillende kleure is aangewend om antwoorde wat dieselfde woord of tema bevat elektronies in die Word-dokument uit te lig. Die antwoorde wat eenders ingekleur is, is saam gegropeer. So kon die navorser verskeie oorhoofse temas identifiseer, waarin elk van die leserskommentare of antwoorde op onderhoudsvrae gekodeer kon word. Hierdie temas of kategorieë het die navorser in staat gestel om gevolgtrekkings te maak met betrekking tot Maroela Media en die Afrikaanse openbare sfeer. Die temas wat gedurende die koderingsproses geïdentifiseer is, word in die volgende hoofstuk uiteengesit.

Leserskommentare is in Excel-formaat georganiseer volgens die berig waarop kommentaar gelewer is en die datum waarop die berig verskyn het. Die navorser het hierdie kommentare gekodeer deur te kyk na die woordgebruik, stemtoon en onderliggende tema wat in elke kommentaar vervat is. Kommentare wat ooreenstemmende kode-eenhede bevat, is elektronies met dieselfde kleur gemerk, ten einde die data in ooreenstemmende kategorieë of temas saam te groepeer.

Omdat meer as 4 000 leserskommentare besonders baie is en dit uiters tydrowend sou wees om elke enkele kommentaar te kodeer, het die navorser volstaan by 'n bepaalde aantal kommentare sodra 'n versadigingspunt binne elk van die maande ter sprake bereik is. Die data-ontledingsproses is versadig wanneer waarneming of kodering nie meer tot verdere insigte of nuwe kennis bydra nie (Flick, 2009:119; Engelbrecht, 2016:110). Die aantal kommentare wat per maand ontleed is voor 'n punt van versadiging bereik is, word in die volgende hoofstuk aangedui.

#### **4.5 Etiese oorwegings**

Navorsing oor kommunikasie het te doen met bestudering van mense deur ondersoek in te stel na wat hulle doen of vrae aan hulle te stel (Wimmer & Dominick, 2011:65). Dit is egter belangrik dat

die navorser op geen manier inbraak maak op deelnemers se regte nie (Wimmer & Dominick, 2011:65). Indien navorsers oneties optree en deelnemers in die proses skade berokken, kan dit deelnemers afskrik om in die toekoms deel te neem aan navorsing oor kommunikasie of 'n negatiewe indruk by die publiek wek oor die kommunikasiebedryf (Wimmer & Domick, 2011:65). Die geloofwaardigheid van navorsing word ook gekoppel aan die etiese optrede van navorsers (Du Plessis, 2016:73).

Wimmer en Dominick (2011:67) beskryf die vier etiese riglyne waaraan alle navorsers behoort te voldoen. Dit behels dat die navorser die wense, regte en besluite van ander mense respekteer, insluitende deelnemers se reg om te besluit of hulle aan navorsing wil deelneem of nie (Wimmer & Dominick, 2011:67). Navorsers moet nie 'n deelnemer doelbewus skade berokken of onnodig aan fisiese of emosionele spanning blootstel nie (Wimmer & Dominick, 2011: 67, 68). Die navorser moet ook nie net verhoed dat deelnemers skade ly nie, maar het 'n verpligting om ander te bevoordeel deur sy optrede (Wimmer & Dominick, 2011:67). Laastens het die navorser 'n verantwoordelikheid om alle deelnemers met die nodige respek te behandel (Wimmer en Dominick, 2011:67, 68). Hierdie beginsels geld vir alle fases van die navorsing, insluitend die insamel en ontleed van data, die maak van gevolgtrekkings en uiteindelijke publikasie van die navorsingstudie (Du Plessis, 2016:75).

Ten einde te verseker dat die navorser die korrekte prosedures in die uitvoer van die navorsing volg, is etiese klaring eers by die Universiteit Stellenbosch gekry (sien Addendum C). Die klaringsproses het behels dat die navorser 'n aansoekvorm aanlyn voltooi, waarin die besonderhede van die navorsingsproses uiteengesit is. Die navorser moes ook onderhoudsvrae en die inligtingsdokument wat aan deelnemers verskaf is, indien vir goedkeuring.

Deelnemers kan slegs 'n ingeligte besluit maak om aan die navorsing deel te neem indien hulle ten volle oor die doel van die navorsing ingelig word, asook watter gevolge deelname vir deelnemers kan inhou (Wimmer & Dominick, 2011:69). Die deelnemer het die reg om te weier om aan die studie deel te neem of om enige tyd tydens die studie sy deelname te onttrek (Du Plessis, 2016:74). Daarom het die navorser deelnemers van 'n skriftelike dokument voorsien, waarop al die inligting met betrekking tot die navorsing en hul deelname daaraan uiteengesit is, soos in afdeling 4.3.1 uiteengesit (en aangeheg as Addendum B). Alle deelnemers het skriftelik toestemming gegee om aan die studie deel te neem. Deelnemers is ook die opsie van vertroulikheid gebied. Wimmer en Dominik (2011:74) sê deelnemers moet die opsie van vertroulikheid gebied word ten einde hul privaatheid te beskerm. Dit behels dat die navorser nie in die openbaar sal bekend maak wie die inligting vir die studie verskaf het nie, al is die deelnemer se identiteit aan die navorser bekend (Wimmer & Dominick, 2011:74). Slegs een deelnemer het gevra dat inligting vertroulik hanteer

word, daarom het die navorser in die verslag oor navorsingsbevindings na hierdie persoon verwys deur die skuilnaam Yolanda te gebruik, soos in afdeling 4.3.2 genoem.

Omdat vertroulikheid ook betrekking het op hoe inligting gestoor word en wie toegang daartoe het (Wimmer & Dominick, 2011:74), het die navorser vertroulike inligting op haar persoonlike rekenaar gestoor, wat deur 'n wagwoord beskerm word. Geen ander navorsers het toegang tot hierdie inligting, tydens of ná die navorsingstudie, gehad nie.

Met betrekking tot die ontleding en rapportering van bevindings het die navorser 'n plig om bevindings so volledig en akkuraat moontlik weer te gee (Du Plooy, 2009:407). Dit behels dat geen data gemanipuleer, gefabriseer of uitgelaat mag word nie (Wimmer & Dominick, 2011:77). Gevolgtrekkings moet ook in lyn wees met data wat ingewin word en nie gemanipuleer word om die navorser se eie opinies te weerspieël of bepaalde instansies se belange te bevorder nie (Wimmer & Dominick, 2011:77). Daarom is dit ook baie belangrik vir die navorser om deursigtig te wees met betrekking tot die befondsing van die navorsing (The Norwegian National Committees for Research Ethics, 2016). Volgens Stellenbosch Universiteit se beleidsdokument oor navorsingsetiek (2013) ontstaan botsende belange wanneer belange wat nie geopenbaar is nie, soos die befondsing van navorsing, 'n negatiewe impak op deelnemers of uitslae van die navorsing kan hê. Botsende belange is onvermydelik deel van die navorsingsomgewing en kan effektief bestuur word deur openbaarmaking en deursigtigheid (Universiteit Stellenbosch, 2013).

Deur die bron van befondsing van die navorsing bekend te maak, kan die navorser ook verhoed dat die finansierders druk op die navorser plaas om bevindings van 'n bepaalde aard te maak (The Norwegian National Committees for Research Ethics, 2016).

In die lig van bostaande riglyne vermeld die navorser hier dat die navorsing befonds is deur die navorser se werkgewer, die Skoleondersteuningsentrum, as deel van die instansie se poging om werknemers deur onderrig op te hef. Aangesien die Skoleondersteuningsentrum deel vorm van die Solidariteit Beweging, wat ook Maroela Media beheer, is die navorser bewus daarvan dat haar posisie die objektiwiteit van die navorsing kon beïnvloed. Flick (2009:16) noem dat 'n navorser se eie subjektiwiteit en ervaring van die data ook in ag geneem moet word tydens die kwalitatiewe navorsingsproses. Daarom is dit belangrik vir die navorser om deurlopend te reflekteer oor sy of haar denke en aksies tydens die navorsingsproses (Flick, 2009:16). In die semi-gestruktureerde onderhoude, sowel as die ontleding van data, was hierdie navorser deurlopend bewus van die moontlike vooroordeel wat uit haar posisie spruit. Gevolglik was die navorser besonders bedag daarop om deelnemers en data objektief te hanteer.



Die nadeel van die navorser se posisie is dat die navorser in versoeking gebring kan word of deur die werkgewer gedruk mag word om data subjektief voor te stel ten einde Maroela Media in 'n positiewe lig te stel. Die navorser was dus besonder versigtig om die data objektief te bekyk en nie eensydige bevindings te maak of data te manipuleer nie. Beide Maroela Media en die Skoleondersteuningsentrum respekteer die navorser se strewe na objektiwiteit en onafhanklikheid en het op geen manier probeer om die navorsingsproses of bevindings te beïnvloed nie. Verklarings in dié verband vanaf beide instansies is aangeheg as Addenda D en E. Die instansies besef ook die waarde van objektiewe, geloofwaardige navorsingsbevindings, al is dit nie noodwendig positief teenoor Maroela Media nie. Dit is omdat navorsing bepaalde tekortkominge of uitdagings kan identifiseer wat Maroela Media kan help om sy prioriteite en digitale strategieë dienooreenkomstig te bely.

Die voordeel van die navorser se posisie is dat die navorser makliker toegang tot data gehad het, juis omdat deelnemers van die webtuiste vertrouwd is met die navorser. Redakteurs van Maroela Media het moeite gedoen om die navorser van hulp te wees en die nodige inligting te verskaf. Redaksielede was ook gemaklik met die navorser en kon gevolglik meer eerlik en volledig op onderhoudsvrae antwoord.

Omdat die navorser leserskommentare ontleed het wat op Maroela Media geplaas is, moes die navorser die etiese implikasies hiervan ook oorweeg. Hoewel Maroela Media bewus is daarvan dat die navorser leserskommentare op sy webtuiste ontleed het, was lesers nie bewus daarvan nie. Wimmer en Dominick (2011:81) noem hierdie metode passiewe navorsing. Soos in afdeling 4.3.3 genoem, is Maroela Media 'n openbare platform, wat toeganklik is vir alle lede van die publiek sonder dat 'n wagwoord of registrasie vereis word. Daarom kan die navorser aanvaar dat lesers besef hul kommentaar is in die openbare domein en dit dus ontleed kan word sonder enige verdere etiese implikasies.

#### **4.6 Samevatting**

In Hoofstuk 4 het die navorser uiteengesit hoe die data vir die navorsingstudie ingewin en ontleed is. Soos in hierdie hoofstuk genoem, het die navorser 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp gebruik om te probeer vasstel tot watter mate Maroela Media die Afrikaanse gemeenskap se toegang tot die openbare sfeer bevorder.

Ten einde kwalitatiewe data in te vorder, het die navorser semi-gestruktureerde onderhoude met van Maroela Media se redaksielede gevoer en leserskommentare op gepubliseerde berigte

ingewin. Redaksieledes en leserskommentare wat deel vorm van die studie is deur middel van doelgerigte steekproefneming geïdentifiseer.

Die navorser het ook uiteengesit hoe data deur middel van kwalitatiewe inhoudsontleding ontleed is en dat voorlopige temas geïdentifiseer is om data in te kodeer.

Laastens het die navorser kennis geneem van etlike etiese kwessies wat tydens die invordering en aanbieding van data na vore gekom het. Die navorser het verduidelik hoe elk van hierdie etiese kwessies hanteer is, veral wat betref befondsing van die navorsing deur die navorser se werkgewer, die Skoleondersteuningsentrum. Hoewel die navorsing befonds is deur 'n sustermaatskappy van Maroela Media, is die navorser oortuig dat hierdie befondsing nie die navorser se objektiviteit of die navorsing se geloofwaardigheid beïnvloed het nie.

In die volgende hoofstuk word die bevindings van hierdie studie bespreek.

## Hoofstuk 5: Bevindings

### 5.1 Inleiding

Volgens Du Plooy (2009:100) moet data ontleed en geïnterpreteer word ten einde bepaalde bevindings te maak wat verband hou met die konteks van die navorsingstudie. Hierdie bevindings word dan bespreek deur te verwys na die hoofpatrone of tendense wat na vore kom in die data (Mouton, 2001:124). Die navorser sal dus hierdie hoofstuk daaraan wy om bevindings van haar eie navorsingstudie uiteen te sit.

Soos in Hoofstuk 4 genoem, het die navorser data ingesamel deur semi-gestruktureerde onderhoude met redaksieledes van Maroela Media te voer, sowel as deur leserskommentare op Maroela Media se webtuiste in te win.

Die doel van onderhoude met redaksieledes was om te probeer vasstel wat hul opinie oor en ervaring van leserskommentare op Maroela Media is, veral met betrekking tot leserskommentare oor grondonteiening sonder vergoeding. Tydens onderhoude met agt redaksieledes het die navorser probeer vasstel wie se opinies op die platform voorgestel word en of 'n wye verskeidenheid stemme teenwoordig is. Vrae het ook ten doel gehad om te bepaal tot watter mate lesers toegelaat word om hul opinies vrylik te lug, hoe kommentare bydra tot die openbare debat oor grondhervorming en wat die gehalte is van kommentare wat op Maroela Media geplaas word. Die volledige vraelys wat tydens die onderhoud gebruik is, is as Addendum F aangeheg.

Ten einde die data te ontleed, het die navorser gebruik gemaak van kwalitatiewe inhoudsontleding. Kwalitatiewe inhoudsontleding behels dat bepaalde kode-eenhede geïdentifiseer word wat die data die beste beskryf (Engelbrecht, 2016:118). “Dit beteken dat die navorser sy of haar dokument of getranskribeerde data reël vir reël deurlees en merk met simbole, beskrywende woorde of name,” verduidelik Engelbrecht (2016:118).

Soos in Hoofstuk 4 genoem, is data van die onderhoude en leserskommentare apart gekodeer deur eenhede wat dieselfde temas of woorde bevat, saam te groepeer. Op dié manier kon die navorser enkele oorhoofse temas identifiseer wat voorkom in antwoorde op onderhoudsvrae, sowel as in leserskommentare.

Omdat nagenoeg 4 000 leserskommentare oor grondonteiening sonder vergoeding tussen Februarie en Augustus 2018 op Maroela Media verskyn het, het die navorser kommentare uit elkeen van daardie maande ontleed totdat 'n punt van versadiging bereik is en geen meer inligting uit dié bepaalde maand se data na vore gekom het nie. Hierdie metode is in meer besonderhede in Hoofstuk 4 (afdeling 4.4) bespreek. Die navorser het in totaal 994 leserskommentare ontleed, wat

beteken dat tussen 25% en 45% van die totale kommentare in elke afsonderlike maand ontleed is, met die uitsondering van Augustus. Die navorser het 173 (12%) van die 1 500 leserskommentare wat in Augustus gepubliseer is, ontleed, omdat kommentare in hierdie maand baie meer was as in vorige maande en 'n punt van versadiging vroeër bereik is.

Bevindings wat gemaak is uit die ontleding van semi-gestruktureerde onderhoude en leserskommentare word saam in die volgende afdeling bespreek, ten einde 'n meer omvattende beskrywing van leserskommentare te bied.

## 5.2 Bespreking van bevindings

Temas wat gebruik is om die data van beide die onderhoude en leserskommentare te kodeer, het grotendeels ooreengestem met temas wat vooraf geïdentifiseer is, aan die hand van die literatuurstudie en teoretiese onderbou van die studie. Die navorser kon vasstel dat alle data, afkomstig van beide die onderhoude en leserskommentare, in een van vier kategorieë gekodeer kon word. Die kategorieë en hul beskrywing word in Tabel 5.1 uiteengesit.

**Tabel 5.1: Uiteensetting van die vier temas waarvolgens data gekodeer is**

<b>Tema</b>	<b>Beskrywing van ideaal waaraan webtuiste gemeet word</b>
Tema 1: Maroela Media as platform vir konstruktiewe debat	Gesprekke op die webtuiste is sinvol, relevant en bevat nie emosioneel-gelaaide woorde en frases nie.
Tema 2: Vryheid van spraak en toeganklikheid	Alle Afrikaanssprekendes het dieselfde geleentheid om hul opinies te gee en aan die digitale gesprek deel te neem. Dit sluit in dat alle lesers en hul opinies met respek hanteer word, sonder om beledig of aangeval te word.
Tema 3: Verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekendes	Alle opinies en sienswyses binne die Afrikaanse gemeenskap moet op gelyke basis verteenwoordig word. Die opinies van Afrikaanssprekendes van verskillende geslag, ras en ekonomiese klas moet dus op Maroela Media verskyn.
Tema 4: Ontstaan van 'n digitale gemeenskap in die kommentaarafdeling	Bande word gesmee tussen verbruikers met soortgelyke belangstellings deurdat lesers met mekaar in gesprek tree en mekaar ondersteun.

Drie uit die vier bogenoemde kategorieë of temas stem ooreen met die temas wat aanvanklik vanuit die navorser se deeglike literatuuroorsig geïdentifiseer is. Net die vierde tema, naamlik die ontstaan van 'n digitale gemeenskap, is as bykomende tema geïdentifiseer. Soos in Hoofstuk 4 (afdeling 4.4) genoem, kan nuwe temas tydens die ontledingsproses genereer word soos inligting binne die data ontsluit word. Enkele van die redaksielede en lesers se opmerkings het die navorser op hierdie tema attent gemaak. Die bevindings van die inhoudsontleding, van die data verkry van beide die onderhoude en leserskommentare, word vervolgens aan die hand van hierdie vier temas bespreek.

### **5.2.1 Tema 1: Maroela Media as platform vir konstruktiewe debatvoering**

Opsommenderwys is dit uit die ontleding van onderhoude duidelik dat redaksielede meen leserskommentare is dikwels nie konstruktief nie, maar eerder emosioneel en sinneloos. Daarom dat hulle kommentare streng monitor ten einde konstruktiewe debat te bevorder. Ontleding van kommentare wys egter dat redaksielede nie altyd daarin slaag om te verseker dat gesprekke daadwerklik bydra tot die openbare gesprek oor grondonteiening sonder vergoeding nie. Kommentare op opiniestukke is wel minder aanvallend en emosioneel en bevat meermale feitelike stellings.

#### **5.2.1.1 Tema 1: Semi-gestruktureerde onderhoude**

Redaksielede sê lesers lewer dikwels emosionele, beledigende of sinnelose kommentaar op Maroela Media se berigte oor grondonteiening sonder vergoeding. Marine Lourens, nuusredakteur, verduidelik dat die doel van die kommentaarafdeling is om by te dra tot die openbare gesprek rondom grondonteiening sonder vergoeding, maar dat die gesprek nie altyd sinvol of konstruktief is nie.

Tania Heyns, junior joernalis, stem saam en sê indien lesers ingeligte opinies lewer, daar wel lekker debat kan ontstaan. “Daar is regtig persone wat baie ingelig is en weet waarvan hulle praat. Maar daar is altyd lesers wat geraas byvoeg,” sê Heyns.

Susan Lombaard, uitvoerende hoof van Maroela Media, sê lesers raak dikwels emosioneel oor hul standpunte en verloor dan die vermoë om sinvol te redeneer. Gevolglik ontbreek konstruktiewe debat in kommentaarafdelings, sê Lombaard. “Dit is ook soms duidelik uit kommentare dat lesers hul opinie lug oor 'n saak sonder om die betrokke berig te lees,” sê Lombaard.

Yolanda<sup>12</sup>, 'n voormalige joernalis van Maroela Media, sê sy dink nie alle kommentare wat sy gemodereer het, was onsinnig nie, “hoewel die kwaliteit van kommentaar op sekere berigte nie konstruktief of sinvol was nie”.

Este Meyer-Jansen, redakteur van Maroela Media se opinie-afdeling, meen wel dat kommentare wat op opiniestukke gelewer word, minder aanvallend en meer feitlik en tot die punt is. Die opinie-afdeling is 'n afdeling op die webtuiste waar kenners, lesers en belanghebbendes se skrywes oor verskeie nuus-onderwerpe geplaas word. Lombaard sê ook kommentare in die opinie-afdeling is minder emosioneel en dat lesers hier goeie argumente voer.

Redaksieledede doen klaarblyklik hul bes om kommentare te bestuur ten einde die gehalte van konstruktiewe debat op die platform te bevorder. Dit word gedoen deur kommentare wat nie relevant of sinvol is nie so vinnig moontlik te verwyder. Kobus Bezuidenhout, web- en tegniese bestuurder van Maroela Media, sê dit is vir redaksieledede belangrik om die gesprek te bestuur, ten einde 'n omgewing te skep waar sinvolle debat kan plaasvind, terwyl soveel as moontlik mense toegelaat word om hul opinies uit te spreek.

Bezuidenhout het, na afloop van die navorser se onderhoud met hom, per e-pos verduidelik dat kommentare outomaties gereguleer word deur 'n funksie wat in Wordpress<sup>13</sup> ingebou is. Hierdie funksie laat toe dat kommentare wat na alle waarskynlikheid onvanpaste inhoud bevat onmiddellik verwyder word of teruggehou word vir moderering, het Bezuidenhout per e-pos geantwoord. In die navorser se aanvanklike onderhoud met Bezuidenhout het hy gesê Wordpress identifiseer onvanpaste kommentare deur middel van bepaalde sleutelwoorde wat vooraf deur redaksieledede aan dié platform verskaf word. Dit sluit in vloekwoorde en rassistiese slagspreuke. Bezuidenhout sê kras of aanstootlike bewoording word ook as onvanpas beskou en kommentare wat dié woorde bevat, word ook outomaties verwyder. Op dié manier, sê Bezuidenhout, kan Maroela Media verseker dat enige rassistiese kommentaar of iets wat neerkom op haatspraak onmiddellik van die platform verwyder word.

Heyns voer aan dat Maroela Media'n baie goeie stelsel het om kommentare te monitor en seker te maak aanstootlike kommentare word so vinnig moontlik verwyder. Heyns verduidelik dat kommentare wat nie outomaties deur Wordpress verwyder is nie sorgvuldig deur redaksieledede deurgelees word om te verseker alle kommentare voldoen aan die riglyne vir kommentare op Maroela Media.

---

<sup>12</sup> Yolanda is die skuilnaam vir 'n voormalige redaksielid van Maroela Media wat nie geïdentifiseer wil word nie.

<sup>13</sup> Wordpress is 'n gratis aanlynplatform wat inhoud bestuur wat verbruikers op hul webtuistes plaas (What is Wordpress? 2019)

Yolanda sê hoewel leserskommentare soms irrelevant is, is die modereerder aan diens veronderstel om daarvan kennis te neem en irrelevante kommentare te verwyder.

Nico Strydom, redakteur van Maroela Media, noem egter dat dit moeilik is om alle kommentare te monitor, weens die hoeveelheid kommentare wat op die webtuiste verskyn. Bezuidenhout sê ook dat dit baie tyd en arbeidskrag verg om kommentare te monitor en dat Maroela Media beperkte menslike hulpbronne het om dit te doen.

Nóg 'n maatreël om gesprekke van goeie gehalte te verseker, sê Lombaard, is om lesers beperkte geleentheid te bied om kommentaar te lewer. Volgens Lombaard het die redaksie besef dat kommentare minder relevant en sinvol was hoe meer tyd verloop het nadat 'n berig geplaas is. Ten einde kommentare beter te bestuur, het die redaksie besluit om kommentare 48 uur nadat 'n berig gepubliseer is, te sluit, sê Lombaard.

Omdat kommentare streng bestuur word, is van die redaksielede tevrede dat weldeurdagte en diverse opinies gelewer word deur mense wat kennis het van die betrokke onderwerp. Meyer-Jansen sê die debat is konstruktief, juis omdat Maroela Media se redaksielede dit bestuur en reguleer. Sy sê Maroela Media bied die geleentheid vir lesers om hul opinie te lug, terwyl redaksielede steeds beheer oor die debat uitoefen om te verseker dit is sinvol en konstruktief. Danksy hierdie ingryping, sê Meyer-Jansen, word 'n paar sterk opinies op die webtuiste gelewer, wat die debat verryk.

Strydom sê ook die debat raak toenemend konstruktief en dat kommentare op Maroela Media waarde bydra tot die openbare debat oor grondhervorming. Dit gebeur deurdat lesers verskillende opinies en perspektiewe op berigte lewer en hul opinies verduidelik, sê Strydom. Yolanda meen ook die nuuswebtuiste bied geleentheid vir lede van die samelewing om 'n sinvolle bydrae tot konstruktiewe debat te lewer. "Baie van die ouer lesers het uitstekende wêreld- en algemene kennis en dra sinvol by deurdat hulle ingeligte opinies deel en vrae vra," sê Yolanda.

Sy glo egter nie Maroela Media is werklik effektief as openbare platform nie, omdat leserskommentare waarskynlik nie daadwerklike verandering sal meebring oor 'n kwessie soos grondonteiening sonder vergoeding nie. Lombaard sê ook hoewel lesers soms goeie argumente voer, sal dit nie maklik ander kan oortuig om hul opinie te verander nie.

### 5.2.1.2 Tema 1: Kommentare

Tydens ontleding van die leserskommentare<sup>14</sup> het dit duidelik geword dat die skrywers daarvan dikwels hoogs emosioneel was. Emosionele kommentare bevat gelaaide woorde soos “gatvol” en “haat”, asook talle hoofletters en leestekens. Spel- en tikfoute dui ook daarop dat die kommentaar waarskynlik haastig getik is. Die volgende dien as voorbeelde van emosionele kommentaar:

Hoop julle oë gaan oop,, al is dit te laat,,WORD WAKKER!!!,WORD WAKKER,!!!! WORD WAKKER!!!.as jy nou nog dink hulle gee om vir jou,, Dan moet hulle maar eerste jou grond vat. (Johan. H., Februarie)

Hulle soek WRAAK op die witmens vir apartheid. (Nooit tevrede nie, Mei)

(...) ons het hulle bederf deur als in hul kele aftedruk en dan kots hulle dit net weer op. Ons gaan produktiewe grond / boere en werkergevers so verkrag. (Francois van der Merwe, Junie)

Kry julle blerrie mense in orde. Hulle breuk die land af. Gatvol. (Bouplan, Augustus)

Lesers sweep mekaar ook op met sprake van oorlog en aanhitsing tot geweld. Veral in Februarie, toe die nuus oor die moontlikheid van grondwetlike veranderings vir grondonteiening sonder vergoeding gebreek het, was kommentare besonders aggressief:

(...) Bewapen juiself want hier kom oorlog. (Bad Prit, Februarie)

My grond is soos my geloof, ononderhandelbaar. As jy dit wil vat sal jy met bloed daarvoor betaal. (Werner, Maart)

Ek gaan my grond verloor maar voor dan gaan die bloed op my plaas eers loop. (Vermeendes, Junie)

Klink my my browns [oorlogsuniform] moet weer gestryk word. (Mark, Julie)

---

<sup>14</sup> Kommentare is verbatim oorgetik en spel-, tik- en taalfoute is met opset in die teks agtergelaat. Die navorser is van mening dat die manier waarop ’n kommentaar geskryf is net soveel betekenis dra as die inhoud van die kommentaar.



Kommentare wat uiters pessimisties, hopeloos en dikwels irrasioneel is, bied ook nie konstruktiewe oplossings vir die debat rondom grondonteiening sonder vergoeding nie.

Ek sal seker maak dat daar na my tyd nie eens 'n duif op daai grond sal oorleef nie, (...) daar sal nie eens 'n dubbeltjie leef nie. (Johan, Februarie)

Ons het tyd om ons sake in orde te kry, mense ek self bly op 'n plaas kry uit hom wat jy kan, verkoop implemente wat rondstaan. Kry n paspoort ek glo nie daar gaan vir ons n uitweg kom. (Amelita, Junie)

Die land is nou finaal in sy glory. So jammer dat so mooi land ten gronde gaan deur useless mense. Ons vir jou Suid Afrika. RIP. (honourable member, Augustus)

Dit is wel opvallend dat kommentare heelwat meer konstruktief is wanneer lesers kommentaar lewer op 'n opinie-artikel, net soos redaksielede in afdeling 5.2.1.1 aanvoer. Lesers is dan kalm en beredeneerd en gee waardevolle feite wat bydra tot die gesprek. In kommentaar op 'n opiniestuk deur Kallie Kriel<sup>15</sup> op 1 April (Kriel, 2018), wat noem dat wit mense grond wettig bekom het, skryf lesers:

'n Groot deel van Noord Natal in die Vryheid gebied is wettiglik deur die Zoeloe koning Dinuzulu aan genl. Lucas Meyer gegee in ruil vir militêre hulp teen 'n groep wat teen hom in opstand gekom het. (Scalla, April)

Tydens die Mfecane het die oorlewendes van verskeie stamme by die Voortrekkers gepleit om beskerming en het dus grond aan die Voortrekkers afgestaan juis om hul beskerming te geniet. (Casper Labuschagne, April)

Onder aan berigte oor die openbare verhore met betrekking tot grondonteiening sonder vergoeding, opper lesers ook geldige probleme en bied waardevolle inligting:

En omtrent al die datums is op weksdae tydens werksure. (TDW a, Junie)

Waarom nie n vergadering in musina...louis trichardt area nie..weet hulle hoeveel boere is hierdiekant van berg...laatmens wonder. (Bosvelder, Junie)

---

<sup>15</sup> Kallie Kriel is die hoof- uitvoerende beampte van die burgerregte-organisasie AfriForum, wat ook deel vorm van die Solidariteit Beweging (AfriForum, g.d.).

In Welkom het ons ook in lang rye gestaan, ons het geen nommers ontvang wat bepaal hoeveelste ons in die ry staan. Binne in die saal is daar vir groepe tot 20 nommers gegee, as jy jou saak wil stel, 20 stoele het in n enkel ry van die microphone na agter toe gestaan, mits jy n nommer het kan jy daar gaan sit. (Willie, Augustus)

Volgens hierdie navorser se ontleding is kommentare meermale relevant tot die inhoud van die berig. Lesers dwaal egter soms van die punt af wanneer verwysings na geloof ter sprake is. Hulle sal met mekaar begin stry oor die rol van geloof met betrekking tot grondonteiening sonder vergoeding. Kommentare onder aan 'n berig op 5 April (Maroela Media, 2018a) dien as goeie voorbeeld van hoe lesers se gesprek wegbeweeg van die inhoud van die berig – en hoe hulle met mekaar in gesprek tree. Die berig handel oor 'n hofsaak teen Julius Malema nadat dié leier van die Ekonomiese Vryheidsvegters ondersteuners van sy party aangehits het om grond sonder toestemming te beset:

Die Here sal besluit, niemand anders nie. (jan\_alleman)

Jan Alleman, jy bely dat God die beskikker is van ons deel en lot in 'n enkele sin. En dit is onnodig om te verduidelik dat jy weet dat Hy ook mense gebruik waar en hoe Hy ookal bestem. (Cornelia a)

Asb. tog, dit is van bid en daarna handjies gevou sit en wag vir 'n wonderwerk om te gebeur dat die land so lyk. Die mense moet die volgende probeer, bid en doen dan self iets om jou gebede te regverdig. (HPV)

Asb tog, lees jou Bybel. Net God kan en mag oordeel. Hy het self so gesê.  
(Griki)

HPV, wonderwerke is wat die woord sê: werke wat slégs God kán doen. (...)  
(Cornelia b)

Uit bogenoemde ontleding blyk dit kommentare is meermale nie konstruktief nie en sinneloos, hoewel dit gewoonlik relevant is tot die onderwerp.

## 5.2.2 Tema 2: Vryheid van spraak en toeganklikheid

In breë trekke en na aanleiding van antwoorde op semi-gestruktureerde onderhoude blyk dit dat Maroela Media se redaksielede die webtuiste as toeganklik beskou en meen dat lesers hul opinies vrylik hier kan lug, ondanks die feit dat talle kommentare verwyder word. Ontleding van leserskommentare met verwysing na hierdie tema wys egter dat lesers mekaar dikwels aanval indien hulle nie saamstem nie en ook onderliggend rassistiese uitsprake maak.

### 5.2.2.1 Tema 2: Semi-gestruktureerde onderhoude

Maroela Media se redaksielede is van mening dat die nuuswebtuiste toeganklik is vir lede van die Afrikaanse gemeenskap. Suné van Heerden, handelsmerk- en sosialemediabestuurder, meen Maroela Media is toeganklik omdat die webtuiste gratis is en 'n veilige omgewing skep waar lesers hul opinies kan gee. Heyns sê dit is baie maklik vir enigiemand om kommentaar te lewer.

Bezuidenhout stem saam en sê die toename in die aantal kommentare op die platform is bewys van die toenemende toeganklikheid van die platform. In 2011, kort nadat Maroela Media tot stand gekom het, het slegs 654 kommentare verskyn, het Bezuidenhout geantwoord op 'n opvolgvraag per e-pos. In 2018 is meer as 153 000 leserskommentare op Maroela Media gepubliseer, het Bezuidenhout per e-pos geantwoord.

Meyer-Jansen meen die kommentaarafdeling op Maroela Media is veral 'n uitlaatklep vir Afrikaanssprekendes, omdat hulle voel dat hul politieke insette andersins geïgnoreer word.

Om te verseker dat lesers nie afgeskrik word daarvan om aan die debat deel te neem nie, verwyder redaksielede so gou moontlik enige kommentare wat aanstootlik of beledigend is. Van Heerden verduidelik dat Maroela Media se redaksielede 'n kommentaar verwyder indien dit ten doel het om ander lesers uit te lok:

Ons modereer gesprekke op Maroela Media waar lesers teenstrydige standpunte het, om te verseker dat hulle mekaar nie persoonlik aanval nie. (...) sodra hulle die leser persoonlik aanval, word [die kommentaar] verwyder.

Lourens sê dit gebeur gereeld dat lesers beledigend teenoor mekaar optree en mekaar nie met respek hanteer nie, maar volgens haar word enige persoonlike aanval verwyder. Bezuidenhout sê lesers moet voel dit is veilig om aan die gesprek te kan deelneem. Bezuidenhout sê omdat kommentare streng gemodereer word, glo hy lesers is vry om hul opinie te lug.

Lombaard meen ook die gevalle waar lesers mekaar beledig, word al minder. Volgens Lombaard is een van die redes hiervoor dat lesers nie werklik kans kry om in 'n bekgeveg met mekaar betrokke te raak nie, omdat beledigende kommentare vinnig verwyder word. “As ons dit los, raak dit lelik. Maar ons moniteer [kommentare] streng,” sê Lombaard.

Tog meen sommige redaksielede dat enkele lesers steeds afgeskrik word deur antagonistiese gedrag in die kommentaarafdeling. Lourens sê:

Lesers raak vyandig teenoor mekaar wanneer hulle van mekaar verskil en kommentare kan vinnig ontaard in 'n bekgeveg. Hierdie gedrag sal sommige lesers afskrik, maar ander weer aanvuur om hulself te wil verdedig.

Lombaard is ook van mening dat van die lesers nie waag om teenstrydige opinies te lewer nie, omdat hulle bang is vir die reaksie wat dit sal uitlok. Volgens Yolanda<sup>16</sup> sal sommige gematigde lesers ander se teenstrydige opinies erken en met hulle probeer skakel in 'n sinvolle gesprek. “Ander sal hom uitskel as 'n ‘volksverraaier’ of ‘ja-stemmer’.”<sup>17</sup>

Lombaard sê dit kan ook gebeur dat 'n onderliggende boodskap van rassisme in 'n kommentaar voorkom wat gepubliseer word, wanneer dit nie direk strydig is met Maroela Media se beleid of riglyne nie: “Ons laat dit toe, omdat ons van vryheid van spraak wil handhaaf en nie sensuur wil toepas nie.” Yolanda noem dat lesers onderliggend rassistiese opmerkings maak deur na swart mense as “hulle” te verwys:

Van die problematiese kommentaar wat ek gemonitor het sluit in, ‘Hulle weet nie hoe om te boer nie’, ‘Hulle sal die grond vernietig’ of ‘Hulle is soos sprinkane oor 'n veld’.

Nog 'n bevinding uit antwoorde vanaf redaksielede is dat baie opinies nie op die platform verskyn nie, omdat groot hoeveelhede kommentare verwyder word weens die rassistiese, irrelevante of aanstootlike aard van hierdie kommentare.

Meyer-Jansen sê tot 50% van kommentare word soms onder aan 'n enkele berig verwyder, afhangende van die onderwerp en negatiewe aard van die berig. Yolanda skat sy het die vorige jaar ongeveer 35% van kommentare onder aan berigte oor grondonteiening sonder vergoeding verwyder terwyl sy aan diens was as modereerder. Lombaard sê dit kan gebeur dat berigte soveel aanstootlike

<sup>16</sup> Yolanda is die skuilnaam vir 'n voormalige redaksielid van Maroela Media wat nie geïdentifiseer wil word nie.

<sup>17</sup> In die 1992-referendum is wit Suid-Afrikaners gevra of hulle ten gunste van of teen die afskaffing van Apartheid is (South African History Online, 2012). Die kommentaar verwys na diegene wat ten gunste van die afskaffing van Apartheid gestem het.

kommentare uitlok dat die kommentaarafdeling onder aan die betrokke berig gesluit word nog voor die 48-uur-tydperk verstryk het. “Dit gebeur egter baie selde,” sê Lombaard.

Al word talle kommentare verwyder, meen redaksieledes dat lesers steeds ’n volwaardige geleentheid gebied word om hul opinies te lug. Meyer-Jansen meen lesers se vryheid van spraak word nie ingeperk nie, omdat lesers weet wat van hulle verwag word en die kommentaarbeleid duidelik op die webtuiste uitgestippel word. Heyns sê ook lesers het ’n regverdigte kans om gehoor te word, omdat hulle duidelik weet wat toegelaat word en wat nie. Heyns noem ook dat Maroela Media nie kritiek teen die webtuiste self uitwis nie.

Strydom meen hoewel kommentare “redelik gereeld” verwyder word, slaag die webtuiste daarin om vryheid van spraak te handhaaf, sonder om inbraak te maak op ander se regte deur haatspraak te publiseer. Volgens Lombaard wil Maroela Media sy lesers sover moontlik die geleentheid bied om hul stem te laat hoor, daarom dat riglyne verskaf word en lesers leiding gegee word in hoe om aanvaarbare kommentaar te lewer:

Ons verduidelik ook soms vir lesers hoekom ons kommentaar verwyder het, sodat hulle nie dieselfde fout herhaal nie. Ons wil hulle help om kommentaar te verbeter sodat hulle soveel moontlik geleentheid het om deel te neem aan die gesprek.

Hieruit volg dat redaksieledes van mening is dat die platform geleentheid bied vir ’n verskeidenheid Afrikaanssprekendes om hul opinies te lug.

### **5.2.2.2 Tema 2: Kommentare**

’n Groot aantal kommentare deur ’n verskeidenheid lesers verskyn onder elke berig oor grondonteiening sonder vergoeding op Maroela Media. Dit wil dus voorkom of die platform toeganklik is vir lede van die Afrikaanse gemeenskap om deel te neem aan die gesprek, net soos redaksieledes in afdeling 5.2.2.1 beweer.

Kommentare is egter meermale aanvallend en neerhalend teenoor ander lesers. ’n Ontleding van kommentare wys dat lesers wat nie van ’n regse, konserwatiewe politiese oortuiging is nie gereeld persoonlik aangeval word. Die volgende aanvallende kommentare verskyn byvoorbeeld op die webtuiste:

Kom ons noem die liberale blankes wat hulle is asb—Hensoppers en Joiners. (Monique, Februarie)

Die linkse liberaliste in ons geleedere is soos 'n kanker. Hulle gaan hulleself uitfaseer. (GES, Mei)

Hoop die Afrikaner se oë gaan nou oop. Ek praat van regte Afrikaners, nie hans- kakies nie. (Wiehan, Julie)

Talle kommentare bevat 'n rassistiese ondertoon, veral deur die gebruik van die woord “hulle” wanneer na swart mense verwys word, soos ook deur redaksielede in 5.2.2.1 uitgelig.

Sommige kommentare beledig swart mense deur 'n veralgemening van hul intelligensie of werksetiek. Hierdie kommentare sluit in:

Hulle wil alles he, maar wil vir niks werk nie. (Penelope Jones, Mei)

Geen vermoë tot selfs die geringste logika nie. Tipies Afrika trant. (humor, Julie)

(...) hulle wil op hul agterente sit en dagga rook terwyl wit boere die werk moet doen (...). (leser, Augustus)

Die volgende kommentaar verskyn op 'n berig op 1 Augustus, wat aandui dat di ANC van plan is om wel die grondwet te verander (Maroela Media, 2018b):

(...) Ons toekoms is uitgelewer aan mense wat nie eens die verantwoordelikheid het om oordeelkundig aan te was nie. (humor, Augustus)

Kommentare is veral aanvallend wanneer lesers van mekaar verskil. Dan word lesers neerhalend behandel, verkleineer en afgejak. Die leser “Elsa” kla soos volg in Februarie oor die aantal negatiewe kommentare op Maroela Media:

Klomp negatiewe kommentare...ag nee man, julle tree op soos die mense waarvan julle praat, (...)

In antwoord hierop skryf die leser “LAG MY DOOD”:

Dit is die lekkerste wat ek nog gelag het. WAAROOR wil jy positief wees? Seker ook een van die mense wat NIKS besit om gevat te word nie (...) Dit

gaan die STAAT se grond wees ELSA, lyk my jy het ook nie 'n radio of tv nie .. jy verstaan hierdie prentjie heeltemal verkeerd.

In Mei lewer die leser "John" die volgende kommentaar op 'n berig oor AfriForum wat 'n memorandum oor grond aan ambassades oorhandig het (Maroela Media, 2018c):

AfriForum is so ietwat besig om op sy eie te funksioneer. Het dit die toestemming van al die boere in die gebiede ter sprake? Hulle praat ook nie namens ander Afrikaners in die land nie.

Gevolgtrek val ander lesers hom persoonlik aan:

Dear John miskien moet jy wakker word en bietjie dink. (aneja, Mei)

Ag asb John. Skrik wakker. Afriforum voer my as lid se mandaat uit. As jy nie lid is nie, bly stil. (Gerhardt O)

Die leser "Lerato" skryf in Junie dat almal wat gal braak oor pres. Cyril Ramaphosa moet beseef dat hy reeds baie in 'n kort tyd vermag het. Gevolgtrek antwoord die leser "Sussie":

Ja Lerato noen jy vir ons wat het hy kastis kamme so baie vermag????????????????????? ek sal jou se- PLAAS MOORDE&It; KORUPSIE ENS ENS ENS.....

Die leser "Francois le Cochon" lewer die volgende kommentaar oor grondonteiening in Augustus:

Indien 'n boer se plaas afgevat word, beteken dit hy verloor sy werk. (...) Boere wie se plase afgevat word moet maar net soos alle ander mense 'n ander werk gaan soek. Voedselsekuriteit is ook nie 'n kwessie nie. Kos kan koedkoper ingevoer word (...).

In reaksie hierop antwoord ander lesers:

Francois, gaan lê asb totdat jou brein kan opvang met jou mond. "ander werk gaan soek" is jy kên's? (Albe, Augustus)

Francois le Cochon - Duidelik is jy nie 'n boer, afrikaner of christen nie. (RJS, Augustus)

Francois, dit lyk my steeds jy is baie ani- boer wat maar seker is omdat jou ouers jou nie geleer het om "dankie" te se vir die kos wat jy saans op die tafel het nie. (Piet a, Augustus)

Hierdie persoonlike aanvalle keer Francois le Cochon egter nie om verder aan die gesprek deel te neem en waardevolle insette te lewer nie. Hy antwoord soos volg:

Kleinhandelaars gaan kos invoer vir baie goedkoper as wat ons boere dit voor produseer. So, minder kommersiële boere in SA beteken goedkoper kos vir ons burgers (...). (Francois le Cochon, Augustus)

@Piet. By Checkers koop ek goedkoper ingevoerde kaas uit Ierland, goedkoper ingevoerde gevriesde groente uit Frankryk, goedkoper ingevoerde spare ribs uit Spanje (...). (Francois le Cochon, Augustus)

Sommige kommentare skep 'n gevoel van "ons en hulle" tussen wit en swart Suid-Afrikaners. Hierdie kommentare suggereer dat wittes deur ander rasse benadeel word en lui onder meer soos volg:

Die EFF sal NOOIT gaan lê totdat die 'geskiedkundige bevoorreedes' se taal, kultuur, ekonomie en lewensreg hom ontnem is. In kort, totaal gestroop van sy identiteit. Gereduseer tot regte wat grens aan die van 'n Auschwitz inwoner. (Milan, Februarie)

Maak nie saak wat ons sê of doen nie, hulle is nou in die meerderheid. (At, Maart)

Hulle behandel ons soos kriminele in ons eie land, intussen wil hulle ons heelyd as 'n minderheid intimideer en teen ons diskrimineer. (Nie meer ons land, Mei)

Hulle soek nie die grond om iets daarmee te doen nie, hulle wil die blankes van hulle grond ontnem om hulle te verarm. (Julius, Junie)

Party lesers kla ook dat hul kommentaar onnodig verwyder word en dat hulle nie vryheid van spraak het nie:



Ek sien julle by MM blokkeer kommentaar van sekere toestelle voor die voet deesdae. (Boerseun, Februarie)

(...) julle is baie gelukkig dat julle kommentare wel hier verskyn. Ek kry die gevoel dat (...) ek genuilband word. (Ditseem, Junie)

(...) Ek verstaan dan nie waarom MM so gretig is om aanhalings uit die Woord te delete nie. Beweer julle dan nie dat julle n christelike webwerf is nie? (Piet b, Augustus)

Hierdie kommentare wys egter dat Maroela Media lesers wel die geleentheid bied om hul ontevredenheid met die platform uit te spreek. Die volgende kommentaar dui ook op 'n leser se vryheid om Maroela Media te kritiseer, soos wat Heyns in afdeling 5.2.2.1 noem:

Maroela hoekom is daar geen berig oor wat tussen roets en shivambu gebeur het nie? Hierdie vergaderings is mos belangrik vir ons afrikaners, ons wil weet wat aangaan en ons verwag van julle om ons in te lig. (TDW b, Junie)

Dit blyk uit kommentare dat verskeie aanvallende -en onderliggend rassistiese leserskommentare op die webtuiste verskyn, maar dat nie alle lesers hierdeur afgeskrik word nie.

### **5.2.3 Tema 3: Verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekendes se opinies**

In beginsel is Maroela Media se redaksielede van mening dat die webtuiste geleentheid vir 'n wye verskeidenheid Afrikaanssprekendes se opinies bied, hoewel dit nie alle lede van hierdie taalgroep verteenwoordig nie. 'n Ontleding van kommentare wys wel dat verskillende opinies gehandhaaf word, hoewel eensydige opinies van wit Afrikaanssprekendes meermale in die kommentaarafdeling verskyn.

#### **5.2.3.1 Tema 3: Semi-gestruktureerde onderhoude**

Meeste redaksielede van Maroela Media meen dat 'n verskeidenheid opinies in Maroela Media se kommentaarafdeling verteenwoordig word.

Volgens Yolanda<sup>18</sup> is kommentare afkomstig van 'n verskeidenheid rolspelers wat betrokke is by die debat oor grondonteiening sonder vergoeding, insluitend boere, mense wat familie het wat moontlik hul plase kan verloor, oud-landdroste en prokureurs.

Heyns sê sy kan uit die inhoud van kommentare sien dat mense van verskillende ouderdomme kommentaar lewer, hoewel jonger stemme in die minderheid is:

Dis baie duidelik in die kommentaar dat die meeste van diegene wat kommentaar lewer middeljarig en ouer is deur die ervaringe en opinies wat hulle op die kommentaar deel. Diegene wat kommentaar lewer, dui egter glad nie op die sisteem hulle ouderdom aan nie.

Ondanks die feit dat hulle voel 'n verskeidenheid stemme is in die kommentaarafdeling teenwoordig, meen redaksieledes steeds dat nie alle Afrikaanssprekendes op Maroela Media verteenwoordig word nie.

Strydom sê hoewel 'n verskeidenheid opinies in die kommentaarafdeling gelewer word, dit moeilik is om alle Afrikaanssprekendes se opinies te verteenwoordig, omdat hierdie taalgroep soveel uiteenlopende standpunte oor grondonteiening sonder vergoeding het. Lombaard sê sy sou wou hê dat Maroela Media 'n meer sinvolle bydrae tot die openbare gesprek oor grondonteiening sonder vergoeding lewer, maar dat daar nie genoeg teenstrydige en veelsydige opinies op die webtuiste gelewer word nie.

Bezuidenhout meen dat Maroela Media nie verteenwoordigend kan wees van alle Afrikaanssprekendes nie, omdat Afrikaanssprekendes 'n diverse taalgroep is waarvan nie almal Maroela Media lees nie. Dit kan wees omdat die inhoud hulle nie interesseer nie of omdat hulle nie toegang tot Maroela Media het nie weens 'n algemene gebrek aan internettoegang, meen Bezuidenhout.

Van Heerden wys ook uit dat 'n groot aantal van Maroela Media se 1,5 miljoen unieke maandelikse lesers nie kommentaar lewer op berigte nie. Meeste lesers wat kommentaar lewer, lewer boonop herhaaldelik kommentaar, sê Van Heerden. Beide Strydom en Meyer-Jansen sê dat net tussen 10% en 20% van Maroela Media se lesers kommentaar lewer op berigte.

Meyer-Jansen voeg by dat lesers met uiterste politieke oortuigings meer geneig is om kommentaar te lewer. Die meerderheid lesers met meer gematigde politieke oortuigings se opinies word nooit in die kommentaarafdeling gelug nie, sê Meyer-Jansen. Van Heerden stem saam en sê

---

<sup>18</sup> Yolanda is die skuilnaam vir 'n voormalige redaksielid van Maroela Media wat nie geïdentifiseer wil word nie.

daarom is leserskommentare waarskynlik nie verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners, bruin óf wit, nie.

Meyer-Jansen sê hoewel dit vir die nuuswebtuiste belangrik is om stemme van ’n verskeidenheid ouderdomme en geslagte te kry, sukkel Maroela Media om jonger mense en vroue by die debat te betrek. “Maar ons werk daaraan,” sê Meyer-Jansen. Lourens spreek die wens uit dat die nuuswebtuiste ’n manier vind om meer mense by die debat te betrek en dit sinvol te bestuur.

Die negatiewe aard van meeste kommentare en ooreenstemmende temas in die kommentaarafdeling is verder tekenend daarvan dat die debat nie verteenwoordigend is nie, volgens heelparty redaksieledes. “Negatiewe lesers is meer geneig om kommentaar te lewer, omdat hulle magteloos voel en voel dit is hul enigste uitlaatklep,” sê Lombaard. Daarom, sê Lombaard, kan leserskommentare nie as verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekendes se opinies beskou word nie.

Lourens kan nie onthou dat enige kommentare wat sy monitor al ooit ten gunste van grondonteiening sonder vergoeding was nie en sê lesers kritiseer gereeld die ANC en EFF. Strydom sê ook lesers se reaksies op berigte oor grondonteiening sonder vergoeding is oorwegend negatief en dat hulle dikwels dieselfde kritiek lewer. Hy noem wel dat lesers soms idees gee van hoe grondonteiening sonder vergoeding kan werk of kommentaar lewer oor boere se rol in grondhervorming.

Ondanks hul indruk dat die gesprekvoering nie ten volle verteenwoordigend is nie, meen redaksieledes dat Maroela Media wel vir baie Afrikaanssprekendes ’n platform bied wat hulle nie andersins sou gehad het nie. Lourens sê Afrikaanssprekendes voel onderdruk en het nie die geleentheid om hul opinie te lewer oor sake wat hulle raak nie. “Hierdie [kommentare] is vir hulle ’n uitlaatklep,” sê Lourens. Daarom meen Lourens Maroela Media bied aan lesers ’n effektiewe platform om aan openbare gesprekke deel te neem.

Strydom sê leserskommentare kan aanleiding gee tot verdere nuusberigte oor die onderwerp met nuwe insette vanaf ander rolspelers. Meyer-Jansen sê ook leserskommentare is ’n geleentheid vir joernaliste om af te lei waaroor lesers onseker is of wat hul bekommernisse is. “Dit help joernaliste om die hoek of agenda van opvolgende berigte te bepaal,” sê Meyer-Jansen.

### **5.2.3.2 Tema 3: Kommentare**

Ontleding van leserskommentare op Maroela Media het aan die lig gebring dat die perspektief en belange van wit Afrikaanssprekendes oorwegend deur kommentare weerspieël word. Hierdie

kommentare wil dit laat voorkom of slegs wit mense deur grondonteiening sonder vergoeding geraak word. Voorbeelde van hierdie soort kommentare is:

Hulle gaan nie net die blankes se plase vat nie, maar ook hul huise in die dorpe en stede. (...) Blankes gaan in shacks in townships opeindig! (Sarie, Februarie)

Minister Mashabane, ek is wit en het nog nooit 'n stuk grond gehad waar ek my eie nessie kan oprig nie. (Rynhardt, Maart)

(...) die ironie daarvan dat blankes nou onderdruk word deur 'n diktatuur van die onverdraagsame en rassistiese meerderheid (...). (J.C., April)

Is ons as wit belasting betalers en huidige grond eienaars nie deel van hierdie land nie? (A.J., Augustus)

Dit is ook duidelik dat meeste van die mense wat kommentare lewer 'n sogenaamde “regse” politieke siening handhaaf. Hierdie siening blyk duidelik uit die volgende kommentare:

Die liberale witmense in SA leer mos nie voor hulle eers gebloei het nie. Nou sal hulle maar moet sien wat gaan gebeur. (JaNee, Februarie)

Julle het geluister en geval vir die liberales se leuns, net soos Europa nou doen. (Liberalis, Mei)

Die probleem met liberaliste is dat hulle geheue baie kort is. Hulle leer nie, val vir selfde leë beloftes na hul ondergang. (Kassiekas, Junie)

Kommentare bevat dikwels dieselfde negatiewe boodskap dat die regering onbevoeg is, grondonteiening sonder vergoeding katastrofiese gevolge sal hê en dat die Afrikaner hom moet beywer vir selfbeskikking:

Ons sal moet hard onderhandel vir selfbeskikking anders gaan ons alles verloor (Selfbeskikking, Maart)

Daar moet ook gevra word vir buitelandse fondse om huidige en nuwe selfbeskikkinggebiede te ontwikkel waar die Afrikaners kan konsentreer

soos menige meningsvormers propageer op Maroela Media. (Hendrik, April)

Baie mense gaan nog honger gaan slaap in die land as die ANC die boere weg jaag, (...). Maar gaan voort ANC julle gaan die nasie skade berokken. (Sieg, Julie)

VF+ moet baie gou vir ons ons eie land bewerkstellig, terwyl ons nog grond het om mee te onderhandel. (Eie land vir ons, Augustus)

Hoewel teenstrydige opinies in die minderheid is, is dit egter nie totaal afwesig nie en sommige kommentare verdedig ander rasse se standpunte:

(...) Neem verder in gedagte dat die amptelike syfer vir plaasmoorde op alle rasse insluit. Sowat 15% is swart slagoffers (...). (rollie a, Mei)

Die meeste swart mense is glad nie ten gunste van onteiening nie, slegs 'n handjievol opgestooktes. Almal is bang vir hongersnood en almal weet wat in Zimbabwe gebeur het. (Marie, Augustus)

Enkele kommentare is gekant teen selfbeskikking, hoewel dié lesers geen ander oplossing bied nie:

Afsonderlike ontwikkeling, ha ha. Ontwikkel net die blankes en neem die ander se menseregte weg. (...) julle apartheids-simpatiseerders is werklik lagwekkend. (rollie b, Mei)

Hoe dink julle gaan hierdie selfbeskikking verkry word (...). Ek sien geen meganisme wat ons blankes het om enigsins die regering twee keer te laat dink nie. (Dis so, Junie)

Sommige kommentare is ook ten gunste van grondonteiening sonder vergoeding:

Grondhervorming, 'n groeiende ekonomie en werkskepping is ononderhandelbaar vir vooruitgang en stabiliteit. Ondersteun dit en maak dit werk vir alle Suid Afrikaners. (Jerry, Junie)

Jerry, jy slaan die spyker op die kop. Die enigste pad vorentoe is om grondhervorming slim en strategies te ondersteun en dit te maak werk - en

sodoende seker te maak dit werk ten gunste van ALLE Suid Afrikaners.

(Frankie, Junie)

Soos in afdeling 5.2.2.2 genoem, word teenstrydige opinies egter dikwels met venynige en bespottende kommentare van ander lesers beantwoord.

Ontleding van kommentare wys verder dat beide boere én stedelinge van alle ekonomiese vlakke verteenwoordig word in Maroela Media se kommentaarafdeling. Die volgende kommentare is tekenend hiervan:

Ja ek is ook 'n boer met plaas waarop daar beeste loop, maar dit help nie ek mors my asem oor iets wat ek min beheer oor het nie. (Robert, Februarie)

Wel hierdie witte het net n huis in SA wat jy NOOIT sal kry nie. (Niel, Mei)

Ek besit nie 'n kar of enige grond nie...Ek wonder maar net, gaan hulle plek maak vir hierdie blanke man in Sandton of sal ek in 'n minder aanloklike plek 'n stukkie moet VAT? (En nou?, Augustus)

Ek is 'n boer in bloed en wese, al bly ek in die stad. (Michelle, Augustus)

Die sienings van plaaswerkers en ander rolspelers in die landbousektor word egter klaarblyklik glad nie in Maroela Media se kommentaarafdeling verteenwoordig nie. Dit blyk dus dat sommige Afrikaanssprekendes se opinies voorkeur op Maroela Media geniet.

#### **5.2.4 Tema 4: Ontstaan van 'n digitale gemeenskap**

Uit ontleding van beide die onderhoude en kommentare is dit duidelik dat Maroela Media daarin slaag om 'n digitale gemeenskap in Maroela Media se kommentaarafdeling tot stand te bring, soos lesers met mekaar in gesprek tree. Dit is egter nie duidelik hoe sterk die band is wat tussen lesers vorm nie.

##### **5.2.4.1 Tema 4: Semi-gestruktureerde onderhoude**

Redaksielede met wie onderhoude gevoer is, het aangedui dat 'n gemeenskap in die kommentaarafdeling van Maroela Media ontstaan waar Afrikaanse mense met mekaar in gesprek

kan tree. Bezuidenhout sê Maroela Media is 'n mediahuis in diens van die gemeenskap en wil die Afrikaanse gemeenskap uitbou en bevorder deur middel van interaksie.

Bezuidenhout meen leserskommentare is 'n belangrike manier waarop lesers met mekaar in gesprek kan tree en so deel van 'n Afrikaanse digitale gemeenskap kan vorm. “Dit is ook 'n manier om die Afrikaanse gemeenskap 'n stem te gee. Lede van hierdie gemeenskap het sterk opinies en dit is een van die min plekke waar hulle dit in Afrikaans kan lewer,” sê Bezuidenhout. Daarom, sê Bezuidenhout, is dit belangrik dat die kommentaarafdeling op Maroela Media behoue bly, al is dit harde werk om te monitor, soos in afdeling 5.2.1.1 genoem. Meyer-Jansen stem saam dat Maroela Media die kommentaarafdeling moet behou, omdat digitale media behels dat joernaliste interaktief met lesers kommunikeer en dat die gehoor onmiddellik terugvoer oor 'n saak kan gee. “Dit is belangrik dat mense moet kan deelneem aan die digitale gesprek. Maroela Media bied die lesers baie geleenthede om met ons en mekaar in gesprek te tree,” sê Meyer-Jansen.

Yolanda<sup>19</sup> meen Maroela Media kon daarin slaag om 'n gevoel van gemeenskap tussen verbruikers effektief te laat posvat. “Mense kan lekker saampraat, met mekaar klank en voel ander mense hoor hulle,” sê Yolanda. Lombaard beaam hierdie opinie en sê die gevoel van 'n Afrikaanse gemeenskap in Maroela Media se kommentaarafdeling word versterk soos mense aan die gesprek deelneem en hulp aan mede-lesers aanbied. Net so meen Heyns Maroela Media bied lesers die geleentheid om met mekaar en die nuuswebtuiste in gesprek te tree en aan hul frustrasies en bekommernisse uiting te gee.

#### 5.2.4.2 Tema 4: Kommentare

Uit ontleding van kommentare is dit duidelik dat lesers met mekaar in gesprek tree. Lesers verwys na vorige kommentare deur die “@”-teken voor die leser se naam te plaas na wie hulle verwys. So kan kommentare wat met mekaar verband hou maklik opgespoor word. Van hierdie kommentare sluit in:

@Casper dis baie goed gesê. Ek stem volkome saam met jou dit gaan moeilik wees om jou grond te vat as dit reeds op jou naam geregistreer is.  
(Mar P, Mei)

@Andre - die vordering wat gemaak is, is nie gering nie. Sowat 10 miljoen swartmense besit hul eie huise terwyl 84% van daardie huise ten volle

---

<sup>19</sup> Yolanda is die skuilnaam vir 'n voormalige redaksielid van Maroela Media wat nie geïdentifiseer wil word nie.

afbetaal is en daarteenoor het net 7.4% van wit huiseienaars hul huise ten volle betaal. (Casper Labuschagne, Mei)

@Deon: my grootste vrees is ook die sanksies. (TP, Augustus)

Die oorspronklike kommentators antwoord egter selde op kommentare wat hulle by name noem, met die gevolg dat 'n gesprek tussen lesers selde in die kommentaarafdeling ontstaan. Soos in afdeling 5.2.2.2 uitgewys, is baie kommentare wat na ander lesers verwys ook neerhalend of aanvallend, veral wanneer lesers nie met mekaar saamstem nie.

Uit die ontleding blyk dit ook dat lesers die geleentheid het om hul bekommernisse en vrae oor grondonteiening sonder vergoeding met mekaar te deel:

Ek sal graag wil weet hoe gaan dit nou werk? Wie en watse grond gaan hulle vat? (Marina, Februarie)

Ek lees so baie oor onteiening sonder vergoeding en ek weet daar is baie huise en plase wat reeds afbetaal is, maar wat van die waar daar nog verbande op is? (Mel, Februarie)

(...) wat van die enorme grondgebiede wat aan die tradisionele leiers behoort en wat aan hul volgelinge verhuur word. (Paul, Julie)

Is daar planne beraam saam met internasionale persone om die onteiening teë te staan? Wat het geword van die Australiese minister se voorstel van versnelde visums vir SA boere? (Andrea, Julie)

Hoewel baie van hierdie vrae onbeantwoord bly, is daar wel gevalle waar lesers op mekaar se vrae reageer. In Julie vra 'n leser, "Aalwyn Burger", wat by "Shell House" gebeur het en "dejaget" antwoord hom met 'n verduideliking dat oudpres. Nelson Mandela opdrag gegee het dat Zoeloe-betogers geskiet word. Die volgende antwoord verskyn op die leser "Rina" se vraag oor wat met die skuld op 'n eiendom gebeur wat sonder vergoeding onteien word:

@Rina - niemand weet verseker nie. Maar dit is hoe ek dit verstaan, jou eiendom is die sekuriteit vir 'n verband of lening. As die eiendom wegval het jy nie sekuriteit nie en sal jou lening onmiddellik betaalbaar word. (Casper Labuschagne, Augustus)



'n Ontleding van kommentare wys verder dat lesers raad gee aan ander of hulp aanbied. In een so 'n kommentaar gee 'n leser raad aan 'n arm leser wat nie 'n huis kan bekostig nie:

Juan as jy 'n erf koop en containers of siteform opsit kan jy n lekker huisie besit. Spaar op vir die deposito as jy kan. (Helizna, Mei)

Verskeie lesers bied ook aan om boere wie se grond sonder vergoeding onteien word, by te staan:

(...) Weet dat julle nie alleen staan. My hart bloei vir die deur wat nou oopgemaak moet word, dit gaan nie mooi wees maar moet gedoen word  
(...). (Michelle, Augustus)

Daar is baie baie dorpsmense wat boere sal help. Roep ons net na waar dit nodig is. (Nutraal, Augustus)

Die bevindings wat verkry is deur ontleding van kommentare stem klaarblyklik ooreen met redaksielede se persepsie dat 'n gemeenskap in die kommentaarafdeling vorm.

### 5.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk het die navorser bevindings uiteengesit wat verkry is deur 'n kwalitatiewe inhoudsontleding van redaksielede se antwoorde tydens semi-gestruktureerde onderhoude, sowel as leserskommentare op berigte oor grondonteiening sonder vergoeding.

Die bevindings is aan die hand van vier temas bespreek, wat vooraf en gedurende ontleding van die data geïdentifiseer is. Hierdie temas behels Maroela Media as platform vir konstruktiewe debat, vryheid van spraak en toeganklikheid op Maroela Media, Maroela Media as verteenwoordigend van alle Afrikaanssprekendes en die ontstaan van 'n digitale gemeenskap in die kommentaarafdeling van die webtuiste.

Hoewel antwoorde op onderhoude en leserskommentare aanvanklik apart ontleed is, is beide se bevindings in hierdie hoofstuk saam bespreek, ten einde 'n meer omvattende beskrywing van die aard van leserskommentare op Maroela Media te bied.

Bevindings het daarop gedui dat redaksielede poog om konstruktiewe debat te bevorder en 'n inklusiewe ruimte vir alle lesers te skep deur aanstootlike, onsinnige en emosioneel-gelaaide kommentare uit te wis. Ontleding van kommentare dui egter daarop dat debatte steeds soms onkonstruktief is en dat lesers afgesit kan word deur kommentare met 'n rassistiese ondertoon of wat ander lesers persoonlik aanval.

Bevindings dui ook daarop dat kommentare sommige groepe binne die Afrikaanse gemeenskap tot 'n groter mate verteenwoordig as ander groepe.

In die volgende hoofstuk sal die navorser die gevolgtrekkings wat uit die bevindings na vore gekom het, uiteensit, soos dit op elke navorsingsvraag betrekking het. Die finale hoofstuk dien ook as samevatting van die studie as geheel.

## Hoofstuk 6: Gevolgtrekking en slot

### 6.1 Inleiding

Die navorser het die voorafgaande hoofstukke gewy aan die agtergrond en omskrywing van die navorsingsprobleem, 'n literatuurstudie oor die navorsingsfenomeen, 'n uiteensetting van die teoretiese raamwerk en 'n verduideliking van die metode waarop data ingevorder en ontleed is, ten einde die navorsingsfenomeen te ondersoek. Die bevindings wat uit ontleding van semi-gestruktureerde onderhoude en leserskommentare gemaak is, is ook uiteengesit.

Die doel van hierdie studie was om te bepaal hoe effektief Maroela Media funksioneer as openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes, deur alle lede van hierdie taalgroep die geleentheid te bied om vrylik deel te neem aan die openbare gesprek oor grondonteiening sonder vergoeding. Ten einde hierdie doel te bereik, gebruik die navorser die laaste hoofstuk van hierdie tesis om die navorsingsprobleem aan te spreek, deur te verwys na die algemene en spesifieke navorsingsvrae, soos uiteengesit in Hoofstuk 1 (afdeling 1.8).

Met hierdie doel voor oë verskaf die navorser eerstens 'n kort opsomming van die literatuuroorsig, teoretiese raamwerk en navorsingsmetodologie van die studie.

### 6.2 Opsomming van literatuur, teorie en navorsingsmetodologie

#### 6.2.1 Literatuuroorsig

In Hoofstuk 2 het die navorser 'n oorsig verskaf van bestaande navorsing en literatuur oor verskeie konsepte wat verband hou met die betrokke navorsingsfenomeen. Die internet se rol binne die openbare sfeer is bespreek, insluitend hoe die internet toegang tot die openbare sfeer kan bevorder. Sodoende kon die navorser vasstel dat die internet die potensiaal het om die openbare sfeer te demokratiseer deur meer mense toegang tot die openbare gesprek te bied. Lede van die gemeenskap kan ook makliker aan politieke gesprekke soos grondonteiening sonder vergoeding deelneem deur self digitale inhoud te genereer en kommentaar te lewer oor hierdie kwessie. Dit is egter ook duidelik dat die internet nie altyd aan hierdie ideale voldoen nie, omdat 'n verskeidenheid digitale platforms gesprekke fragmenteer en polariseer. Nie almal het boonop toegang tot digitale kommunikasieplatforms nie.

Die literatuuroorsig het ook die kwessie van kommentaarafdelings op nuuswebtuistes bespreek en aangedui hoe dit lede van die gemeenskap se toegang tot en deelname aan die openbare sfeer kan bevorder. Hieruit is dit duidelik dat kommentaarafdelings die geleentheid bied vir 'n

groter verskeidenheid opinies om gelug te word en vir mediaverbruikers om in gesprek met mekaar en joernaliste te tree. Omdat slegs 'n klein, homogene groep gewoonlik in die kommentaarafdeling aktief is, kan dit egter 'n verwronge beeld van openbare opinie voorhou. Weens die groot aantal aanstootlike, sinnelose en irrelevante kommentare wat hier voorkom, bestaan die moontlikheid dat gesprekke wat hier plaasvind nie bydra tot konstruktiewe openbare debat nie. Dié kommentare kan ook ander lesers afskrik om waardevolle insette te lewer. Die literatuurstudie het bevind hierdie uitdagings word ook deur Afrikaanse digitale platforms ervaar.

Die navorser het verder die voorkoms en eienskappe van digitale gemeenskappe uiteengesit. Vanuit die literatuuroorsig is dit duidelik dat 'n aanlyngemeenskap in die kommentaarafdeling kan vorm, waar lede van hierdie gemeenskap met mekaar in gesprek tree en mekaar ondersteun. Só 'n aanlyngemeenskap kan 'n bepaalde minderheidsgroep se belange en deelname aan die politieke debat bevorder. Navorsers meen egter dat klomp gefragmenteerde digitale gemeenskappe moeilik 'n gesamentlike fokuspunt kan bied om werklik 'n invloed op politieke besluitneming te hê. Omdat 'n klein persentasie lesers boonop met mekaar in gesprek tree, kan noemenswaardige verhoudings nie hier vorm nie.

Deur literatuur te bestudeer oor Afrikaanssprekendes se toegang tot en deelname aan die digitale openbare sfeer kon die navorser verder vasstel dat Afrikaanssprekendes toenemend digitale platforms gebruik om inligting te kry, sosiaal te verkeer en hul identiteit uit te leef. Uit die literatuurstudie blyk dit dat Maroela Media, as Afrikaanse digitale platform, Afrikaanssprekendes wil verenig in 'n Afrikaanse digitale gemeenskap. Die nuuswebtuiste wil lesers ook die geleentheid bied om hul opinies te lug en vrylik deel te neem aan konstruktiewe openbare debatte.

Die navorser kon deur middel van hierdie omvattende literatuuroorsig bepaalde leemtes binne die navorsingsveld identifiseer. Die navorser kon vasstel dat weinig navorsing gedoen is oor die rol van Afrikaanse webtuistes in die skep en fasilitering van 'n openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes. Bestaande navorsing is boonop verouderd. Amper geen navorsing is ook ten tyde van die studie gedoen oor Afrikaanse nuuswebtuistes, en in die besonder Maroela Media, se rol met betrekking tot die openbare sfeer nie.

### **6.2.2 Teoretiese raamwerk**

Soos in Hoofstuk 3 bespreek, het die navorser besluit om beide die beginsels van die netwerk-aangedrewe openbare sfeer en die Ubuntu-benadering as normatiewe raamwerk te gebruik om Maroela Media se rol en effektiwiteit binne die Afrikaanse samelewing te beoordeel.

Die navorser voer aan dat Maroela Media as Suid-Afrikaanse media-organisasie aan die bepalings van die Ubuntu-benadering behoort te voldoen. Dit sluit in die skep van 'n openbare sfeer wat toeganklik is vir alle lede van die gemeenskap. Omdat die ontwikkeling van digitale netwerke die rol en werking van die openbare sfeer verander het, kon die navorser ook redeneer dat die openbare sfeer wat deur Maroela Media tot stand gebring word aan die bepalings van die netwerk-aangedrewe openbare sfeer moet voldoen. Daarom het die navorser 'n kombinasie van die beginsels van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer voorgestel as teoretiese raamwerk vir die navorsingstudie. Indien Maroela Media aan die ideale van beide hierdie beginsels sou voldoen, sou die nuuswebtuiste 'n openbare platform skep waar konstruktiewe debat van hoë gehalte plaasvind, wat uiteindelik 'n invloed op politieke prosesse sal hê. Maroela Media sou dan ook toeganklik wees vir alle lede van die gemeenskap en hulle toelaat om vrylik hul opinies oor politieke kwessies hier te lug. Laastens sou Maroela Media alle lede van die Afrikaanse gemeenskap op gelyke basis verteenwoordig.

Die doel van die studie was dus om vas te stel of Maroela Media aan dié ideale voldoen en só vir lede van die Afrikaanse gemeenskap toegang bied tot 'n openbare sfeer waar hulle belange bevorder word.

### **6.2.3 Navorsingmetodologie**

In Hoofstuk 4 het die navorser die navorsingsmetodologie bespreek deur 'n uiteensetting te gee van die kwalitatiewe navorsingsontwerp en te verduidelik waarom dit gepas is vir die betrokke studie. Ten einde 'n gevolgtrekking te maak oor Maroela Media se rol met betrekking tot die openbare sfeer het die navorser data ingevorder deur semi-gestruktureerde onderhoude met Maroela Media se redaksie te voer en leserskommentare vanaf die webtuiste in te vorder. Die data is apart ontleed deur middel van kwalitatiewe inhoudsontleding. Die prosesse van steekproefneming, data-invordering en data-ontleding is in meer besonderhede in Hoofstuk 4 bespreek, tesame met 'n uiteensetting van die etiese implikasies van die studie.

Uiteindelik kon die navorser die bevindings, soos gebaseer op 'n kwalitatiewe inhoudsontleding van die data van beide die onderhoude en leserskommentare saam in Hoofstuk 5 voorstel.

### 6.3 Beantwoording van navorsingsvrae

In hierdie afdeling word die navorsingsvrae beantwoord deur bevindings, soos uiteengesit in Hoofstuk 5, teen die agtergrond van die teoretiese vertrekpunt te ontleed.

#### **SV1: Wat is die aard van kommentare oor grondonteiening sonder vergoeding wat op die platform gelewer word?**

Uit die ontleding van onderhoude met redaksieledes is dit duidelik dat Maroela Media se redaksie deur streng monitering van kommentare probeer verseker dat debatte op die platform konstruktief, sinvol en relevant is en nie op haatspraak neerkom nie. Deur hul optrede blyk dit dat redaksieledes wil voldoen aan die ideale van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer, wat bepaal dat die media 'n openbare sfeer daarstel wat konstruktiewe en sinvolle debat bevorder en harmonie tussen lede van die gemeenskap bewerkstellig. Deur die tydgleuf vir kommentaarlewing te beperk tot 48 uur nadat 'n berig gepubliseer is, probeer die redaksie ook beter beheer uitoefen oor die gehalte van gesprekke op die platform.

Ontleding van kommentare wys egter dat Maroela Media nie altyd in hierdie doelwit slaag nie, omdat kommentare dikwels aanvallend, sinneloos en onderliggend rassisties is. Lesers lewer oningeligte opinies of raak emosioneel wanneer hulle van mekaar verskil. Hierdie tipe kommentare is teenstrydig met die beginsels van Ubuntu, omdat lesers só kwaadwillig of onvriendelik teenoor ander lede van die gemeenskap optree en dit onskuldige mense skade kan berokken. Soos in Hoofstuk 2 genoem is kommentaar wat aanstootlik en uitlokkend is, skadelik vir openbare diskoers.

Kommentare wat oormatig pessimisties en negatief is, bied ook nie konstruktiewe voorstelle in die debat oor grondonteiening sonder vergoeding nie. Redaksieledes meen ook dat debat wat hier plaasvind moeilik 'n invloed op die politieke kwessie van grondonteiening sonder vergoeding sal hê. Die literatuur in Hoofstuk 2 het ook daarop geïndikeer dat 'n toename in deelname aan politieke gesprekke nie gelykstaande is aan 'n toename in invloed oor politieke besluitneming nie.

'n Oënskynlike uitsondering is kommentare wat op Maroela Media se opinie-afdeling gelewer word. Ontleding van onderhoude en kommentare wys hierdie kommentare is oorwegend sinvol, beredeneerd en feitlik, wat bydra tot waardevolle insette oor die kwessie van grondonteiening sonder vergoeding. Konstruktiewe kommentare is egter in die minderheid.

Hieruit volg dit dat die aard van debatte wat op Maroela Media plaasvind oor die algemeen nie sinvol of konstruktief is nie en ook nie bydra tot die openbare gesprek oor grondonteiening sonder vergoeding nie. Daarom voldoen kommentare klaarblyklik nie aan die Ubuntu-geïnspireerde

ideale van 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer waar beredeneerde debatte van hoë gehalte plaasvind nie.

## **SV2: Hoe toeganklik is Maroela Media vir lede van die Afrikaanse gemeenskap?**

Volgens die bepalinge van die netwerk-aangedrewe openbare sfeer behoort Maroela Media 'n platform te skep wat vir alle lede van die Afrikaanse gemeenskap toeganklik is, sodat meer mense aktief aan die politieke gesprek kan deelneem. Die Ubuntu-raamwerk stem hiermee ooreen deur te vereis dat die media deelname aan alle vorme van die openbare sfeer aanmoedig. Uit die literatuur, soos uiteengesit in Hoofstuk 2, volg dit dat die internet vir mense groter geleentheid behoort te bied om deel te neem aan openbare gesprekke. Lede van die publiek sou dus veral in politieke debatte betrokke kon raak en hul stem laat hoor, omdat mense self inligting kan skep.

Uit die semi-gestruktureerde onderhoude blyk dit Afrikaanssprekendes kan maklik en gratis op Maroela Media kommentaar lewer en dat baie lesers van hierdie funksie gebruik maak. Redaksieledere erken egter dat aanstootlike of beledigende kommentare soms gepubliseer word, wat ander lesers met waardevolle bydraes kan verhoed om vrylik aan die openbare gesprek deel te neem. Tussen 25% en 50% van kommentare word boonop verwyder omdat dit nie strook met Maroela Media se riglyne en bepalinge vir kommentare nie. Hierdie maatreël kan veroorsaak dat groot gedeeltes van die Afrikaanse samelewing nie toegang tot die openbare sfeer verkry nie. Redaksieledere is egter oortuig dat lesers se vryheid van spraak nie hierdeur ingeperk word nie, aangesien lesers deeglik bewus is van die voorwaardes van Maroela Media se kommentaarbeleid. Dit wil voorkom of redaksieledere optree in ooreenstemming met die beginsels van Ubuntu, wat bepaal dat vryheid van spraak slegs aanvoerbaar is indien dit tot voordeel van die gemeenskap is. Uit kommentare is dit ook duidelik dat Maroela Media kritiek jeens die platform toelaat.

Redaksieledere is verder van mening dat Maroela Media 'n waardevolle uitlaatklep bied vir Afrikaanssprekendes wat voel hulle het nie die geleentheid om hul opinies en bekommernisse op ander platforms te lug nie. Deur kommentare te kan lewer, verkry lede van die Afrikaanse gemeenskap oënskynlik toegang tot die openbare sfeer.

'n Ontleding van kommentare wys verder dat talle kommentare onderliggend rassisties is teenoor mense uit ander rasgroepe as die wit gemeenskap. Hierdie kommentare is nie blatant rassisties nie, maar suggereer dat swart mense lui, dom en misdadigers is. Ander kommentare skep 'n gevoel van "ons en hulle", wat die boodskap kommunikeer dat "ons" (wit mense) deur "hulle" (swart mense) onderdruk en benadeel word. Hierdie tipe kommentaar kan Afrikaanssprekendes van ander rasse by die openbare gesprek uitsluit. Dit kan ook onenigheid veroorsaak tussen lede van die

Afrikaanse gemeenskap en lesers verhoed om vir 'n gemeenskaplike doel te verenig, soos beide die beginsels van 'n ideale netwerk-aangedrewe sfeer en Ubuntu bepaal. Kommentare is ook besonders aanvallend en neerhalend teenoor enigiemand wat nie 'n regse politieke ideologie handhaaf nie. Dit sluit in enige leser wat positiewe kommentaar jeens die ANC of grondonteiening sonder vergoeding lewer. Hierdie lesers word as “verraaiers” en “hensoppers” uitgekryt. Lesers van 'n linkse politieke oortuiging word skynbaar verhoed om aan die openbare debat deel te neem, omdat hulle bang is vir die reaksie wat hul kommentaar sal uitlok. Beide die onderhoude en leserskommentare wys egter ook dat nie alle lesers ontmoedig word deur kommentare wat hulle persoonlik aanval nie en nugter reageer op kritiek vanaf ander lesers. Hierdie bevinding stem ook ooreen met internasionale studies wat aandui dat veral rassistiese kommentare en haatspraak in nuuswebtuistes se kommentaarafdelings voorkom.

Hieruit vloei dat Maroela Media slegs op beperkte wyse vir Afrikaanssprekendes toegang bied tot die openbare sfeer en dus gedeeltelik voldoen aan die beginsels van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer. Dit bevestig ook soortgelyke studies (soos uiteengesit in Hoofstuk 2) dat die internet nie noodwendig groter toegang tot die openbare sfeer bied nie.

### **SV3: Wie se opinies word op Maroela Media verteenwoordig?**

Die beginsels van Ubuntu bepaal dat joernaliste alle lede van 'n bepaalde samelewing se belange op gelyke basis moet verteenwoordig en met hulle in gesprek tree, ten einde hul insette oor openbare kwessies te kry. In ooreenstemming hiermee moet 'n ideale netwerk-aangedrewe openbare sfeer verseker dat verbruikers met teenstrydige opinies gekonfronteer word en hulle verenig in 'n gesamentlike openbare sfeer met 'n eenvormige doel. Volgens die literatuur wat vir hierdie studie bestudeer is, kan die aanlynplatforms ook die media se demokratiese funksie versterk deur 'n groter diversiteit van opinies te verteenwoordig.

Die onderhoude wys dat Maroela Media 'n groot verskeidenheid opinies voorstel. Dit sluit in die opinies van lesers van verskillende ouderdomme en politieke oortuigings. Leserskommentare wys dat insette van Afrikaanssprekendes in beide stede en die platteland, sowel as van verskeie ekonomiese klasse, op Maroela Media verteenwoordig word. Teenstrydige opinies, soos kommentare wat positief is jeens die regering en grondonteiening sonder vergoeding, of opinies wat die belange van ander rasse as wit Afrikaanssprekendes verteenwoordig, verskyn ook op Maroela Media. Hierdie kommentare is wel in die minderheid. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van navorsingstudies in Hoofstuk 2 genoem, wat aandui dat kommentaarafdelings op nuuswebtuistes geleentheid bied vir 'n groter verskeidenheid opinies om gehoor te word. Die voorkoms van



uiteenlopende standpunte oor grondonteiening sonder vergoeding is ook tekenend dat Maroela Media, as netwerk-aangedrewe openbare sfeer, nie lesers polariseer en 'n eensydige gesprek teweegbring, soos sommige kritici beweer, nie.

Hoewel 'n verskeidenheid opinies op die platform voorkom, word teenstrydige opinies nie op gelykmatige wyse verteenwoordig, soos die beginsels van Ubuntu vereis, nie. Redaksieledereken dat insette vanaf vroue en jonger lesers in die minderheid is en dat die platform nie daarin slaag om alle Afrikaanssprekendes se opinies voor te stel nie. Net 'n klein persentasie lesers lewer boonop kommentaar op berigte, wat 'n verdere aanduiding is dat nie alle lesers se opinies op die platform verteenwoordig word nie. Hierdie gevolgtrekking stem ooreen met vorige navorsing wat aandui dat 'n klein gedeelte van lesers aan die openbare gesprek deelneem.

Leserskommentare dui ook aan dat opinies uit wit lesers se perspektief, wat wit Afrikaanssprekendes se belange bevorder, meermale in Maroela Media se kommentaarafdeling gelug word. Meeste kommentare is ook negatief teenoor grondonteiening sonder vergoeding en bevorder die regse siening dat Afrikaanssprekendes hulle moet beywer vir selfbeskikking. Die oorheersing van eensydige opinies vanaf 'n klein persentasie lesers in die kommentaarafdeling kan meebring dat hierdie opinies verkeerdelik as die meerderheid Afrikaanssprekendes se perspektief aanvaar word. Soos in Hoofstuk 2 genoem, kan 'n bevooroordeelde gesprek ontstaan wanneer dieselfde tipe lesers kommentaar lewer, wat gevolglik ook ander lede van die samelewing kan ontmoedig om deel te neem aan die gesprek.

Plaaswerkers en ander rolspelers in die landboubedryf se stemme is klaarblyklik heeltemal afwesig in die kommentare onder aan berigte oor grondonteiening sonder vergoeding.

Nog 'n manier waarop lede van 'n bepaalde gemeenskap binne 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer verteenwoordig word, is deur die ontstaan van digitale gemeenskappe, soos verduidelik in Hoofstuk 2. Digitale gemeenskappe, wat ook in nuuswebtuistes se kommentaarafdelings teenwoordig is, bevorder die belange van 'n bepaalde gemeenskap en bied minderhede binne die gemeenskap groter geleentheid om deel te neem aan die openbare gesprek. Soos in Hoofstuk 3 genoem, kan Ubuntu uitgeleef word deur deel te vorm van 'n gemeenskap.

Die bevindings van hierdie studie dui aan dat 'n digitale gemeenskap wel in Maroela Media se kommentaarafdeling vorm. Lesers tree in gesprek met Maroela Media en met mekaar, beantwoord mekaar se vrae en ondersteun mekaar deur hulp en raad aan te bied. Gesprekke is egter oorwegend eensydig en lesers antwoord selde op kommentare wat hulle direk betrek. Omdat die vorm van 'n digitale gemeenskap vereis dat alle lesers aktief met mekaar in gesprek tree, kan die navorser tot die gevolgtrekking kom dat lede van die digitale gemeenskap wat in Maroela Media se

kommentaarafdeling vorm, nie besonders geheg is aan mekaar nie. Hierdie verskynsel doen afbreuk aan die digitale gemeenskap se vermoë om minderhede binne die gemeenskap te verteenwoordig.

Hoewel talle uiteenlopende opinies op Maroela Media gelewer word, is dit duidelik dat 'n enkele segment binne die Afrikaanse gemeenskap se opinie voorkeur op Maroela Media se webtuiste geniet en almal klaarblyklik nie op gelyke basis verteenwoordig word nie. Hierdie verskynsel is teenstrydig met die bepalings van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer. Dit bevestig ook die bevindings van soortgelyke studies (bespreek in Hoofstuk 2) wat wys dat die internet nie sy potensiaal verwesenlik deur die openbare sfeer volkome te demokratiseer en 'n verskeidenheid opinies verteenwoordig nie.

Die navorser sal nou die drie spesifieke navorsingsvrae in die algemene navorsingsvraag opsom, ten einde 'n algemene gevolgtrekking oor die navorsingstudie te maak.

### **Hoe bevorder Maroela Media Afrikaanssprekendes se toegang tot en deelname aan die openbare sfeer, met spesifieke betrekking tot gesprekke rondom grondonteiening sonder vergoeding?**

Uit die bevindings van hierdie studie is dit duidelik dat Maroela Media dieselfde tipe uitdagings in sy kommentaarafdeling ervaar as nuuswebtuistes wat deur ander navorsers bestudeer is, waar aggressiewe en aanstootlike kommentare die openbare diskoers skade berokken. Dít ten spyte van redaksielede se strewe na die ideale van Ubuntu deur kommentare streng te modereer ten einde konstruktiewe gesprekke van hoë gehalte te verseker. Gevolglik word lesers meermale ontnem van toegang tot 'n platform waar hulle kan deelneem aan sinvolle gesprekke wat 'n daadwerklike verandering in die kwessie van grondonteiening sonder vergoeding kan teweeg bring. Daarom stem Maroela Media in hierdie opsig nie ooreen met die ideale van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer nie omdat dat dit nie 'n ruimte skep waar beredeneerde debatte kan plaasvind nie.

Toegang tot Maroela Media word meermale bemoeilik deur die rassistiese en aanvallende aard van sommige leserskommentare. Maroela Media se beleid om kommentare te verwyder wat nie aan die nuuswebtuiste se riglyne voldoen nie, verhoed ook sommige lesers om hul opinies te lug, al kan hierdie opinies op haatspraak neerkom. Daarom voldoen die nuuswebtuiste nie ten volle aan die bepalings van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer om toegang vir alle lede van die gemeenskap te waarborg nie. Nietemin bied die webtuiste steeds meer en makliker geleenthede vir Afrikaanssprekendes om deel te neem aan die openbare gesprek deur kommentaar te lewer as wat andersins vir hulle moontlik sou wees. Hierdie stem ooreen met literatuur oor die internet, wat bevind dat die internet deelname aan politieke gesprekke vergemaklik.

Dit is verder duidelik dat Maroela Media slegs gedeeltelik daarin slaag om alle lede van die Afrikaanssprekende gemeenskap te verteenwoordig en wydverspreide deelname aan openbare politieke gesprekke te bevorder. Hoewel 'n verskeidenheid Afrikaanssprekendes se insette op die webtuiste verteenwoordig word, misluk Maroela Media daarin om aan die ideale van Ubuntu te voldoen, aangesien wit Afrikaanssprekendes van 'n regse politieke oortuiging se opinies klaarblyklik meer prominent op die webtuiste voorgestel word. Maroela Media moedig wel groter interaksie tussen lesers, asook tussen lesers en joernaliste, aan deur die vorm van 'n digitale gemeenskap. Hoewel die verbinding tussen lede van die gemeenskap nie besonders sterk is nie, kan die navorser redeneer dat die webtuiste wel ooreenstem met die beginsels van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer, deur lesers binne 'n gemeenskap te verenig.

#### **6.4 Algemene gevolgtrekking**

Die doel van hierdie navorsingstudie was om te bepaal hoe effektief Maroela Media funksioneer as openbare sfeer vir Afrikaanssprekendes, deur alle lede van hierdie taalgroep die geleentheid te bied om vrylik deel te neem aan die openbare gesprek oor grondonteiening sonder vergoeding.

Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat Maroela Media Afrikaanssprekendes se toegang tot en deelname aan die openbare sfeer slegs gedeeltelik bevorder. Dit is omdat debatte oor grondonteiening sonder vergoeding meermale nie konstruktief is of 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die openbare politieke gesprek nie. Baie Afrikaanssprekendes het die geleentheid om aan die openbare debat op Maroela Media deel te neem. Desnieteenstaande kan aanstootlike, rassistiese en aggressiewe kommentare bepaalde lesers uitsluit of ontmoedig om aan die debat deel te neem. Die webtuiste verteenwoordig boonop nie alle Afrikaanssprekendes op gelyke basis nie, hoewel 'n verskeidenheid opinies op die webtuiste teenwoordig is.

Daarom is die navorser van mening dat Maroela Media nie voldoen aan die ideale van die openbare sfeer, in ooreenstemming met die vereistes van Ubuntu en die netwerk-aangedrewe openbare sfeer, nie, omdat alle lede van die Afrikaanse gemeenskap nie vrylik kan deelneem aan konstruktiewe gesprekke oor grondonteiening sonder vergoeding nie.

#### **6.5 Beperkings van die studie**

Die studie het op slegs een nuuswebtuiste betrekking gehad en het op slegs een nuusonderwerp gefokus. Daarom kan die bevindings van die studie nie veralgemeen word of van toepassing gemaak word op ander media-organisasies of selfs ander nuusonderwerpe op Maroela Media nie.

Hoewel die navorser met 'n klein aantal redaksielede onderhoude gevoer het, kon die navorser daarin slaag om amper alle redaksielede wat kommentaar op berigte oor grondonteiening sonder vergoeding in 2018 gemonitor het, by die studie te betrek. Slegs een redaksielid het Maroela Media sedertdien verlaat en die navorser kon haar nie in die hande kry nie. Die steekproef is dus verteenwoordigend van redaksielede aan Maroela Media, al is dit 'n klein hoeveelheid.

Die navorser was aanvanklik van plan om persoonlike onderhoude met al die deelnemers te voer, maar twee van die deelnemers kon slegs per e-pos bereik word. Die navorser kon egter steeds daarin slaag om in-diepte inligting per e-pos in te win en deelnemers was bereid om opvolgvrae ook per e-pos te beantwoord.

Wimmer en Dominick (2011:122) waarsku teen die gevaar van reaktiwiteit, wanneer die situasie verander omdat die navorser betrokke is en dit dus die uitkomst van die studie kan beïnvloed. Deelnemers kon moontlik antwoorde verskaf het wat hulle dink Maroela Media in 'n positiewe lig stel. Dit kon om die beurt die bevindings skeeftrek. Die navorser is egter oortuig dat deelnemers eerlik en volgens hul eie oortuigings geantwoord het, veral aangesien die navorser 'n rapport met deelnemers kon vestig.

Die navorser het ten volle toegang gehad tot alle leserskommentare wat tussen Februarie en Augustus op berigte oor grondonteiening sonder vergoeding gelewer is. Hierdie tydperk het 'n groot volume berigte en kommentare opgelewer en die navorser is oortuig dat hierdie data 'n geloofwaardige gevolgtrekking met betrekking tot die bepaalde navorsing kon lewer. Dit kan egter wees dat sommige berigte oor grondonteiening sonder vergoeding tydens die invorderingsproses oor die hoof gesien is, omdat dit nie die frases bevat wat gebruik is om berigte op te spoor nie. Nietemin is die navorser oortuig dat 'n groot genoeg steekproef gebruik is en dat die navorser nie tot ander gevolgtrekkings sou kom indien meer berigte by die studie ingesluit is nie.

Omdat die navorser slegs kommentare ontleed het wat goedgekeur is en op die platform verskyn het, kan die navorser nie gevolgtrekkings maak oor die geldigheid daarvan om kommentare te verwyder of die aard van kommentare wat aanvanklik gelewer is nie.

Soos in Hoofstuk 4 (afdeling 4.4) genoem, kan kwalitatiewe inhoudsontleding nie die effek van 'n mediaboodskap op die gehoor ontsluit nie. Dit is dus moontlik dat aanstootlike of sinnelose kommentare nie ander lesers daarvan afgeskrik het om hul opinie te lewer, soos die navorser aangevoer het, nie. Dit is ook moeilik om te bepaal wat die invloed van lesers se gesprekke in Maroela Media se kommentaarafdeling op die politieke kwessie van grondonteiening sonder vergoeding het. Daarom het die navorser staatgemaak op redaksielede se persepsie hiervan, ten einde 'n gevolgtrekking met betrekking tot kommentare se politieke invloed te kon maak.

Tydens die ontledingsproses het die navorser probeer vasstel wat die onderliggende bedoeling of stemtoon van kommentare was. Die navorser neem egter kennis dat geskrewe kommentaar moontlik anders interpreteer kan word as wat die skrywer daarmee bedoel het. Derhalwe kon die navorser 'n kommentaar as aanvallend of aggressief interpreteer, terwyl dit nie so bedoel is nie. Omdat die navorser daarop gefokus het om data deurlopend objektief te benader, is die navorser egter van mening dat lesers kommentare op soortgelyke wyse sou ervaar as wat die navorser het.

## **6.6 Aanbevelings aan Maroela Media**

Ten einde 'n netwerk-aangedrewe openbare sfeer te vestig wat voldoen aan die bepalings van die Ubuntu-benadering, sal Maroela Media moet verseker dat die debat meer konstruktief, sinvol en onemosioneel moet wees. Kommentare moet ook minder aanvallend en afbrekend teenoor ander lesers wees, sodat lesers die vrymoedigheid sal hê om hul opinie te lewer, al is dit teenstrydig met die hoofstroom mening op Maroela Media. Joernaliste kan dit regkry deur kommentare strenger te monitor en te verseker dat geen sinnelose, emosionele, aanvallende of onderliggend rassistiese kommentare gepubliseer word nie.

Aangesien die literatuurstudie in Hoofstuk 2 gewys het dat mediaverbruikers meer geneig is om aanstootlike kommentaar te lewer wanneer hul opinie anoniem gepubliseer het, kan Maroela Media hul lesers dwing om onder hul eie naam kommentaar te lewer, deur byvoorbeeld vooraf op die webtuiste te registreer met 'n geldige e-pos en kontaknommer. Maroela Media het aangedui dat hulle reeds in di proses is om dienooreenkomstige maatreëls in plek te stel.

Die navorser is van mening dat, indien die aard van kommentare meer sinvol en minder aanstootlik is, Afrikaanssprekendes van diverse demografieë en politieke oortuigings ook meer geneig sal wees om hul opinies te lewer. Dit sal beteken dat 'n groter verskeidenheid van Afrikaanse stemme op die platform gehoor word, wat 'n groter verskeidenheid van die Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig.

## **6.7 Aanbevelings vir toekomstige navorsing**

Hierdie studie het 'n blangrike bydra gelewer tot navorsing oor Afrikaanse webtuistes as ruimte vir openbare deelname deur die Afrikaanse gemeenskap. Binne die digitale medalandskap het leserdeelname ontsettend belangrik geword en word die sukses van 'n degitale artikel deels gemeet aan die mate waartoe lesers daarmee in gesprek tree. Lesers se kommentaar op artikels is daarom 'n belangrike instrument van deelname, en 'n onderwerp waarop al meer navorsers hul toespits.

Hierdie studie lewer 'n belangrike bydrae tot hierdie debat, deurdat dit fokus op 'n bepaalde segment van die samelewing wat toenemend gemarginaliseer voel in 'n nuwe politieke bestel. Die leserskommentaar lewer inderwaarheid 'n blik op die denke en oortuigings van hierdie deel van die samelewing. Boonop fokus die debat op grondonteiening, wat 'n belangrike en eietydse gespreksonderwerp is. Die studie bring verskeie resente bronne byeen, wat ook van waarde sal wees vir navorsers wat in die toekoms op hierdie onderwerp wil fokus.

Toekomstige navorsing kan fokus op leserskommentare op ander Afrikaanse nuuswebtuistes, soos Netwerk24, om te bepaal hoe kommentare met dié op Maroela Media vergelyk en of Netwerk24 vir Afrikaanse lesers meer of minder toegang tot die openbare sfeer bied.

Navorsers kan ook 'n vergelyking tref tussen verskillende nuusonderwerpe op Maroela Media, om te bepaal of verskillende onderwerpe dieselfde soort kommentare uitlok en dieselfde mate van toegang tot die openbare sfeer bied.

Soos in afdelinge 6.6 genoem, werk Maroela Media tans aan 'n stelsel om kommentare beter te bestuur, ten einde die gehalte van debatvoering op die webtuiste te verbeter (K. Bezuidenhout, persoonlike kommunikasie, Junie 27, 2019). Dit behels dat lesers met 'n geldige e-posadres op die webtuiste registreer voor hulle kommentaar kan lewer (Bezuidenhout, 2019). Indien 'n leser kommentaar lewer wat teenstrydig is met die webtuiste se riglyne kan die leser aangespreek of selfs geblokkeer word daarvan om verdere kommentaar te lewer (Bezuidenhout, 2019). Toekomstige navorsing kan dus hierdie studie se metodologie herhaal, ten einde die resultate te vergelyk en kyk of die aard van kommentare verander het nadat bogenoemde stelsel geïmplementeer is.

Nog 'n moontlike navorsingonderwerp kan fokus op lesers se ervaring van Maroela Media as openbare platform, deur byvoorbeeld 'n opname onder lesers te doen.

## Verwysings

- Abdelhady, D. 2011. *The Lebanese diaspora: The Arab immigrant experience in Montreal*. New York: New York University Press.
- Ads24. 2019. *Our brands* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.ads24.co.za/>. [2019, Junie 5].
- AfriForum. g.d. *Bestuursbiografieë* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.afriforum.co.za/oor-ons/personeel/>. [2019, Junie 5].
- Al-Rawi, A. 2017. Facebook and virtual nationhood: Social media and the Arab Canadians community. *AI & Society: Journal of Knowledge, Culture and Communication* [Elektronies]. Beskikbaar: <https://link.springer.com/article/10.1007/s00146-017-0742-3>. [2019, Januarie 24].
- Anderson, B. 1991. *Imagined communities: Reflections on the origin and spread of nationalism*. Londen: Verso.
- Baillie-Stewart, A. 2017. An exploration of South African news organisations' #FeesMustFall tweet-activity on the Twitter networked public sphere. Ongepubliseerde meestersgraadtesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Beardsley, R. 2017. *The potential of virtual communities in the publishing ecosystem* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.publishersweekly.com/pw/by-topic/digital/content-and-e-books/article/72499-the-potential-of-virtual-communities-in-the-publishing-ecosystem.html>. [2019, Januarie 27].
- Beckett, C. 2012. Communicating for change: Media and agency in the networked public sphere. *Polis* [Elektronies]. Beskikbaar: <http://eprints.lse.ac.uk/48813/1/Communicating-For-Change.pdf>. [2019, Maart 5].
- Benkler, Y. 2006. *The wealth of networks: How social production transforms markets and freedom*. New Haven, Connecticut: Yale University Press.
- Benkler, Y. 2011. A free irresponsible press: Wikileaks and the battle over the soul of the betworked fourth estate. *Harvard Civil Rights-Civil Liberties Law Review*, 46(2): 311-397.
- Benkler, Y., Roberts, H., Faris, R., Solow-Niederman, A. & Etling, B. 2013. Social mobilization and the networked public sphere: Mapping the SOPA-PIPA debate. *Berkman Centre Research Publication*, 2013(16).
- Bergman, M.M. 2010. Hermeneutic content analysis: Textual and audiovisual analyses within a mixed methods framework, in A. Tashakkori & C. Teddlie (reds.). *SAGE handbook of mixed methods in social & behavioral research*. Thousand Oaks: SAGE Publications, 379-396.
- Bezuidenhout, K. 2019a. Persoonlike onderhoud. 9 April, Centurion.
- Bezuidenhout, K. 2019b. Laaste paar vrae oor Maroela, e-pos aan E. Krige [Aanlyn], 27 Junie. Beskikbare e-pos: [elaine@skole.co.za](mailto:elaine@skole.co.za).
- Borgesius, F.J.Z., Trilling, D., Möller, J., Bodó, B., De Vreese, C.H. & Helberger, N. 2016. Should we worry about filter bubbles? *Internet Policy Review*, 5(1): 1-16.
- Bosch, T. 2017. Twitter activism and youth in South Africa: The case of #RhodesMustFall. *Information, Communication and Society*, 20(2): 221-232.
- Bruns, A. & Highfield, T. 2015. Is Habermas on Twitter? Social media and the public sphere, in A. Bruns, G. Enli, C. Christensen, A.O. Larsson & E. Skogerbo (reds.). *The Routledge Companion to Social Media and Politics* [Kindle-weergawe]. Beskikbaar: [www.ebooks.com](http://www.ebooks.com) [2019, Maart 22].
- Cameron, J. 2017. *Statistics show: Afrikaans is more black than white – and international*.

*No longer 'oppressors' language"?* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.biznews.com/global-citizen/2017/04/28/afrikaans-language-black-white>. [2019, Augustus 19].

Castells, M. 2000. Toward a sociology of the network society. *Contemporary Sociology*, 29(5): 693-699.

Cavalcante, A. 2016. 'I did it all online': Transgender identity and the management of everyday life. *Critical Studies in Media Communication*, 33(1): 109-122.

Chabalala, J. 2017. *English will be only language of record in courts – Mogoeng* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/english-will-be-only-language-of-record-in-courts-mogoeng-20170929>. [2019, Augustus 25].

Cheng, J., Danescu-Niculescu-Mizil, C. & Leskovec, J. 2015. *Antisocial behaviour in online discussion communities*. Aanbieding van die negende internasionale AAAI Conference on Web and Social Media, Oxford, Engeland, 26-29 Mei [Elektronies]. Beskikbaar: <https://www.aaai.org/ocs/index.php/ICWSM/ICWSM15> [2019, Januarie 29].

Christians, C.G. 2004. Ubuntu and communitarianism in media ethics. *Ecquid Novi*, 25(2): 235-256.

Cornelius, J. & Jordan, B. 2015. *Apartheid ways die hard on SA beaches* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2015-01-05-apartheid-ways-die-hard-on-sa-beaches/>. [2019, Augustus 25].

Daily Maverick. 2019. *Got something to say? Daily Maverick wants to hear it* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.dailymaverick.co.za/article/2019-02-25-got-something-to-say-daily-maverick-wants-to-hear-it/>. [2019, Augustus 25].

Daily Maverick. g.d. *Comments policy* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.dailymaverick.co.za/comments-policy/>. [2019, Maart 26].

Daniels, L. 2018. *Ten interesting findings from Statistics South Africa's latest report* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.iol.co.za/news/politics/ten-interesting-findings-from-statistics-south-africas-latest-report-15631253>. [2019, Augustus 25].

De Beer, A.S., Malila, V., Beckett, S. & Wasserman, H. Binary opposites – Can South African journalists be both watchdogs and developmental journalists? *Journal of African Media Studies*, 8(1): 35-53.

De la Poype, A. & Sood, S. 2012. Public sphere dialogue in online newspapers and social spaces: The nuclear debate in post Fukushima. *Public Communication Review*, 2(2): 30-47.

De Waal, M. 2015. *Complicit in a tide of hate and violence* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://mg.co.za/article/2015-07-16-complicit-in-a-tide-of-hate-and-violence>. [2019, Augustus 25].

De Wet, K. 2003. e-Afrikaans: digitale publikasies en publikasieforums in Afrikaans. *Tydskrif van die Afrikaanse letterkunde vereniging*, 15(1), Maart: 302-319.

Duggan, M. 2014. *Online harassment* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pewinternet.org/2014/10/22/online-harassment/>. [2019, Augustus 25].

Du Plessis, E. 2016. Etiese aspekte in navorsing, in I. Joubert, C. Hartell & K. Lombard (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnervorsers*. Pretoria: Van Schaik, 73-82.

Du Plooy, G.M. 2009. *Communication research: Techniques, methods and applications*. Kaapstad: Juta.

Dyke-Beyer, B.H. 2018. #PennySparrow and South African race conflicts online: Evaluating Twitter as a democratic public sphere. Ongepubliseerde meestersgraadtesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.



- Engelbrecht, A. 2016. Kwalitatiewe navorsing: Data-insameling en -analise, in I. Joubert, C. Hartell & K. Lombard (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnavorsers*. Pretoria: Van Schaik, 109-127.
- Enjolras, B. & Steen-Johnsen, K. 2017. The digital transformation of the political public sphere, in F. Engelstad, H. Larson, J. Rogstad & K. Steen-Johnsen (reds.). *Institutional change in the public sphere: Views on the Nordic model*. Boston: De Gruyter. 99-117.
- Everything you need to know about digital platforms. 2016, September 22. Life of a B2B software marketer [Weblogplasing]. Beskikbaar: <http://stephane-castellani.com/everything-you-need-to-know-about-digital-platforms/> [2019, Maart 27].
- Fetterman, D.M. 2009. Ethnography, in L. Bickman & D.J. Rog (reds.). *The SAGE handbook of applied social research methods*. London: SAGE, 543-588.
- Findlay, K. 2015, Oktober 7. Maroela Media's online growth [Weblogplasing]. Beskikbaar: <https://www.rsaweb.co.za/maroela-medias-online-growth/> [2019, Februarie 27].
- Finnemann, N.O. 2011. Mediatization theory and digital media. *Communications*, 36(1): 67-89.
- Flick, U. 2009. *An introduction to qualitative research*. 4de uitgawe. Londen: SAGE.
- Fourie, P.J. 2007. Approaches to the study of mass communication, in P.J. Fourie (red.). *Media studies: Media history, media and society*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta, 91-180.
- Fourie, P.J. 2010. African Ubuntuism as a framework for media ethics: Questions and criticism, in S.J.A. Ward & H. Wasserman (reds.). *Media ethics beyond borders: A global perspective*. New York: Routledge, 105-122.
- Fourie, P.J. 2017. Normative media theory in the digital media landscape: From media ethics to ethical communication. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 43(2): 109-127.
- França, L.P. 2014. New opportunities for development journalism: Enlarging the public sphere with ICTs. Ongepubliseerde meestersgraadtesis. Lissabon: Universiteit van Lissabon.
- Freedom House. 2017. *Freedom on the net 2017: South Africa* [Aanlyn]. Beskikbaar: [https://freedomhouse.org/sites/default/files/FOTN%202017\\_South%20Africa.pdf](https://freedomhouse.org/sites/default/files/FOTN%202017_South%20Africa.pdf) [2019, Januarie 12].
- Friedland, L.A, Hove, T. & Rojas, H. 2006. The networked public sphere. *Javnost - The Public: Journal of the European Institute for Communication and Culture*, 13(4): 5-26.
- Friemel, T.N. & Dötsch, M. 2015. Online reader comments as indicator for perceived public opinion, in M. Emmer & C. Strippel (reds.). *Kommunikationspolitik für die digitale Gesellschaft*. Berlyn: Vrye Universiteit van Berlyn, 151-172.
- Graham, T. 2015. Every day political talk in the internet-based public sphere, in S. Coleman & D. Freelon (reds.). *Handbook of digital politics*. Cheltenham: Edward Elgar Publishing, 247-263.
- Habermas, J. 1989. *The structural transformation of the public sphere: An inquiry into a category of bourgeois society*. Oxford, Londen: Polity.
- Hartell, C. & Bosman, L. 2016. Beplanning van 'n navorsingsvoorstel vir nagraadse studie, in I. Joubert, C. Hartell & K. Lombard (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnavorsers*. Pretoria: Van Schaik, 19-49.
- Hermann, D. 2016. *Vyf jaar van Maroela en een miljoen lesers later* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/debat/rubrieke/vyf-jaar-van-maroela-en-een-miljoen-lesers-later/>. [2019, Augustus 25].
- Heyns, T. 2019. Persoonlike onderhoud 9 April, Centurion.

- Iafrica. 2018. *Agri SA: Read reports on land expropriation with caution* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.iafrica.com/agri-sa-read-reports-on-land-expropriation-with-caution/>. [2019, Augustus 25].
- International Telecommunication Union. 2018. *Measuring the information society: Volume 1*. Geneve.
- Jackson, S.J., Bailey, M. & Welles, B.F. 2018. #GirlsLikeUs: Trans advocacy and community building online. *New Media and Society*, 20(5): 1868-1888.
- Janeke, A. 2018. *Graan SA oor onteiening: Ons is saam hierin* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/graan-sa-oor-onteiening-ons-is-saam-hierin-20180308>. [2019, Augustus 25].
- Jordaan, M. 2018. *Newswork in transition: An ethnography of Netwerk24*. Ongepubliseerde doktorsverhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Joubert, J. 2018. *Parlement aanvaar onteiening sonder vergoeding* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/parlement-aanvaar-onteiening-sonder-vergoeding/>. [2019, Augustus 25].
- Kepe, T. & Hall, R. 2016. *Commissioned report for high level panel on the assessment of key legislation and the acceleration of fundamental change, an initiative of the Parliament of South Africa* [Aanlyn]. Beskikbaar: [https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Pages/2017/october/High\\_Level\\_Panel/Commissioned\\_Report\\_land/Commissioned\\_Report\\_on\\_Land\\_Redistribution\\_Kepe\\_and\\_Hall.pdf](https://www.parliament.gov.za/storage/app/media/Pages/2017/october/High_Level_Panel/Commissioned_Report_land/Commissioned_Report_on_Land_Redistribution_Kepe_and_Hall.pdf) [2019, Augustus 25].
- Kruger, F. 2017. What should journalism do in a new democracy. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 43(2): 23-38.
- Lehohla, P. 2016. *Community survey 2016 in brief*. Pretoria: Statistieke Suid-Afrika.
- Lei Y., Pereira J.A., Quach S., Bettinger J.A., Kwong J.C. & Corace K. 2015. Examining perceptions about mandatory influenza vaccination of healthcare workers through online comments on news stories. *PLoS One*, 10(6):1-12.
- Lombaard, S. 2017. *Redakteursbrief: Dankie, ons 1,6 miljoen lesers!* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/redakteursbrief-dankie-ons-1-6-miljoen-lesers/>. [2019, Augustus 25].
- Lombaard, S. 2019. Persoonlike onderhoud. 9 April, Centurion.
- Lombard, K. 2016. Steekproefneming, in I. Joubert, C. Hartell & K. Lombard (reds.). *Navorsing: 'n Gids vir die beginnavorsers*. Pretoria: Van Schaik, 93-106.
- Lourens, M. 2019. Nuusredakteur, Maroela Media. Centurion: Persoonlike onderhoud. 9 April.
- Lopez-Gonzalez, H., Guerrero-Solé, F. & Larrea, O. 2014. Community building in the digital age: Dynamics of online sports discussion. *Community and Society*, 27(3): 83-105.
- Luqiu, L.R. 2018. Counter-hegemony: Grassroots use of the internet to save dialects in China. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 39(8): 663-674.
- Lutz, C. & Hoffmann, C.P. 2017. The dark side of online participation: Exploring non-, passive and negative participation. *Information, Communication & Society*, 20(6): 876-897.
- Mahlouly, D. 2013. Rethinking the public sphere in a digital environment: Similarities between the eighteenth and the twenty-first centuries. *eSharp*, 20(6): 1-21.
- Malinen, S. 2015. Understanding user participation in online communities: A systematic literature review of empirical studies. *Computers in Human Behavior*, 46(5): 228-238.

- Maroela Media. g.d. *Oor ons* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/oor-ons/>. [2019, Augustus 25].
- Maroela Media. g.d. *Bepalings en voorwaardes* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/bepalings-en-voorwaardes/>. [2019, Augustus 25].
- Maroela Media aanlyn belangriker as Afrikaanse koerante. 2014, Augustus 5. *Die Afrikaanse Opinieplatform* [Weblogplasing]. Beskikbaar: <https://opinieplatform.co.za/2014/08/05/maroela-media-aanlyn-belangriker-as-afrikaanse-koerante/> [2019, Februarie 27].
- Marrian, N. 2018. *Ramaphosa's late night shock – ANC will amend constitution on land* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.businesslive.co.za/bd/national/2018-07-31-breaking-news-anc-to-change-constitution-to-expropriate-land/>. [2019, Junie 18].
- Matačinskaitė, J. 2011. The internet as a “public sphere”: The New York Times website case study. *Science Journal (Communication and Information)*, 4: 88-105.
- Matebeni, Z. 2018. *#RhodesMustFall - It was never just about the statue* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://za.boell.org/2018/02/19/rhodesmustfall-it-was-never-just-about-statue>. [2019, Maart 27].
- Mboti, N. 2015. Can the real Ubuntu please stand up? *Journal of Media Ethics*, 30: 125–147.
- McKenzie, R. 2017. Closing online comments: A case study of News24. Ongepubliseerde meestersgraadtesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- McQuail, D. 2010. *McQuail's mass communication theory*. 6de uitgawe. Londen: SAGE.
- Metz, T. 2015. African ethics and journalism ethics: News and opinion in light of Ubuntu. *Journal of Media Ethics: Exploring Questions of Media Morality*, 30(2): 74-90.
- Meyer-Jansen, E. 2019. Persoonlike onderhoud. 9 April, Centurion.
- Mouton, J. 2001. *How to succeed in your masters and doctoral studies*. Pretoria: Van Schaik.
- Nagiller, J. 2013. The deliberative potential of online discussions on news portals, in V. Dander, V. Gründhammer, H. Ortner, D. Pfurtscheller & M. Rizzolli (reds.). *Medienräume: Materialität und Regionalität*. Innsbruck: Innsbruck University Press, 91-106.
- Nakano, D. & Muniz, J. 2018. Writing the literature review for emperical papers. *Production* [Elektronies], 28(1). Beskikbaar: [http://www.scielo.br/scielo.php?script=sci\\_arttext&pid=S0103-65132018000100203](http://www.scielo.br/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0103-65132018000100203) [2019, Augustus 25].
- Narratiive. 2018. *South Africa online* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.iabsa.net/news-events/research/>. [2019, Februarie 25].
- Ndong, J., Mzolo, M. & Bensiali-Hadaud, M. 2018. *Reporting on land reform: A path riddled with pitfalls*. Johannesburg: Media Monitoring Africa.
- Nechushtai, E. & Lewis, S.C. What kind of news gatekeepers do we want machines to be? Filter bubbles, fragmentation and the normative dimensions of algorithmic recommendations. *Computers in Human Behaviour*, 90(1): 298-307.
- Netwerk24. g.d. *Bepalings en voorwaardes* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.netwerk24.com/Bladsye/Gebruikersvoorwaardes/BEPALINGS-VOORWAARDES-20151030>. [2019, Maart 25].
- Ngcebetsha, T. g.d. *Land expropriation without compensation long overdue* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.freedompark.co.za/stay-informed/opinion-pieces/3380-land-expropriation-without-compensation-is-long-overdue.html>. [2019, Maart 25].
- Nielsen, C.E. 2013. Coproduction or cohabitation: Are anonymous online comments on newspaper websites shaping news content? *New Media & Society*, 16(3): 470-487.

- Niselow, T. 2018. *Land committee receives 140 000 submissions, faces 'nightmare' planning for hearings* [Aanlyn]. Besikbaar: <https://mg.co.za/article/2018-05-08-land-committee-receives-140-000-submissions-faces-nightmare-planning-for-hearings>. [2019, Augustus, 25].
- Omarjee, L. 2017. *ANC reaches resolution on land reform* [Aanlyn]. Besikbaar: <https://www.fin24.com/Economy/anc-reaches-resolution-on-land-reform-20171220>. [2019, Augustus 25].
- Oosthuizen, L.M. 2014. *Media ethics in the South African context: An introduction and overview*. 2de uitgawe. Kaapstad: Juta.
- Otago Polytechnic's Community Learning Centres. g.d. *Digital Communication Technologies (DCT)* [Aanlyn]. Besikbaar: <https://clcs.weebly.com/digital-communication-technologies-dct.html>. [2019, Maart 27].
- Park, D., Sachar, S., Diakopoulos, N. & Elmqvist, N. 2016. Supporting comment moderators in identifying high quality online news comments, in *Proceedings of the 2016 CHI Conference on Human Factors in Computing Systems*. San Jose: University of Maryland, 1114-1125.
- Paul. 2018. *Nuuskommentaar: Kweek gronddiskoers kamers vol haat?* [Aanlyn]. Besikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/nuuskomentaar/nuuskomentaar-kweek-gronddiskoers-kamers-vol-haat/>. [2019, Junie 1].
- Pelser, W. 2017. *Die goeie (en slegte nuus) vir Afrikaans* [Aanlyn]. Besikbaar: <https://maroelamedia.co.za/afrikaans/die-goeie-en-slegte-nuus-vir-afrikaans/>. [2019, Augustus 25].
- The Pew Research Center. g.d. *About Pew Research Center* [Aanlyn]. Besikbaar: <https://www.pewresearch.org/about/>. [2019, Augustus 1].
- Pretorius, L. 2016. Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56(2): 372-390.
- Qwerty Digital. 2017. *The digital landscape in South Africa 2017: A data driven look at South Africa's relationship with digital* [Elektronies]. Besikbaar: <https://qwertydigital.co.za/wp-content/uploads/2017/08/Digital-Statistics-in-South-Africa-2017-Report.pdf> [2019, Januarie 12].
- Randolph, J.J. 2009. A guide to writing the dissertation literature review. *Practical Assessment Research and Evaluation*, 14(13): 1-13.
- Rap, J. 2018, Januarie 2. *Afrikaans het verdwyn* [Weblogplasing]. Besikbaar: <https://www.litnet.co.za/afrikaans-het-verdwyn/> [2018, Augustus 25].
- Rasmussen, T. 2016. *The internet soapbox: Perspectives on a changing public sphere*. Universitetsforlaget.
- Reese, S.D. & Schoemaker, P.J. 2016. A media sociology for the networked public sphere: The hierarchy of influences model. *Mass Communication and Society*, 19(4): 389-410.
- Republiek van Suid-Afrika. 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika: Hoofstuk 2, Handves van Regte*.
- Republiek van Suid-Afrika. g.d. *South Africa's people* [Aanlyn]. Besikbaar: <https://www.gov.za/about-sa/south-africas-people>. [2019, Augustus 25].
- Rodny-Gumede, Y. 2015. An assessment of the public interest and ideas of the public in South Africa and the adoption of Ubuntu journalism. *Journal of Media Ethics: Exploring Questions of Media Morality*, 30(2): 109-124.
- Rodny-Gumede, Y. 2018. *Revisiting the role of the news media and journalism in South Africa: Convergence, fragmentation and decolonization*. Intreerede, 13 Julie, Stellenbosch [Elektronies]. Besikbaar:

- <https://www.uj.ac.za/newandevents/Documents/Inaugural%20lectureRevisiting%20the%20role%20of%20the%20news%20media%20and%20journalism.pdf>. [17 April 2019].
- Roodt, D. 2012, Maart 27. *Die Afrikaner se digitale hoofweg na vryheid* [Weblogplasing]. Beskikbaar: <http://praag.co.za/?p=12303> [28 September 2018].
- Rösner, L. & Krämer, N.C. 2016. Verbal venting in the social web: Effects of anonymity and group norms on aggressive language use in online comments. *Social Media + Society*, 2(3): 1-13.
- Schwering, M. 2014, Julie 24. *Internet and public sphere: What the web can't do. Reset dialogues on civilizations* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.resetdoc.org/story/internet-and-public-sphere-what-the-web-cant-do/>. [2019, Augustus 25].
- Senekal, B. 2015. Eentaligheid, integrasie en assosiasiegerigheid in sosiale netwerke: 'n Literatuuroorsig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(3): 356-372.
- Skalski, P.D., Neuendorf, K.A. & Cajigas, J.A. 2017. Content analysis in die interactive media age, in K.A. Neuendorf. *The content analysis guidebook*. 2de uitgawe. Cleveland: SAGE, 201-242.
- Solidariteit. g.d. *Groter Solidariteit Beweging* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://solidariteit.co.za/groter-solidariteit-beweging/>. [2019, Junie 18].
- South African History Online. 2012. *The 1992 whites only referendum 'for' or 'against' a negotiated constitution* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.sahistory.org.za/topic/1992-whites-only-referendum-or-against-negotiated-constitution>. [2019, Mei 28].
- Spies, M. 2018. 'n Ondersoek na die rolbelewenis van Afrikaanse joernaliste wat oor politiek verslag doen by Netwerk24, Maroela Media, eNuus en KykNET Verslag. Ongepubliseerde meestersgraadtesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Statistieke Suid-Afrika. 2019. *General Household Survey, 2018* [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://www.statssa.gov.za/?page\\_id=1854&PPN=P0318&SCH=7652](http://www.statssa.gov.za/?page_id=1854&PPN=P0318&SCH=7652) [2019, Junie 5].
- Strydom, N. 2019. Persoonlike onderhoud. 9 April, Centurion.
- Swarts, J.J. 2009. Identiteitsvorming in die Afrikaanse blogosfeer. Ongepubliseerde meestersgraadtesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- The Media Online. 2014, Junie 2. *Afrikaans social networking site 'Toeter' goes live* [Weblogplasing]. Beskikbaar: <http://themediamonline.co.za/2014/06/afrikaans-social-networking-site-toeter-goes-live/> [2018, September 13].
- The Norwegian National Committees for Research Ethics. 2016. *Guidelines for research ethics in the social sciences, law and the humanities* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.etikkom.no/en/ethical-guidelines-for-research/guidelines-for-research-ethics-in-the-social-sciences--humanities-law-and-theology/>. [2019, Julie 3].
- Toepfl, F. & Piwoni, E. 2015. Public spheres in interaction: Comment sections of news websites as counterpublic spaces. *Journal of Communication*, 65(3): 465-488.
- Ugangu, W. 2012. Normative media theory and the rethinking of the role of the Kenyan Media in a changing social and economic context. Ongepubliseerde doktorsverhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Universiteit Stellenbosch. 2013. *Policy for responsible research conduct at Stellenbosch University* [Elektronies]. Beskikbaar: <http://www.sun.ac.za/english/policy/Documents/Research%20Ethics%20Policy.pdf> [2019, Augustus 6].

- Universiteit Stellenbosch. g.d. *Human research (humanities) ethics* [Aanlyn]. Beskikbaar: [https://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/integrity-ethics/human-research-\(humanities\)-ethics](https://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/integrity-ethics/human-research-(humanities)-ethics). [2019, Augustus 25].
- Van Heerden, S. 2019a. Vraelys vir Maroela Media joernaliste, e-pos aan E. Krige [Aanlyn], 26 Maart. Beskikbare e-pos: elaine@skole.co.za.
- Van Heerden, S. 2019b. Maroela se nuutste lesersgetalle, e-pos aan E. Krige [Aanlyn], 5 Junie. Beskikbare e-pos: elaine@skole.co.za.
- Van Niekerk, F. 2013. Die rol en regulering van internetdiskoerse op die NG Kerk se webplatforms in die daarstelling van 'n publieke sfeer. Ongepubliseerde meestersgraadtesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Die Vryburger. 2017. *Grondonteiening wyd verwerp* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.dievryburger.co.za/2017/12/grondonteiening-wyd-verwerp/>. [2019, Augustus 25].
- Webster, F. 2006. *Theories of the information society* [Elektronies]. Beskikbaar: <https://cryptome.org/2013/01/aaron-swartz/Information-Society-Theories.pdf> [2019, Maart 22].
- Wêreld-redakteursforum. 2013. *Online comment moderation: Emerging best practices*. Darmstadt: WAN-IFRA.
- Wessler, H. & Freudenthaler, R. 2017. *Public sphere* [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.oxfordbibliographies.com/view/document/obo-9780199756841/obo-9780199756841-0030.xml>. [2019, Januarie 14].
- What is Wordpress? Explained for beginners* [Aanlyn]. g.d. Beskikbaar: <https://kinsta.com/knowledgebase/what-is-wordpress/>. [2019, Augustus 3].
- Wicks, J. 2017. *Penny Sparrow will probably die in hiding, says daughter* [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2017-08-07-penny-sparrow-will-probably-die-in-hiding-says-daughter/>. [2019, Maart 27].
- Wimmer, R.D. & Dominick, J.R. 2011. *Mass media research: An introduction*. 9de uitgawe. Boston: Wadsworth.
- Wu, T.Y. & Atkin, D. 2017. Online news discussions: Exploring the role of user personality and motivations for posting comments on news. *Journalism and Mass Communication Quarterly*, 94(1): 61-80.
- Yolanda [Anonieme redaksielid]. 2019. Vraelys vir Maroela Media joernaliste, e-pos aan E. Krige [Aanlyn], 26 Maart.
- Zhang, Y. & Wildemuth, B. 2009. Thematic content analysis, in B. Wildemuth (red.). *Applications of social research methods to questions in information and library science*. Westport: Libraries Unlimited, 308-319.

### Verwysingslys van leserskommentare

- Adam. 2018. Grondbesetters steek gebou aan die brand met gesin binne. Maroela Media, kommentaar, 3 Junie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/grondbesetters-steek-gebou-aan-die-brand-met-gesin-binne/>. [2019, Junie 1].
- AI. 2018. Grondonteiening: Sakeliggaam wil met partye vergader. Maroela Media, kommentaar, 19 April [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/grondonteiening-sakeliggaam-wil-met-partye-vergader/>. [2019, Junie 1].

- AJ. 2018. Ramaphosa sê ANC gaan Grondwet verander. Maroela Media, kommentaar, 1 Augustus [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/ramaphosa-se-anc-gaan-grondwet-verander/>. [2019, Junie 1].
- Albe. 2018. Boere moet weier om grond af te staan. Maroela Media, kommentaar, 12 Augustus [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/boere-moet-weier-om-grond-af-te-staan/>. [2019, Junie 1].
- All lifes matter. 2018. Memorandum oor grondhervorming aan ambassades oorhandig. Maroela Media, kommentaar, 10 Mei [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/memorandum-oor-grondhervorming-aan-ambassades-oorhandig/>. [2019, Junie 1].
- Alwyn Burger. 2018. Gryp van Zoeloegrond kan lei tot 'n tweede Shell House. Maroela Media, kommentaar, 9 Julie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/gryp-van-zoeloegrond-kan-lei-tot-n-tweede-shell-house/>. [2019, Junie 1].
- Amelita. 2018. Lesse uit die eerste twee dae se grondverhore. Maroela Media, kommentaar, 28 Junie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/lesse-uit-die-eerste-twee-dae-se-grondverhore/>. [2019, Junie 1].
- Andre. 2018a. Ramaphosa en EFF bots oor grondhervorming. Maroela Media, kommentaar, 8 Mei [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/ramaphosa-en-eff-bots-oor-grondhervorming/>. [2019, Junie 1].
- Andre. 2018b. Uitsprake oor grondhervorming bewys gevaarlike dubbele standaarde. Maroela Media, kommentaar, 8 Julie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/uitsprake-oor-grondhervorming-bewys-gevaarlike-dubbele-standaarde/>. [2019, Junie 1].
- Andrea. 2018. Suid-Afrikaanse regering se onteieningsplanne in Nederland bespreek. Maroela Media, kommentaar, 13 Julie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/suid-afrikaanse-regering-se-onteiening-onteiening-sonder-vergoeding/>. [2019, Junie 1].
- Andries. 2018. Parlement aanvaar onteiening sonder vergoeding. Maroela Media, kommentaar, 27 Februarie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/parlement-aanvaar-onteiening-sonder-vergoeding/>. [2019, Junie 1].
- Aneja. 2018. Memorandum oor grondhervorming aan ambassades oorhandig. Maroela Media, kommentaar, 10 Mei [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/memorandum-oor-grondhervorming-aan-ambassades-oorhandig/>. [2019, Junie 1].
- Annie. 2018. Chaos by verhoor oor onteiening sonder vergoeding. Maroela Media, kommentaar, 26 Julie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/chaos-by-verhoor-oor-onteiening-sonder-vergoeding/>. [2019, Junie 1].
- Anoniem. 2018. Parlement aanvaar onteiening sonder vergoeding. Maroela Media, kommentaar, 27 Februarie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/parlement-aanvaar-onteiening-sonder-vergoeding/>. [2019, Junie 1].
- At. 2018. Grondonteiening: Nasionale Forum vir Dialoog 'eensydig, ongeloofwaardig'. Maroela Media, kommentaar, 25 Maart [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/grondonteiening-nasionale-forum-voor-dialoog-eensydig-ongeloofwaardig/>. [2019, Julie 3].
- Bad Prit. 2018. Parlement aanvaar onteiening sonder vergoeding. Maroela Media, kommentaar, 27 Februarie [Aanlyn]. Beskikbaar: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/parlement-aanvaar-onteiening-sonder-vergoeding/>. [2019, Junie 1].
- bgj van der Westhuizen. 2018. Uitsprake oor grondhervorming bewys gevaarlike dubbele standaarde. Maroela Media, kommentaar, 8 Julie [Aanlyn]. Beskikbaar:

<https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/uitsprake-oor-grondhervorming-bewys-gevaarlike-dubbele-standaarde/>. [2019, Junie 1].

